Big Time, 25 Awakenings, 23 Abjater, 20

# Vrye Weekblad

22 Maart 1991 Prys: R1,50 (R1,33 + 17c AVB)



## Gee ons grond terug!

### 'Laat die erwe van ons vaad're vir ons kinders erwe bly,' pleit ontwortelde gemeenskappe

**Verkragting binne die huwelik: 'n man se reg en 'n vrou se plig?**

**Basta met die rekenmeester, die omgewingsmeester kom**

**Só lyk Lothar se appèl**

**'Rooi' Carl is eintlik 'n doodgewone Boer**

V WB Die nuustydskrif. Op 5 April

# Man dood weens 'misdryf' van polisieman

'N LANDDROS van Krugersdorp het dié week bevind dat 'n jong man, Seswai Lenient Molapo, dood is weens 'n "misdryf" van 'n polisieman van die Krugersdorpse Moord- en Roofeenheid.

Molapo is dood tydens polisieaanhouding en landdros Meyburg het bevind dat sy dood "veroorsaak is deur 'n handeling of versuim wat 'n misdryf aan die kant van die speurder, adj-off Charles Muller uitmaak".

Die landdros het in haar bevinding oor die ondersoek gesê Muller "weerspreek" homself, het "botsende getuienis" voor die hof gegee en dat sy getuienis "deurspek" is van "weersprekings, dubbelsinnigheid en onduidelikheid".

Sy het gesê Muller was "deurgaans vaag en ontwykend" in sy getuienis.

"Die getuie se getuienis word ook gekenmerk deur ernstige weersprekings," het die landdros bevind. "Daar bestaan by my geen twyfel dat... daar blatante leuens vertel is nie."

Die landdros sê ook dat Muller en die speuder, adj-off Jakes van Niekerk van dieselfde tak wat ook getuig het, se getuienis oor sekere aspekte van die dood van Molapo aan die "absurde grens".

Muller en Van Niekerk het getuig dat Molapo weens epilepsie in die polisiekantoor dood is.

Molapo is deur Van Niekerk by sy werkplek in Honeydew opgelaai om 'n klag van gewapende roof te ondersoek.

Die landdros het bevind dat mediese getuienis geen tekens toon van epilepsie nie en twee patoloë, wat die nadoodse ondersoek gedoen het, het gewys dat Molapo versmoor het.

"Van Niekerk en Muller se getuienis is nie vereenselwigbaar met die mediese getuienis nie. Beëdigde verklarings van sy (Molapo) werkgewer ... wys dat daar met die oorledene se gesondheid niks geskort het nie.

"Die simptome van die dood soos beskryf deur die twee polisiebeamptes is totaal onbekend aan dr Kemp (die patoloog) en is volgens hom nie 'n epileptiese aanval nie," bevind die landdros.

"Deurgaans moet 'n mens voor oë hou dat 'n persoon in blakende gesondheid vanaf sy werkplek verwyder is en binne 'n kort tydjie morsdood was... Die gebeure skreeu om 'n verduideliking deur Muller wat in beheer van die oorledene was."

Die hoof van Moord- en Roofeenheid van Krugersdorp, kapt Johan Steyn, het gesê Muller en Van Niekerk "werk nog en daar is nog niks stappe teen hulle geneem nie".

"Daar is niks probleme nie. Dit was mos maar net 'n landdros se bevinding en die saak is na die Prokureur-generaal verwys."

Die ondersoek-beampte van die saak, kapt Hester Steyn van Krugersdorp, het gesê die prokureur-generaal het nog nie die klagtes teen Muller en Van Niekerk ontvang nie "en sal dit seker eers laat vanmiddag of môre ontvang".

"Intussen werk Muller en Van Niekerk nog. Dit was mos nie 'n kriminele saak nie, net 'n bevinding deur 'n landdros," het sy gesê.

Die Departement van Justisie het gesê die PG ondersoek die saak.

Muller het gesê: "Ek weet nie wat nou met my gaan gebeur nie. Die saak is na die PG verwys. Ek weet net ek is onskuldig," het hy gesê. Verder wou hy nie kommentaar lewer nie.

**- PEARLIE JOUBERT**

# Só pleit Neethling vir appèl

REGTER Johan Kriegler het gefouteer om na Dirk Coetzee se hele loopbaan as bevelvoerder van 'n polisie-moordbende te kyk om te bepaal of hy 'n geloofwaardige getuie is of nie. Al waaroor die regter moes beslis, was of Coetzee wel gif van generaal Lothar Neethling ontvang het of nie.

Dié argument is een van die grondslae waarop Neethling, hoof van die wetenskaplike en tegniese dienste van die polisie, volgende maand na die Johannesburgse Hooggeregshof gaan om Kriegler te probeer oortuig dat hy verlof tot appèl moet toestaan.

"Die gronde waarop hierdie aansoek berus, is dat die eiser 'n redelike vooruitsig op sukses in 'n appèl het, dat die bedrag skadevergoeding geëis 'n substansiële bedrag is en dat die saak van groot belang vir die partye is."

Kriegler het in Januarie vanjaar beslis dat Neethling wel gif aan Coetzee verskaf het en dat die oud-polisieman se getuienis in alle opsigte waar en geloofwaardig was. Hy het gelas dat Neethling die koste van twee van Vrye Weekblad se advokate moet betaal.

Vrye Weekblad gaan Neethling se aansoek om appèl beveg omdat die koerant glo dat Kriegler alle faktore en feite rondom die saak in aanmerking geneem het. Die aansoek tot appèl word op 2 April in die Johannesburgse Hooggeregshof aangehoor.

Neethling se nuwe senior advokaat, Fanie Cilliers, het pas sy hoofde van argumente aan Vrye Weekblad se prokureurs oorhandig. Volgens dié argumente gaan Cilliers aanvoer dat Kriegler wesenlike foute in sy uitspraak begaan het en dat Neethling 'n goeie kans op sukses in die Appèlhof sal hê.

Neethling het ná sy mislukte aansoek in die Johannesburgse Hooggeregshof van sy oorspronklike senior advokaat, Willy Oshry, en sy prokureur ontslae geraak en 'n nuwe regspan aangestel.



**Genl Lothar Neethling**

Neethling sê in sy aansoek dat Kriegler feitebevindings gemaak het oor die optrede van Coetzee wat ver verwyder is van die feitegeskil - die kwessie rondom die verskaffing van gif - en dat hy daarom nooit probeer het om dit te weerlê nie. Die hof moes Coetzee se getuienis wat nie verband gehou het met die verskaffing van gif nie, buite rekening gelaat het.

Daar word ook kritiek uitgespreek oor Kriegler se bevinding dat die geskil oor die verskaffing van gif hoofsaaklik gedraai het rondom die drie sogenaamde "sentrale momente" - Coetzee se beskrywing van Neethling se huis en kantoor en die groen telefoonboekie waarin die generaal se nommers voorkom.

Kriegler was verkeerd toe hy die afleiding gemaak het dat Coetzee die gif moet ontvang het bloot omdat sy beskrywing van die persele reg was. Sy hoeveelheid kennis van Neethling se huis en kantoor is nie 'n aanduiding van die waarheid van sy bewerings nie. Die hof het die verkeerde aspekte van Coetzee se beskrywings buite rekening gelaat.

Die hof moes Coetzee se motief om die eiser vals te betrek, sy vermoë om valse getuienis te fabriseer en sy leuenagtige gedragspatroon ook in aanmerking geneem het. Coetzee het 'n geneigdheid om getuienis te vervals en het 'n erkende motief het om wraak op die polisie en Neethling te neem.

Kriegler moes ook nie bevind het dat daar geen enkele voorbeeld was waar Coetzee in sy getuienis voor hom gelieg het nie. Die hof moes bevind het dat daar belangrike voorbeelde daarvan was.

Neethling het nooit die bedoeling gehad om òf die Harms-kommissie òf Kriegler te mislei nie. Die generaal het bloot bespiegel oor sekere aspekte nadat hy gevra was om 'n mening uit te spreek oor wat Coetzee se bronne van inligting was. Dit het nie betrekking gehad op die wesenlike feitegeskil in die saak nie.

Die hof moes, in ag genome Coetzee se motief, sy leuenagtige geskiedenis en neigings, die feit dat sy gedrag in die getuiebank nie deur die regter beoordeel kon word nie en die onwaarskynlikheid van sy weergawe, bevind het dat die bewerings wel lasterlik was en dat Neethling se eis met koste moes slaag.

**- JACQUES PAUW**

# Geldprobleme ry Raad van Kerke

'N VELDWERKER van die Suid-Vrystaatse Raad van Kerke (SVRK) het verdwyn met R93 000 wat bedoel was vir die afhanklikes van aangehoudenes in die jongste van 'n reeks probleme met geldsake wat streeksrade van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) die afgelope jare teister.

Na verneem word kon die finansiële state van die SVRK vir die tweede agtereenvolgende jaar nie geouditeer word nie weens die chaotiese toestand waarin die administrasie van die liggaam verkeer.

Die veldwerker wat met die geld verdwyn het, Sipho Rani, kon nog nie opgespoor word nie. Hy het klaarblyklik bankrekeninge in die naam van fiktiewe aangehoudenes geopen waarin gereeld geld gestort is. Toe die SARK opvolg-verslae oor die "aangehoudenes" aanvra, het Rani verdwyn en skuil nou glo in Transkei.

Die voorsitter van die SVRK, ds G Sapete, kon nie per telefoon bereik word nie, maar na bewering het verskeie raadslede die afgelope twee jaar bedank uit protes teen die wyse waarop dié streeksraad bestuur word. Een raadslid het gesê daar is in die verlede verskeie kere versoek dat Rani opvolg-verslae oor die aangehoudenes en hulle afhanklikes indien, maar dat die versoeke geïgnoreer is.

Dit volg kort nadat die Wits Raad van Kerke (WRK) einde Januarie sy deure moes sluit nadat ook dié raad vir die derde agtereenvolgende jaar geen geouditeerde state vir sy finansiële uitgawes van by die R1 miljoen per jaar kon indien nie. Na verneem word is daar duisende rande waarvan geen rekenskap gegee is nie, terwyl ander finansiële verslae onvolledig is.

Ds Sipho Masimola, voorsitter van die ontbinde WRK, kon ook nie per telefoon bereik word nie.

Dr Francois Bill, hoofadministrateur van SARK, sê die WRK is "nooit van wanbestuur beskuldig nie", maar die finansiële verslae wat aan die einde van die 1988-, en wéér aan die einde van die 1989-boekjaar ingedien is, was nie aanvaarbaar nie omdat dit nie behoorlik geouditeer is nie.

Laasjaar is die WRK gewaarsku dat stappe gedoen sal word indien die patroon herhaal word. "Ons het hulle gesê dit is noodsaaklik om behoorlik geouditeerde verslae van uitgawes en inkomstes te hê. Daar is staande voorskrifte en prosedures wat gevolg moet word. Ons het mense gestuur om hulle te help om hul finansies te bestuur, maar teen Augustus het ons nog nie 'n woord op papier ontvang nie.

"Daarna het herhaaldelike gesprekke gevolg, en hulle is kans gegun tot die einde van laasjaar om hulle sake reg te stel. Teen die einde van Desember het ons nog niks van hulle gehoor nie.

"Ons het toe nie die personeel se salarisse betaal en die Wits-raad gewaarsku dat alle betalings aan die einde van Janaurie gestaak gaan word. Hulle het toe besluit om die WRK se deure te sluit."

'n Vergadering word binnekort met kerkleiers in die streek gehou om te bepaal watter projekte van die WRK gered kan word. Van die projekte is tuinbouprojekte, opvoedkundige projekte by Wilgespruit, verskeie adviessentrums en die versorging van boemelaars in Braamfontein.

'n Jaar of wat gelede moes die Boland Raad van Kerke toemaak weens die té vrygewige aanwending van studie- en huislenings en ook die KwaZulu Raad van Kerke moes sluit weens onreëlmatighede in die aanwending van geld. Die probleme met streeksrade besorg die SARK hoofbrekens.

Dringende stappe word op die oomblik gedoen om groter administratiewe beheer oor die streeksrade te verkry, wat tot op datum heeltemal outonoom gefunksioneer het. Streeksrade se volle finansiële begroting word deur die SARK gedra, en die SARK verwag dat daar jaarliks volledige geouditeerde finansiële verslae aan hom verskaf word.

'n Rekenmeester is aangestel om die Direkteur van Streeksrade, ds Abraham Maja, by te staan. Streeksrade gaan voortaan as takke van die SARK funksioneer, sê Bill. "Ons wil nie beleid op die plaaslike vlak dikteer nie, maar 'n raamwerk verskaf waarbinne streeksrade kan funksioneer."

Gevra oor die redes vir die ernstige probleme in sommige streeksrade, sê Bill: "Streeksrade het in 'n krisissituasie sonder behoorlike beplanning beslag gekry. Mense het daar ingekom omdat hulle geesdriftig en oortuig was van die saak en nie noodwendig omdat hulle daarvoor gekwalifiseerd was nie.

"Probleme wat ontstaan het, was nie uit kwaadwilligheid nie, maar meestal uit onkunde, 'n gebrek aan die nodige ervaring en opleiding. Wat die enkele geval van bewese diefstal in die Suid-Vrystaat betref, het ons reeds 'n klag teen 'n junior veldwerker gelê en hoop dat dit volledig ondersoek gaan word."

**- INA VAN DER LINDE**

# 'Bevry Bophuthatswana'

LONDEN - BOPHUTHATSWANA se president Lucas Mangope "behoort die gees van versoening te aanvaar en te strewe na herinlywing by Suid-Afrika," sê sy teenstander, Rocky Malebana-Metsing, wat in die 1988-staatsgreep 'n paar uur lank tot president van Bophuthatswana verklaar is.

Malebana-Metsing, 'n voormalige leier van die tans verbode Progressive People's Party in dié tuisland, woon nou in ballingskap in Brittanje.

Hy is 'n lid van die ANC en sê dié organisasie hanteer nou sy aansoek om vrywaring teen vervolging. Hy hoop om voor die ANC se konferensie in Junie terug te keer na Suid-Afrika.

Malebana-Metsing het 'n beroep op Mangope gedoen om demokrasie in dié tuisland te vestig en vryheid van spraak en assosiasie toe te laat. Hy wil ook hê dat sy PPP en alle ander politieke organisasies ontban moet word.

Hy wil graag na die tuisland terugkeer om sy ondersteuners te raadpleeg oor herinlywing by Suid-Afrika. Hoewel Mangope beweer dat Bophuthatswana 'n handves vir menseregte het wat die regte van die individu beskerm, het Malebana-Metsing destyds as leier van die PPP in die tuisland se parlement daarop gewys dat dié handves nooit toegepas is nie.

"Die handves is aan soveel ander wetsbeperkinge onderworpe dat dit onmoontlik toegepas kan word," het hy gesê.

Malebana-Metsing sê hy onderskryf die proses van onderhandeling ten volle en wil dit nie ondermyn nie. "Ek is veroortmoedig deur Nelson Mandela en FW de Klerk se pogings om 'n bevredigende oplossing vir ons land se probleme te kry. Hulle het my volle ondersteuning," sê hy.

**- ANO**

# NGK kom sit by SARK

**Die Nederduits Gereformeerde Kerk gaan na verwagting binnekort 'n waarnemer-lid van die SA Raad van Kerke word. Maar hieroor is die NGSK en die NGKA nie baie gelukkig nie. HENNIE SERFONTEIN doen verslag**

DIE Nederduits Gereformeerde Kerk (NGK) gaan binnekort 'n waarnemer-lid van die SA Raad van Kerke (SARK) word. Dit is 'n historiese gebeurtenis en 'n keerpunt in die geskiedenis van interne konflik en konfrontasie die laaste dertig jaar tussen die Engelstalige, nie-rassige en swart lidkerke van die SARK oor die kwessie van apartheid.

Johan Heyns beskryf dié ontwikkeling só: "Dit is 'n reusagtige stap tot nouer ekumeniese samewerking tussen kerke wat oor sekere ideologiese en teologiese sake van mekaar verskil."

Heyns is assessor van die breë moderatuur van die NGK en professor in die teologie aan die Universiteit van Pretoria.

Francois Bill, die administratiewe adjunk-algemene sekretaris van die SARK, bevestig dat die aansoek van die NGK om waarnemer-status onlangs voor die uitvoerende raad van die SARK gedien het. Daar is besluit dat dit 'n saak is waaroor die jaarlikse algemene vergadering moet besluit.

Dié vind einde Junie in Johannesburg plaas. Maar die uitvoerende raad het ook besluit om intussen die NGK amptelik te nooi om die konferensie by te woon. As waarnemer-status toegestaan word - soos algemeen verwag word - is die NGK sommer outomaties teenwoordig om sy waarnemer-status op te neem.

Tot 1960 was daar 'n groot mate van samewerking tussen sekere NG-sinodes en die voorgangers van die huidige SARK. So byvoorbeeld was sowel die Transvaalse as die Kaapse sinode volle lede daarvan.

Maar ander betrekkinge tussen die NGK en die SARK is verbreek ná die Cottesloe-konferensie in 1960 toe verteenwoordigers van die NGK op "roemlose en eerlose" wyse voor politieke druk geswig het. Hulle het heeltemal bollemakiesie geslaan en hul ondersteuning van besluite wat aspekte van apartheid op Christelike gronde veroordeel het, skielik teruggetrek.

In die daaropvolgende jare is die NGK deur die SARK, sy lidkerke en ook die swart NG kerke skerp veroordeel vanweë sy teologiese regverdiging van apartheid. Dit is later as kettery verklaar en het gelei tot die feitlik volslae internasionale isolasie van die NGK en die skorsing van sy lidmaatskap van ekumeniese liggame van die Wêreldbond van Gereformeerde kerke.

Maar met die besluite van die algemene sinode van 1990 en die veranderinge in die beleidsdokument, "Kerk en Samelewing", het die NGK apartheid as politieke beleid grootliks verwerp.

Bill sê dié aanvaarding van NG waarnemer-status is moontlik gemaak deur die Rustenburg-konferensie verlede jaar waar die



Johan Heyns

NG-afvaardiging skuld aan sy bydrae tot apartheid erken het.

Hy sê: "Dit beteken nie dat ons nou oor alle sake saamstem nie. Maar as die ANC en die NP met mekaar kan praat, kan die SARK en die NGK as kerklike liggame sekerlik óók met mekaar praat."

Heyns sê die belangrikheid is "dat ons nou binne gesprek- en gehoor-afstand van mekaar gekom het. Dit is belangrik om mekaar te kan sien en hoor."

Maar die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika is nie baie gelukkig met dié verwikkeling nie en het bepaalde teologiese probleme daarmee. Later vanjaar vorm dié kerke die nuwe, nie-rassige Verenigende Gereformeerde Kerk van Suider-Afrika.

Russel Botman, die assessor van die NGSK, sê dis 'n gevaarlike verwikkeling en nadelig vir die poging om die rasse-geskeide NG-familie in een, nie-rassige kerk te verenig.

"Want al beweer die NGK dat hy apartheid verwerp het, is hy nog niks nader aan die aanvaarding en praktyk van één, nie-rassige kerk nie. Dit lyk nou asof die SARK deur die toelating van die NGK die status quo van apartheid en rasse-skeiding in die NG-familie steeds bly aanvaar."

Botman sê die twee kerke sal nie die toelating tot waarnemer-status teenstaan nie, maar hulle gaan nou verdere druk op die NGK plaas binne die nuwe verband van die SARK.

"As die NGK regtig apartheid verwerp het, kan hulle dit in die praktyk bewys deur om toe te stem tot die beginsel van een, nie-rassige kerk.

"Die twee kerke gaan die SARK versoek om die NGK-familie by te staan om so spoedig moontlik een te word."

Die kerke gaan ook internasionale liggame vra om voortaan ekumeniese verhoudinge met die NGK-familie deur net één van die kerke te voer, want anders word die praktyk van aparte kerke implisiet goedgekeur.

# Moreel was ons reg gewees, sê Schreiner

"PIET RUDOLF is 'n terroris wat minderheidstandpunte deur middel van geweld probeer afdwing het, terwyl hy toegang tot die parlement van Suid-Afrika het."

'n Verligte, maar skeptiese Jenny Schreiner, aktivis-dogter van 'n bekende Natalse akademikus, het met Vrye Weekblad gepraat nadat sy saam met 40 ander gevangenes Maandag as deel van die regering se vrywaringsprogram kwytgeskeld is kragtens die Groote Schuur-minuut. Rudolph was die enigste regse onder die groep.

Schreiner sê die ander 39 het daarenteen geveg vir wat moreel reg was en internasionaal as sulks erken is. Jenny was een van vyf beskuldigdes in die Yengeni-hofsaak in Kaapstad wat vrywaring gekry het. Dié saak, waarin hulle oorspronklik saam met nog nege weens twee bomaanvalle in die Kaapse Skiereiland aangekla is, het 269 dae geduur en die belastingbetaler by die R5 miljoen gekos.

"Met die Grootte Schuur-samesprekings het ons die vrywaring geëis van politieke gevangenes wat teen apartheid geveg het," sê sy. "Om ons nou saam met 'n ver-regse vry te laat is 'n takiese skuif deur FW de Klerk om die regses te kalmeer. Ons het lankal gesê ons is as gyselaars deur die regering gebruik vir sy eie politieke motiewe in die voor-onderhandelingsfase."

Schreiner glo dat die regering ook doelbewus voete gesleep het met die vrywaringsproses, aangesien sy en haar mede-beskuldigdes al in November vrywaringsvorms ingevul het en nadat die hofsaak sedert 2 Februarie verlede jaar "duidelik geen doel meer gedien het nie."

"Rudolf is maar 'n onlangse gevangene en het sy vrywaring relatief spoedig gekry," sê sy. Tog sê Schreiner dat sy nie vir een oomblik spyt is oor haar aandeel in die stryd nie. "Ons het geweet wat ons waag," sê sy oor die optrede waarvoor sy saam met 13 ander in September 1987 in hegtenis geneem is nie. "En ons is een en almal nog net so toegewy tot die saak soos tevore."

Schreiner is 'n lid van die tussentydse leierskapsgroep van die SAKP in die Wes-Kaap en besluit nog of sy haar akademiese navorsingsloopbaan as nywerheids-sosioloog wil voortsit of haarself aan organisasiewerk wil toewy. Sy het 'n meestersgraad aan die Universiteit van Kaapstad verwerf en meen die grondslag vir haar aktivisme spruit uit 'n familiegeskiedenis van politieke bewussyn en toewyding aan 'n demokratiese Suid-Afrika. Onder haar voorsate tel Olive Schreiner en die destydse prokureur-generaal van Natal, WP Schreiner, wat 'n afvaardiging swart politici na Engeland gelei het.

Oor haar aanvanklike aanhouding kragtens Artikel 29 van die Wet op Binnelandse Veiligheid en die uitgerekte hofsaak sê sy: "Dit was vir ons almal uiters moeilik en ons is veral verbitter oor die laaste 13 maande, aangesien dit duidelik 'n mors van tyd en geld was." Die laaste deel van die hofsaak was 'n saak-binne-'n-saak waarin die staat probeer vasstel het of skulderkennings van die beskuldigdes afgedwing is al dan nie. Sy hou vol dat sy fisiek deur die polisie mishandel is om skuld te beken.

Schreiner glo dat die saak 'n belangrike doel gedien het: "Ons het die polisie en prokureur-generaal op elke moontlike manier uitgedaag en hulle verhoed om weg te kom met oneerlikheid en 'n baie slegte saak. Ten tweede het die saak breër politieke implikasies gehad in die sin dat die samestelling van ons groep nie op ras, geslag of klas gegrond was nie. Sommige van ons was intellektuele en ander werkers. Mense het aandag geskenk aan wie en wat ons is en waarvoor ons staan."

Sy praat met groot lof oor die steun van haar ouers, vriende en selfs mense wat sy nooit ontmoet het nie. Haar broer, dr Denys Schreiner, wat na Engeland gevlug het om diensplig te ontduik en sy vrou, Heather, het daar 'n ondersteuningsgroep vir die Yengeni-beskuldigdes gestig. Hulle keer dié maand nog na Suid-Afrika terug.

**- CHRISTELLE TERREBLANCHE**

## Adv KPCO von Lieres und Wilkau, SC

VRYE WEEKBLAD teken hiermee apologie aan vir die lasterlike artikels wat in Vrye Weekblad van 19 Januarie en 23 Februarie 1990 verskyn het en oor die Prokureur-Generaal van die Witwatersrand, adv Klaus Peter Constantin Otto von Lieres und Wilkau, SC, gehandel het.

Vrye Weekblad trek alle bewerings in gemelde artikels sonder voorbehoud terug, in besonder die bewerings dat adv Von Lieres und Wilkau hom skuldig gemaak het aan selektiewe vervolgings, dat hy 'n kleinlike vendetta teen Vrye Weekblad gevoer het en dat hy nie objektief is in die uitoefening van sy pligte nie.

Vrye Weekblad erken ook dat adv Von Lieres und Wilkau se goeie naam, eer en reputasie gekrenk is as gevolg van voormelde publikasies en betuig sy spyt daaroor aan hom.

Vrye Weekblad teken ook verskoning aan vir die artikels gepubliseer op 28 Augustus 1990 waarin na adv Von Lieres und Wilkau as "Herr Hoesenaam" verwys word, welke verwysing onregverdiglik verkleinerend van adv Von Lieres und Wilkau was, asook vir die artikels van 3 Augustus 1990, 7 September 1990 en 23 November 1990 waarin gepoog is om hom verder te verkleineer en bespotlik te maak.

Die redakteur van Vrye Weekblad, Max du Preez, die eienaar van Vrye Weekblad, Wending Publikasies Beperk, en die drukkers van die koerant, Caxton Beperk, erken dat die voormelde artikels lasterlik is ten opsigte van die Prokureur-Generaal, adv KPCO von Lieres und Wilkau, dat dit sonder enige substansie is en nie waar is nie.

Du Preez, Wending Publikasies Beperk en Caxton Beperk erken dat voormelde lasterlike artikels die Prokureur-Generaal in sy goeie naam, eer en reputasie gekrenk het en bied sonder enige voorbehoud hul verskoning daarvoor aan.

# 'n Stap nader aan 'n Patriotiese front

LANG verwagte planne vir swart politieke organisasies om 'n gesamentlike front teen apartheid te vorm is finaal onderweg - maar die sleutel vergadering tussen die uitvoerende rade van die organisasies mag in die buiteland plaasvind aangesien die PAC weier om aansoek te doen vir vrywaring vir van hulle uitvoerende raadslede.

Verskeie vergaderings is die afgelope paar weke deur 'n komitee saamgestel uit drie lede elk van die ANC en die PAC se uitvoerende rade, gehou waar die fynighede van 'n vergadering van die volledige uitvoerende rade uitgestryk is. Die lede van die komitee is Willie Seriti, regs-sekretaris, Dikgang Moseneke, vise-president en Benny Alexandra, sekretaris-generaal van die PAC, en Pallo Jordan, inligtingshoof, Stanley Mabizela, onderhoof van die departement van buitelandse-sake en Ahmed Kathrada lid van die sekretariaat van die ANC.

Volgens Alexandra het sy organisasie ook samesprekings met Azapo en Workers Organisation for Socialist Action (Wosa) gehou, terwyl die ANC verlede week gesprekke gehou het met vyf self-regerende tuislande en ook voortdurend met Azapo in verbinding is.

Volgens woordvoerders vir beide die ANC en die PAC sal die front op sekere beginsels gebaseer wees. En vir die PAC is dit belangrik dat die proses vir die vestiging van die front die doel van die front weerspieël: "Ons doel is om 'n demokratiese beleid tot stand te bring; dus moet die proses waardeur dit geskied ook demokraties is. Ons het alreeds wye gesprekke daaroor gehou. Nou moet ons net 'n datum bepaal."

Alexander sê verder sy organisasie beskou as primêr die beginsel dat 'n grondwetgewende vergadering die uitvloeisel van só 'n front sal wees. Hy meen ook dat organisasies op die basies van hul aanvaarding van sanksies as 'n metode om apartheid af te skaf, by die front toegelaat sal word.

Aziz Pahad, 'n uitvoerende raadslid van die ANC sê daar bestaan geen twyfel dat die front gevorm sal word nie: "Al wat nou in ons pad staan is die tydsberekkening, die beginsel is onbetwisbaar." Hy meen dat sy organisasies ook sekere beginsels as belangrik sal beskou in die samestelling van die front.

Vir die ANC is die beginsel van 'n veelparty-konferensie, 'n tussentydse regering, 'n einde aan geweld en die aanvaarding van die Hararedeklarasie sy uitgangspunt.

Maar Inkatha het hom alreeds teen 'n grondwetgewende vergadering uitgelaat, en die PAC stem nie saam met die idee van 'n tussentydse regering nie.

Moseneke verduidelik sy organisasie se teenstand: "Ons stel nie belang daarin om mede-bestuurders van apartheid te wees nie. En dit is wat 'n tussentydse regering sal doen. Ernstige vrae onstaan ook oor wat die doel vir 'n tussentydse regering sal wees, wie dit in die lewe sal roep, hoe lank dit sal bestaan, en diesmeer. Ons sê 'n grondwetgewende vergadering maak veel meer sin uit."

Daar is nog nie formele samesprekings met Inkatha gehou nie en daar bestaan 'n moontlikheid dat die organisasie uitgeskakel kan word aangesien hy op sleutelpunte van beide die ANC en die PAC verskil.

Maar Pahad en Alexander meen dat daar wel vergaderings gehou sal word om dié organisasie se standpunte te hoor. Hulle sê dat konsensus aan die orde van die dag is.

**- AUDREY BROWN**

**Vrye Weekblad verskyn eers weer op 5 Maart**



TYD STAAN NIE STIL NIE

VWB Vrye Weekblad OOK NIE

Ons het ons lesers uitgevra. Ons het die mark bekyk. Ons het besef hoe Suid-Afrika die laaste anderhalf jaar verander het. En toe besluit ons:
Vrye Weekblad moet 'n volwaardige nuustydskrif word. Van 5 April af.
Lesers word elke dag gebombardeer met nuus. Deur televisie, radio, dagkoerante en Sondagkoerante. Maar wat beteken dié nuus van die dag?
Waar pas dit in en wat sit daar agter? Wie is die mense wat die nuus maak?

Dit is wat die nuwe Vrye Weekblad vir jou gaan vertel.
Maar ook heelwat meer as dit. 'n Handleiding deur kenners wat jou naweke en vrye tyd meer sinryk en genotvol gaan maak. Gereelde artikels oor ons omgewing en wat ons daaraan doen. Sport, films, teater, beeldende kunste, gesondheid. Humor. (Sommer baie.) Mense. Die jongste politieke skinderbrokkies. Prikkelende rubrieke. En (ekskuus generaals, volksleiers, kamerade en ander heilige koeie) die ondersoekende joernalistiek waarvoor Vrye Weekblad bekend is.

# Botshabelo: begraafplaas van 'n apartheidsdroom

**Dertien jaar gelede het dr Connie Mulder 'n blink plan aan die NP-kongres in Bloemfontein voorgelê: 'n "goue stad van Afrika" sou 50 km van Bloemfontein verrys waar swart mense hulle "gelukkig kan uitleef". Amptenare van die Administrasieraad het daarvan begin droom om die "toevlugsoord" Botshabelo as lokmiddel te gebruik om Bloemfontein en 'n aantal klein dorpies in die Suid-Vrystaat te "ont-swart", skryf JOHANNES WESSELS. Dié droom, wat miljoene rande en die verskuiwing van duisende mense gekos het, het volslae misluk...**

Om op 'n weeksdag stadig deur die hart van Botshabelo se nywerheidsgebied te ry, is 'n vreemde ervaring: fabriek ná fabriek staan leeg, g'n enkele vragmotor bring grondstowwe in, of dra handelsware daaruit nie. Wat die hartklop van 'n grootse "goue stad van Afrika" sou wees, het die begraafplaas vir die droom van "ons eie Taiwan" geword.

Botshabelo - of "toevlugsoord" in Suid-Sotho - met sy 230 000 mense, lê 50 km oos van Bloemfontein en direk wes van die Bophuthatswana-enklave van Thaba Nchu. Dis 'n skrale dertien jaar gelede dat dr Connie Mulder op 'n NP-kongres in die Bloemfonteinse stadsaal by die party se getroue volgelinge gepleit het om die byna ondenkbare te doen: om méér "wit" plaasgrond in die Vrystaat vir tuisland-ontwikkeling af te staan as wat in die 1936-Landwet beskryf word.

Die kongres het besluit om te "offer wat jy vra" en 10 000 hektaar is vir dié doel opsygesit. Binne maande het die etniese droom in vervulling begin gaan toe 60 000 Kromdraai-plakkers met 'n Suid-Sotho agtergrond na die netjies afgepende erfies met hul groen tente en blink sink-kleinhuisies getrek het.

Daarmee het 'n proses van swart verstedeliking plaasgevind wat tot in daardie stadium in die Vrystaat ongehoord was. Met instromingsbeheer wat nog swaar afgedwing is, het Botshabelo wonderlike geleenthede gebied - eienaarskap van grond en naby genoeg om werkgeleenthede in Bloemfontein binne die bereik van duisende swart plaasarbeiders van die omgewing te plaas.

Binne vyf jaar het sowat 180 000 mense hulle hier gevestig. Die destydse grense van Mangaung, Bloemfontein se swart dorpsgebied, was toe al meer as tien jaar lank bevries en daar het 'n tekort van 6 000 huise bestaan. 'n Poging om nie net die mense wat nié huise in Manguang kon kry nie na Botshabelo te lok, maar ook die mét huise, het geslaag toe ten volle gedienste erwe teen R105 in blok H in Botshabelo beskikbaar gestel is.

Amptenare van die Administrasieraad het 'n geleentheid gesien om Bloemfontein en 'n aantal klein dorpies in die Suid-Vrystaat te ont-swart. Die swart gemeenskap van Rebohile, Luckhoff, is hervestig; sowat 400 plakkers van Stinkdam, Allanridge, is hierheen verskuif en planne was in die vooruitsig om die hele suidelike Vrystaat in 'n gebied net vir wittes en gekleurdes om te skep.

Botshabelo het nie gegroei weens 'n kombinasie van "trek"- en "druk"-faktore nie. Die enigste trek-faktor was die beskikbaarheid van 'n goedkoop erf (huur R1 per jaar) met 'n put-latrine op en die moontlikheid om mettertyd eienaarskap van die erf te bekom.

Die skrapping van die Wet op Instromingsbeheer in 1986 het egter 'n skerp afname in die toevloei van mense na Botshabelo gebring. Dié getalle het teen die einde van 1987 tot 'n dun stroompie afgeneem, maar die Departement van Ontwikkelingshulp en sy implementeerders (die Staatstrustkorporasie) het voortgegaan met planne vir die ontwikkeling van Botshabelo.

Chris Heunis, die destydse minister van Konstitusionele Ontwikkeling, het in September 1987 die voorneme bekend gemaak om nóg 12 000 hektaar te onteien om Botshabelo te verdubbel - 'n aankondiging wat nooit verwesenlik is nie.

Intussentyd het die uitlê van terreine onophoudelik voortgegaan en het die (nou) glasvesel-kleinhuisies soos rye soldate op sommige van die heuwels gestaan - sommige "ontwikkelde" terreine was meer as 18 maande lank reeds onbeset, en dít in 'n land wat 'n vlaag van verstedeliking ondervind.

Waarom het die beplanners nie daarin geslaag om van Botshabelo 'n nuwe modelstad te maak nie?

Dit fout lê in die eerste plek in die ontwerp van die stad. Die hospitaal teen die bult, die administrasie-kompleks van die Departement van Ontwikkelingshulp, die groot winkelsentrum, die brandstof-vulstasie, en die groot stadion was duidelik bedoel om die stadskern te vorm. Maar om dít te bereik het die inwoners van Bothsabelo vervoer nodig - dit is sowat 12 kilometer van die uitgestrekte "voorstede" af.

Dié uitgestrekte woongebied - met groot oop pleine tussen-in - is ontwerp vir 'n hoë getal motor-eienaars, wat nie verwesenlik is nie. Wat 'n stad vir voetgangers moes wees, is in 'n goudmyn vir taxi-busse omgeskep.



'n Boer het dié man op Botshabelo afgelaai

Die skaal en ywer waarmee die ontwikkeling van nywerhede aangepak is, is 'n duidelike aanduiding dat die apartheidsbeplanners Mulder se droom van 'n goue stad wou verwesenlik. Volgens dié beleid sou Botshabelo 'n model-stadstaat kon word!

Die staatsmasjinerie het in volle swang gekom om werkgeleenthede in Botshabelo te skep, aangesien die stad - soos die meeste stede in die tuislande - geen natuurlike ekonomiese grondslag gehad het nie. Die primêre bron van inkomste was steeds die verkoop van arbeid buite Botshabelo.

In 1987 het 55 persent van die aktiewe arbeidsmag werk buite die stad gehad, hoofsaaklik in Bloemfontein, waarheen mense daagliks heen en weer moes ry, of andersins as trekarbeiders op die Vrystaatse goudvelde.

In November 1988 het 14 500 mense daagliks tussen Botshabelo en Bloemfontein gery, en sowat drie uur per dag aan ry bestee - 'n praktyk wat produktiwiteit beïnvloed en duidelike maatskaplike gevolge op 'n huishouding het.

Maatskaplike werkers in die omgewing beskou dié vervoerpatroon en die afwesigheid van volwassenes in die dag as die vernaamste oorsaak van die groot onbeheerbare element onder die jeug.

Op die oomblik ry sowat 10 000 mense elke dag Bloemfontein toe per bus, en tussen 2 000 tot 3 000 met taxi's.

Om 'n trek-faktor in Botshabelo te skep, is ywerig probeer om dit in 'n nywerheidsgebied te omskep. Eensklaps was daar 'n groot verskeidenheid staatsaansporings beskikbaar om plaaslike en internasionale beleggings te lok.

Van die aansporings was:

* Hervestigingsuitgawes tot 'n maksimum van R600 000 per fabriek.
* Gesubsidieerde kapitaal-lenings.
* Voorsiening van fabrieksgeboue, opgerig deur die staat teen 'n gesubsidieerde rente.
* Spoorweg-kortings (rabat) en ander vervoer-subsidies.
* Opleidingsubsidies.
* Voorkeur-behandeling vir staatstenders.
* Gesubsidieerde lone met 'n staatsbydrae van tot R100 per maand per werker.

Veral die loon-subsidie is deur sommige van die "nyweraars" uitgebuit. In 1987 het navorsing gewys dat sommige werkers net R2 per dag kry en dat die gemiddelde verdienste sowat R70 per maand is. Aangesien die loonvoordele voorsiening gemaak het vir 'n loonsubsidie van 95 persent tot 'n maksimum van R100, is die beskuldiging gemaak dat die subsidie 'n netjiese winsie vir 'n aantal fabriekeienaars meegebring het.

Sommige fabriekeienaars het hul loonstate "aangepas" om die maksimum-subsidie te ontvang, terwyl hulle in werklikheid 'n "wins" van by die R30 per maand per werker gemaak het.

## 'n Peperduur droom

'N BEDRAG van minstens R182 miljoen is van 1982 tot aan die einde van die 1989/90 belastingjaar aan nywerheidsontwikkeling in Botshabelo bestee.

Die volgende bedrae is deur die Departement van Ontwikkelingshulp bestee:

| Finansiële Jaar | Infrastruktuur | Fabrieksgeboue | Desentralisasie-voordele |
|---|---|---|---|
| 1982/83 | 757 000 | | |
| 1983/84 | 692 000 | 1 080 000 | |
| 1984/85 | 67 000 | 1 006 000 | 1 166 137 |
| 1985/86 | 1 433 000 | 11 101 000 | 3 565 909 |
| 1986/87 | 2 040 000 | 8 789 000 | 9 285 957 |
| 1987/88 | 1 788 000 | 2 063 000 | 15 786 830 |
| 1988/89 | 5 122 000 | 35 311 000 | 24 746 102 |
| 1989/90 | 120 000 | 13 207 000 | 42 804 632 |
| TOTAAL | R 12 019 000 | R 72 557 000 | R 97 355 567 |

In 1988 het die Departement van Ontwikkelingshulp gesê dat die aantygings ondersoek sal word.

In één opsig was Botshabelo 'n matige sukses vir die staat: teen 1988 was daar 57 fabrieke in produksie wat sowat 10 000 plaaslike werkers werk gegee het. Totdat die politieke doelstellings van die beleid van desentralisasie die langtermyn-nywerheidsgroei van Botshabelo begin kelder het...

Einde 1987 het die regering - ongeag verskeie waarskuwings - hardnekkig besluit om Botshabelo by die QwaQwa-tuisland in te lyf.

Dié aankondiging het 'n taamlik a-politiese bevolking met hoofsaaklik 'n plattelandse agtergrond, oornag in hoogs gepolitiseerde mense verander. Waar UDF-woordvoerders in 1988 moes sukkel om inwoners te motiveer, het alles verander die oomblik toe die aankondiging gemaak is dat Botshabelo by QwaQwa ingelyf gaan word.

Skoolboikotte het skielik 'n gereelde verskynsel geword, wegbly-aksies was algemeen en onrus het 'n instelling geword.

Eers ná die Appèlhof-uitspraak in Maart verlede jaar wat die inlywing ongeldig verklaar het, het kalmte na die gebied teruggekeer.

Van die 110 fabrieke in Botshabelo staan meer as 30 leeg, terwyl ander net teen 'n breukdeel van hul kapasiteit werk. Nywerheidsoptrede teen lae lone en teen die inlywing by QwaQwa, het die kroonjuweel in die desentralisasie-kroon in 'n byna waardelose stukkie glas verander.

Verskeie fabrieke het in die laaste twee jaar hul deure gesluit. Brainchild - 'n fabriek met Israeli-bande wat opvoedkundige speelgoed vervaardig het - is nou 'n leë dop. Ander entrepeneurs het elders héen vertrek. Twee van hulle het verskuif na Bloemdustria, nog 'n nywerheidontwikkelingsgebied sowat 20 km oos van Bloemfontein. Of die rede vir die verskuiwing is dat dit met die einde van die sewe vet jare van subsidiëring saamval, is onseker. En die vooruitsig om 'n hele span Hongkong-nyweraars na Botshabelo te lok, het ook verdwyn.

'n Nasionale ondersoek na desentralisasie deur die Ontwikkelingsbank van SA, 'n navorsingsprojek deur die Stedelike Stigting en die Privaatsektor-Raad oor verstedeliking, het gevra dat die hele kwessie op 'n heeltemal nuwe manier benader word, met die klem op ontwikkeling en nie op ideologiese noodsaaklikhede nie.

Maar die praktiese implikasies vir Botshabelo as nywerheidsgroeipunt is onseker. Verskeie nyweraars en amptenare van die Desentralisasieraad meen dat net 'n klein aantal entrepreneurs sonder subsidies sal kan oorleef.

Prof Edwil Beukes, professor in die ekonomie aan die UOVS en 'n konsultant van die Ontwikkelingsbank van Suidelike Afrika, meen die fabrieke het min skakeling met mekaar en Botshabelo is in die meeste gevalle geen logiese bemarkingsplek vir hul produkte nie.

Terwyl daar 'n groot behuisingstekort in Suid-Afrika is, staan sowat 500 formele huise in Botshabelo leeg. Sommige se vensters is gebreek, ander se dakmateriaal, deure en vensterrame is verwyder. En die mense wat in modder- of sinkhuise bly, doen nie eens die moeite om in dié doppe in te trek nie. Hulle het skynbaar hul oë op ander weivelde nader aan ware werkgeleenthede: die Vrystaatse goudvelde en Bloemfontein.

Botshabelo, die toevlugsoord, het 'n stad van verval geword. Dit is 'n ideologiese monument uit die verlede wat nie sal verdwyn nie, maar sal kwyn.

Indien die infrastrukture wat nou vermors in Botshabelo staan, in en rondom Bloemfontein opgerig is, sou die stad veel beter voorberei gewees het op die vlaag van swart verstedeliking wat die stad nou moet hanteer. Dit kon die stad voorberei het op die strome plakkers wat die laaste jaar in Freedom Square, Namibia en Freedom City versamel het.

Verlede jaar - net twaalf jaar nadat Connie Mulder gepleit het vir die totstandkoming van Botshabelo en "Die Volksblad" (die partymondstuk in die Vrystaat) dit beskryf het as 'n bevestiging van die onomkeerbare beleid dat swart mense nooit hul politieke regte in wit Suid-Afrika sal uitoefen nie, het die NP-kongres van die OVS eenparig in dieselfde stadsaal besluit om partylidmaatskap vir alle Suid-Afrikaners oop te stel.

*(Johannes Wessels is streekdirekteur van die Stedelike Stigting in Bloemfontein)*

# ANC HANDTEKENING-VELDTOG

## STEUN DIE EISE

* Sluit aan by die handtekening-veldtog. Teken die vorm.
* Ondersteun die handtekening-veldtog en neem die vorm na meer mense.
* Moedig u vriende en familie, u medewerkers en gemeenskap aan om teen apartheid te teken.
* Moedig u organisasies aan om die veldtog openlik te steun.




## Die Mense Eis:

* 'n Grondwetgewende Vergadering
* 'n Tussentydse Regering

*Handtekening-veldtog*

ANC

Ons die mense van Suid Afrika, wat verbind is tot 'n vreedsame en demokratiese toekoms, glo dat net 'n luggaam wat deur al die mense verkies is, kan 'n grondwet vir 'n nuwe Suid Afrika kan saamstel. Ons eis dus 'n Grondwetgewende Vergadering verkies op die basis van een-mens een-stem op een nie-rassige kiesers lys.

Die huidige regering kan nie vry en regverdig verkiesings vir die Grondwetgewende Vergadering verseker nie, en kan ook nie neutraal in die oorgaanstydperk bly nie.

Ons eis dus 'n tussentydse regering met volle mag en wat die vertroue van die meerderheid van Suid Afrikaners geniet om die land te regeer gedurende die oorgangstydperk.

| NAAM | ADRES | HANDTEKENING |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

Volunteer ________ Region ________ Branch ________ No ____

STUUR HIERDIE VORM AAN U NAASTE ANC KANTOOR

*Verkragting binne die huwelik*

# Die Catch 22-situasie van die vrou

OP 16 November 1983 het Hennie, wat reeds vier jaar lank met sy vrou, Liese, getroud is, haar op die grond neergegooi en haar klere afgeruk. Sy het geskree en gedreig om hom weens verkragting aan te kla.

Tydens dié voorval het Liese nie meer by Hennie gewoon nie, en het sy reeds met 'n skeisaak teen hom begin.

Hennie het tydens die hofsaak gesê Liese het ingestem tot seks en hy het gedink sy "speel net" deur so te skree - daarom het hy ook die "foreplay" uitgerek.

Omdat die wet dit onmoontlik vir Liese maak om 'n klag van verkragting teen Hennie te lê, is hy weens aanranding aangekla.

Hy het onskuldig gepleit omdat die aanranding in die gang van die seksdaad plaasgevind het en omdat seks met sy vrou te alle tye wettig is.

Liese is net een van derduisende gevalle in Suid-Afrika.

**Volgens die Suid-Afrikaanse gemenereg kan 'n getroude man nie sy vrou verkrag nie - seks tussen 'n getroude paar kan nie onwettig wees nie omdat die vrou verplig word, as 'n noodwendige gevolg van die huwelik, om seks met haar man te hê. Dit kan dalk binnekort verander, berig PEARLIE JOUBERT**

Statistieke oor verkragtings binne huwelike bestaan nie in Suid-Afrika nie omdat verkragting, volgens ons gemenereg, nie binne 'n huwelik kan plaasvind nie.

Volgens die gemenereg kan 'n man nie sy wettig getroude vrou verkrag nie. Dié regsreëling wettig nie geweld nie, maar bepaal dat seks tussen 'n getroude man en sy vrou nie onwettig kan wees nie omdat die vrou verplig word, as 'n noodwendige gevolg van die huwelik, om seks met haar man te hê.

Die reg soos in Suid-Afrika toegepas beskou verkragting binne die huwelik bloot as verswarende omstandighede wanneer die man van aanranding op sy vrou aangekla word.

Dit beteken dat 'n man, wat byvoorbeeld Aids of enige ander geslagsiekte het, seks met sy vrou mag hê sonder dat sy enige wetlike beskerming geniet. Dit beteken ook dat 'n vrou wat byvoorbeeld servikale kanker het, geen wetlike beskerming kan kry om haar man te weerhou van seks met haar nie.

Maar dié posisie kan dalk binnekort verander ná 'n belangrike uitspraak in 'n Britse hof.

Verlede week het vyf regters van die appèlhof in Londen die 255 jaar-oue regsbeginsel dat 'n man nie sy getroude vrou kan verkrag nie, as "beledigend" en "anachronisties" bestempel en verwerp. Dit het 'n presedent is geskep vir vernuwing in die regstelsel ten opsigte van verkragting binne huwelike.

Volgens die uitspraak is 'n verkragter 'n verkragter en maak dit nie saak wat sy verhouding met die slagoffer is nie.

Die formulering wat al vir 255 jaar toegepas word en vandag nog in Suid-Afrika, en verskeie state in Amerika geld, lui só: "But the husband cannot be guilty of rape committed by himself upon his lawful wife, for by their mutual matrimonial consent and contract the wife hath given up herself in this kind unto the husband which she cannot retract." (The history of the Pleas of the Crown: Hale 629)

Min getroude vroue meld verkragtingsake by die polisie aan. Kenners meen die redes hiervoor is onder meer getroude vroue se vrees vir verdere viktimisasie en aanranding, hul ekonomiese afhanklikheid van hul mans, sosiale- en familiedruk, asook hul sin van verantwoordelikheid teenoor hul kinders.

Vrouegroepe, prokureurs en advokate het reeds 'n oneindige aantal aansoeke gerig vir die hersiening van wetgewing ten opsigte van verkragting in die algemeen en verkragting binne huwelike in besonder.

"Verkragting binne huwelike behoort deur enige gemeenskap wat geweld as 'n kriminele oortreding beskou, onwettig gemaak te word. Geweld en mishandeling is onwettig - hoekom word verkragting binne huwelike anders hanteer en beskou?" vra 'n prokureur wat reeds talle verkragtingsake hanteer het.

## 'n Duisend vroue per dag...

DIE Nasionale Instituut vir Misdaadrehabilitasie (Nicro) meen dat slegs een uit 20 van alle verkragtings aangemeld word en skat dat ongeveer 300 000 vroue jaarliks in Suid-Afrika verkrag word.

Lloyd Vogelman, direkteur van die Projek vir die Studie van Geweld aan die departement Sielkunde van die Universiteit van die Witwatersrand, meen dat 390 000 vroue jaarliks in Suid-Afrika verkrag word. Dit beteken dat 1 000 vroue daagliks in Suid-Afrika verkrag word.

Dié statistiek is onder meer saamgestel uit die toename van 400 persent in telefoonoproepe wat Rape Crisis vanaf 1983 tot 1984 ontvang het asook die 14,7 persent styging in aangemelde verkragtings vanaf 1986 tot 1987.

Hoekom meld vroue nie verkragtings aan nie? Volgens Vogelman en Nicro word net ongeveer een uit elke 20 verkragtings aangemeld omdat, as een van die redes, "verkragting, gewoontegewys, ongestraf bly". In Amerika het 'n FBI-verslag getoon dat 'n verkragter 'n 90 persent kans het om sonder enige aanklag weg te kom.

'n Verkragter met wie Vogelman 'n onderhoud gevoer het, sê: "Ons is vrygelaat omdat sy (die verkragte vrou) gelieg het. Ek kan nie alles vertel nie, maar toe ons in hegtenis geneem is, was agt van ons betrokke. Drie het weggehardloop en is nie gevang nie. Toe doen hulle aansoek om die saak sonder daardie drie te begin. Ons is toe gevonnis. Die een het sewe jaar gekry en ons ander vier agt jaar elk. Omtrent 'n maand nadat ons gevonnis is, is die ander drie ouens in hegtenis geneem en vrygelaat. Ons het toe geappelleer en dit was maklik om vrygelaat te word - ons het 'n prokureur gehad, my ma het R1 000 betaal en die cherry het haarself weerspreek. In ons saak het sy een storie vertel en in die saak van die ander drie (wat aanvanklik weggekom het) 'n ander storie."

Dié vrou het nie vir die hof gelieg nie, maar kon nie met sekerheid sê wie haar gedreig het met 'n wapen terwyl die ander haar verkrag het nie.

Vogelman sê ook dat vroue nie verkragtingsake aangee nie omdat die onus by hulle berus om hul onskuld te bewys. "In geen ander misdaad werk dit so nie. Tydens 'n verkragtingsaak is die kruisondervraging baie straf en moet die vrou kan bewys dat sy nie seks met die man wou gehad het of aanleiding daartoe gegee het nie.

"As 'n vrou, wanneer 'n man haar wil verkrag byvoorbeeld sal aandring op 'n kondoom uit vrees vir Aids, sal dit gebruik kan word tydens die hofsaak as bewys dat sy ingestem het tot seks," sê hy.



Die wittebrood is verby...

## Ons regstelsel en verkragting

VOLGENS die Suid-Afrikaanse reg word verkragting in twee kategorieë verdeel: Statutêre verkragting en gewelddadige verkragting.

Statutêre verkragting vind plaas wanneer 'n man seks het met 'n vrou onder die toestemmingsouderdom van 16 jaar - selfs al willig sy in.

Verkragting word in Suid-Afrikia gedefinieer as die opsetlike en onwettige seks met 'n vrou sonder haar toestemming. Seks word gedefinieer as enige graad van penetrasie van die penis in die vrou se vagina.

Die reg maak dus geen voorsiening vir ander vorme van verkragting waar die man ander voorwerpe gebruik om die vrou mee te penetreer nie. Ook orale- en anale seks word nie as verkragting beskou nie.

Verlede week is 'n Pretoriase man skuldig bevind en tot 16 jaar tronkstraf gevonnis nadat hy 'n vrou met 'n sjampoebottel "verkrag" en twee maal by 'n venster uitgegooi het waarna sy dood is.

Hy is aangekla weens onsedelike aanranding en moord - nie verkragting nie. Verkragting is 'n halsmisdaad en onsedelike aanranding nie.

Die reg bepaal ook dat seksuele misdade bloot 'n kriminele oortreding is en dat 'n seun jonger as 14 nie in staat is tot verkragting nie en dus nie weens verkragting aangekla kan word nie.

Volgens die reg in Suid-Afrika kan 'n verkragter net manlik wees - mans kan dus nie volgens die wet verkrag word nie en geniet geen wetlike beskerming nie.

Volgens Vogelman, wat verlede jaar "The sexual face of violence: Rapist on rape" (Ravan Press, 1990) geskryf het, is die aanname waarop dié wetsbeskouing berus dat 'n vrou, wanneer sy trou, te alle tye toestemming moet gee aan die seksuele toenadering van haar man - "selfs al gaan dit met geweld gepaard".

In 1983 het die Regskommissie 'n indringende ondersoek geloods na veranderinge in die wet wat verband hou met seksuele oortredinge in Suid-Afrika.

In 1985 het dié kommissie egter in hul verslag gesê dat hulle geen aanbevelings kon doen oor verkragting binne huwelike nie.

'n Advokaat van Kaapstad, wat om professionele redes nie haar naam genoem wil hê nie, het sewe jaar lank by Rape Crisis gewerk en sê die kommissie "het op alle terreine gefaal. Dit het hulle drie jaar geneem en die paar voorstelle wat gemaak is, in besonder ten opsigte van verkragting binne die huwelik, is nou nog nie deur die parlement goedgekeur nie," sê sy.

Christina Murray van die regsfakulteit aan die Universiteit van Kaapstad vat die kommissie se verslag só saam: "Dit is duidelik dat al die lede van die kommissie daarvan bewus is dat die wet op verkragting een van die baie instrumente is wat mans gebruik om vroue in 'n onderdanige posisie te hou. Die meerderheid lede van die kommissie wat uitspraak gelewer het oor verkragting binne huwelike - wat meen dat mans nie aangekla behoort te word vir verkragting van hul wettig getroude vroue nie - wys dat hulle verkragting as 'n "ernstige" en "unieke" oortreding sien.

"Hulle sê egter ook duidelik dat indien seks sonder toestemming tussen twee getroude mense plaasvind, dit nie só (ernstig en uniek) beskryf kan word nie," sê Murray.

In dié verband het die kommissie bevind: "Hulle (die getroude man en vrou) mag wel gereelde seksuele omgang gehad het vóór die insident (verkragting) en omdat seksuele verhoudinge kompromieë behels, is dit moontlik dat sy (die vrou) soms teësinnig toestemming tot seks kon gee.

"Indien die man verder sou gaan en haar sou dwing om sonder haar toestemming seks met hom te hê, is dit bewys van die mislukking van die verhouding... Waar die man so ver gaan as om haar te beseer, is daar 'n aantal wette waarvolgens hy aangekla kan word. Die kern van die man se optrede is egter die beserings wat hy veroorsaak het en nie die seksuele omgang wat afgedwing is nie."

Vogelman sê die basis van dié uitspraak deur die Regskommissie kom neer op 'n aanvaarding dat seks, binne die huwelik, 'n man se "reg is en 'n vrou se plig".

"Daar word van haar verwag om te alle tye seksueel aan haar man beskikbaar te wees. As sy nie is nie, kan die man, met behulp van die wet, weier om nee as antwoord te aanvaar."

Vogelman sê dat huidige wetgewing die huwelik voorstel as "'n eiendomskontrak met die man as die eienaar".

Hy steun dié stelling uit onderhoude wat hy met verkragters gevoer het: "Die tipe cherry wat ek van hou, is soos die een wat ek nou het. Nie oor hoe sy lyk nie, maar om haar maniere, haar manier van dink en hoe sy dinge doen... En as ek seks met haar wil hê, sy is my vrou, ek is geregtig, ek bedoel nie wetlik nie - ons is nie getroud nie," het een verkragter in 'n onderhoud gesê.

# Hou boek van die omgewing

**Dis hoog tyd dat maatskappye hul uitwerking op die omgewing begin ouditeer, sê die Suider-Afrikaanse Natuurstigting. Nie net die omgewing nie, maar ook nywerhede sal daaruit voordeel trek. CHRISTELLE DE JAGER doen verslag**



Eskom neem weer eens die voortou, dié keer op die gebied van omgewingsouditering

'Ons moet in Suid-Afrika die stadium bereik waar 'n jaarlikse omgewingsoudit, nes 'n finansiële oudit, die norm word vir alle Suid-Afrikaanse maatskappye. Dit is die enigste manier waarop ons op lang termyn aan die ontwikkeling- en bewaringsbehoeftes in ons land gaan voldoen."

Dít is die mening van John Hanks, uitvoerende direkteur van die Suider-Afrikaanse Natuurstigting. Op 'n onlangse konferensie oor ontwikkeling en bewaring het hy Suid-Afrikaanse maatskappye uitgedaag om duidelik te wys waar hulle staan en hul omgewingsbeleid aan die publiek bekend te maak.

Maar wat is 'n omgewingsoudit? Dié konsep is onbekend in Suid-Afrika. Dit behels letterlik die omgewingsvariasie van die tradisionele finansiële oudit. 'n Maatskappy meet sy "omgewingsprestasie" aan die doelwitte van die maatskappy se omgewingsbeleid - net soos finansiële prestasie in 'n finansiële oudit gemeet word.

Hoewel dié konsep in Suid-Afrika betreklik nuut is, word omgewingsoudits al sedert die laat sewentigerjare in Amerika gedoen. Die meeste groot nywerhede en maatskappye in Europa doen nou ook jaarlikse omgewingsoudits, en die Europese Ekonomiese Gemeenskap (EEG) bespreek nou die moontlikheid dat omgewingsoudits, nes finansiële oudits, verpligtend gemaak word.

Die Suid-Afrikaanse Natuurstigting is so sterk oortuig van die noodsaaklikheid van omgewingsouditering in Suid-Afrika dat hy in Junie 'n boek gaan publiseer in 'n poging om die boodskap onder Suid-Afrikaanse maatskappye te versprei.

Di Soutter, wat binnekort haar eie konsultansie, "Environmental Auditing", gaan begin, doen die navorsing en stel die boek saam.

Sy sê Suid-Afrikaanse maatskappye word deesdae bewus van die waarde van omgewingsbestuur, maar het meestal nou maar eers begin om omgewingsbeleide op te stel en die konsep te ondersoek.

"Net 'n handjievol maatskappye doen reeds 'n werklike omgewingsoudit."

Soutter sê heelparty Suid-Afrikaanse maatskappye het lankal 'n goeie omgewingsbeleid opgestel en omgewingsbewus geword. Hulle moet nou net 'n stap verder gaan en die toepassing van hul omgewingsbeleid gereeld in 'n oudit monitor. Dit is egter moeilik vir iemand wat regstreeks by 'n maatskappy betrokke is om die maatskappy se oudit objektief te hanteer. Daarom moet 'n omgewingsoudit verkieslik deur 'n onafhanklike buiteparty gedoen word, sê Soutter.

'n Maatskappy wat nie sy hulpbronne bewaar nie gaan in elk geval op lang termyn skipbreuk ly, wys Soutter uit. Boonop hou 'n omgewingsoudit verskeie ander voordele vir 'n maatskappy in - onder meer:

* Vroegtydige waarskuwing van duur omgewingsrampe.
* Vroegtydige kennis van moontlike wetsoortredings.
* Geloofwaardigheid by die publiek.
* Verhoogde omgewingsbewustheid by alle werknemers.
* Geldbesparing deurdat ondoeltreffende tegnologie of beheerstelsels uitgewys word.

In 'n omgewingsoudit word gekyk hoe goed die maatskappy voldoen aan die vereistes van die omgewingswetgewing, en hoe deeglik sy eie omgewingsbeleid toegepas word.

Daar word onder meer gekyk na omgewingsbestuurstelsels, gepaste tegnologie, afvalstorting en hoe afval gemeet en verwerk word, en die opleiding van werkers.

Die Wetenskaplike Nywerheid Navorsingraad (WNNR) se omgewingseenheid doen nou ook indringende navorsing oor omgewingsouditering en help organisasies en maatskappye om 'n omgewingsbeleid en omgewingsouditering te ontwikkel.

Volgens Tina James van die WNNR se omgewingseenheid moet 'n Suid-Afrikaanse model nog ontwikkel word. Deel van die WNNR se navorsing is dus daarop gemik om 'n omgewingsbeleid te ontwikkel wat moontlik as standaard gebruik kan word vir omgewingsouditering in Suid-Afrika.

James sê die aanvraag na riglyne is nog nie groot in Suid-Afrika nie, maar maatskappye begin al die publiek se toenemende omgewingsbewustheid erken.

"Om 'n skoon omgewingsrekord te hê, het goeie finansiële sin. Dit skep nie net 'n goeie reputasie by die koperspubliek nie, maar ook by internasionale sustermaatskappye en markte."

Een van die belangrikste voordele wat 'n omgewingsoudit vir 'n maatskappy inhou, sê James, is die uitkenning van moontlik gevaarlike toestande waarvoor standaarde nog nie bestaan nie.

"Ouditering bepaal nie net die huidige doeltreffendheid van 'n maatskappy se bedrywighede nie, maar kan ook vroegtydige waarskuwingstekens gee. Dit kan omgewingsrampe keer wat 'n maatskappy duur sou kos en erg in die verleentheid sou stel by 'n omgewingsbewuste publiek."

Eskom is een van die min maatskappye in Suid-Afrika wat al omgewingsouditering toepas. Eskom het al in die vroeë sewentigerjare die waarde van omgewingsbestuur ingesien en 'n omvattende omgewingsbeleid begin opstel. Verlede jaar het hy vir die eerste keer 'n volwaardige omgewingsoudit onderneem.

Otto Graupner, hoof van omgewingsbestuur by Eskom, sê Eskom het al baie voordele getrek uit die toepassing van omgewingsouditering.

"Omgewingsouditering, nes finansiële ouditering, is 'n nuttige hulpmiddel wat 'n maatskappy help om besluite te neem oor sy prioriteite. Dit vergemaklik die toewysing van skaars menslike en finansiële hulpbronne volgens behoefte en verseker dat die onderneming lewenskragtig bly."

Die resultate van die omgewingsbewustheid wat deur 'n omgewingsoudit geskep word, is op alle vlakke in die maatskappy te sien, sê Graupner.

"Werknemers is meer bewus van omgewingswetgewing en -beleidstukke en daarom ook meer verantwoordelik teenoor die omgewing. Vandag is omgewingsbestuur in der waarheid 'n leefwyse vir elke Eskom-werker."

Graupner sê voorbeelde van die praktiese uitwerking wat omgewingsouditering op Eskom se bedrywighede gehad het, is orals te sien - byvoorbeeld in die sensitiwiteit waarmee kragleidingroetes gekies en gebou word.

Sensitiwiteit jeens die omgewing en kennis daarvan het dit ook moontlik gemaak om pomp-opgaarskemas soos die Drakensberg- en die Palmiet-projek in ekologies sensitiewe gebiede te bou met die minimum skade aan die omgewing. Eweneens was dit moontlik om die Matimba-kragstasie in die verre Noordwes-Transvaalse bosveld op te rig met die behoud van talle inheemse boomspesies.

Die aanbring van merkers aan kragdrade, die verskuiwing en hervestiging van bedreigde spesies en die herontwerp van strukture om voël-vriendelik te wees, is ook voorbeelde.

"In die verlede het mense en maatskappye baie kortsigtig opgetree teenoor die omgewing. Almal het foute begaan," sê Graupner. "Ons het ook in die verlede baie dom dinge gedoen - maar al manier waarop mens dit gaan agterkom en in die toekoms gaan vermy, is om 'n behoorlike omgewingsbeleid te hê wat gereeld deur 'n onafhanklike buiteparty gekontroleer word. Net 'n goeie omgewingsoudit kan dit doen."

# Vergiftigde rivier: sondebokke skotvry

DIE gifstof wat verantwoordelik was vir die vernietiging van visse en krokodille oor 'n afstand van 37 kilometer in die Luvuvhu-rivier is nog nie geïdentifiseer nie, en dit wil lyk of dit nooit gedoen gaan word nie.

Die Departement van Waterwese het nou 'n dringende beroep op lede van die publiek gedoen om meer omgewingsbewus te wees en enige moontlike besoedeling onmiddellik aan te meld.

Die laat rapportering van die besoedeling van die Luvuvhu-rivier, wat deur Suid-Afrika en Venda loop, het dit moeilik gemaak om die gifstof te identifiseer en dus die oorsaak of bron van die besoedeling te bepaal, sê die Departement van Waterwese.

Die besoedeling is op 26 Februarie deur 'n boer, wat water uit die Latonyanda-sytak van die Luvuvhu-rivier in sy dam gepomp het, opgemerk. Die visse in sy dam het gevrek.

Eers teen Vrydag het die Departement van Waterwese gehoor van die besoedeling - by dié boer en by amptenare in die Krugerwildtuin wat by die plaaslike bevolking van die stinkende dooie visse gehoor het.

Die gifstof was reeds aansienlik verdun teen die tyd dat dit gerapporteer is.

Die feit dat die visse reeds begin ontbind het, en geen nuwe visvrektes voorgekom het nie, het enige doeltreffende ondersoek bemoeilik.

'n Volledige ondersoek en die vervolging van die skuldige partye kan slegs geskied as probleme gou gerapporteer word, sê die Departement van Waterwese

**- CHRISTELLE DE JAGER**

# Dag word nag in die Golf

ABU DHABI - Skoonmakers het al sowat 200 000 vate van die ru-olie uitgeskep wat Saddam Hoesein in die Persiese Golf laat stort het, sê 'n Japanse omgewingspan wat daar werk.

Dis sowat 'n twintigste van die olielaag van tot vier miljoen vate wat die voëls en seelewe in die gebied al op groot skaal afgemaai het.

Sowat 150 mense help om die olielaag op te ruim. Hulle berg die olie in tydelike oliepoele op land en in tenkskepe.

Japan, wat uiters afhanklik is van olie-invoer uit die Midde-Ooste, het 14,5 miljoen dollar beskikbaar gestel vir die skoonmaaktaak, asook hulpmiddels soos drywende oliekeerwalle en afskeptoerusting.

Naas die drywende olielaag, wat die ekologie van dié gebied al ontsaglike skade aangedoen het, verbrand sowat 2,5 miljoen vate olie per dag in die byna 900 oliebronne in Koeweit wat die Irakese uit wraak aan die brand gesteek het toe hulle moes vlug. Dit gaan minstens twee jaar neem om dié brande te blus.

Die verstikkende rook van die olievure het nie net Koeweit nie, maar ook dele van Irak en Iran in duisternis gehul.

Plek-plek is daar omtrent geen onderskeid tussen dag en nag nie en die temperatuur daal drasties weens gebrek aan sonlig.

Die rook tas veral kinders en ou mense aan en kan moontlik kanker veroorsaak.

Omgewingskundiges sê die rookwolke gaan ook suurreën meebring - maar wat uiteindelik die wêreldwye uitwerking op klimaatstoestande gaan wees, is nog onvoorspelbaar. - AFP

# 'Ek wil versoening bring tussen mense'

**Geweld as politieke metode is nie vreemd aan die Afrikaner nie. Dié week is twee Afrikaners vrygelaat wat weens politieke geweld in gevangeskap was: Carl Niehaus van Umkontho we Sizwe en Piet Rudolph van die Orde Boerevolk. Niehaus wou die Johannesburgse gasfabriek opblaas, en Rudolph het weermagwapens gesteel en NP-kantore opgeblaas. Maar daar eindig die ooreenkomste. Want Niehaus sê sy motief was om seggenskap en menseregte vir alle landsburgers af te dwing; terwyl Rudolph sê hy wou wit heerskappy laat voortduur. PEARLIE JOUBERT het Niehaus gaan uitvra oor sy ideale, die tronk en wat hom destyds gemotiveer het**

**Hoekom het jy in 1983 inligting ingesamel om 'n gasfabriek in Johannesburg op te blaas? Jy is Afrikaans, het aan die Randse Afrikaanse Universiteit studeer en kom uit 'n konserwatiewe agtergrond.**

Reeds op hoërskool het ek bewus geword van wat in my land aangaan. Ek het sendingwerk in Soweto gedoen en het in die hostelle ingegaan. Dit was vroeg in 1976. Ek was in Witpoortjie op skool. Wat in 1976 in Soweto gebeur het, het my diep geraak - mens begin maar so stadig vrae vra...

**Toe gaan studeer jy op RAU en word geskors. Wat het gebeur?**

Op RAU was ek betrokke in Polstu en ons, ek en Jansie en 'n paar ander vriende, het altyd ure lank gesit en praat en praat - gewoonlik oor baie esoteriese goeters soos Marxisme en eksistensialisme. Jansie het 'n groot invloed op my lewe gehad. Sy het vier jaar lank in Amerika studeer en deur haar het ek die eerste maal kontak met swartmense op 'n sosiale vlak gemaak. Ek het al sterker begin voel oor apartheid en dit ook gesê. Die administrasie, dosente en studente het nie hiervan gehou nie. Hulle het byvoorbeeld eenkeer al my notas in die koshuis verbrand.

**Het jy toe reeds enige politieke raamwerk gehad en geweet waarheen jy polities wil gaan?**

Nee. Ek het net geweet dat ek nie army toe sal gaan nie.

Mens soek maar net heeltyd - daar is geen politieke raamwerk waarbinne jy goed doen of sê nie en ek het geweldig gefrusteerd en geïsoleerd gevoel tussen die ander studente - daarom was my klein groepie so belangrik.

**Was jy polities betrokke?**

Ja, in 1980 met die groot skole-boikotte en ek het aan 'n ondersteuningsgroep van studente behoort. Ons het meestal pamflette versprei. Die kontak met die swart skoliere was baie belangrik. Daar het ek gehoor van die ANC - voor dit het ek niks meer geweet as wat die SAUK se propaganda gesê het nie.

**Hoe het die kampus reageer oor wat jy gedoen en gesê het?**

Ag, die gewone. Ek was 'n kafferboetie en hulle het my Rooi Carl genoem. Vroeg in 1980 het Eugene TerreBlanche op RAU kom praat. Ek het myself verskriklik opgewerk oor sy rassistiese opmerkings en vra hom toe 'n vraag. Hy het my 'n pienk kaffer genoem en gesê, ek onthou dit baie goed: "Ons sal jou nog wys hoe ons met mannetjies soos jy maak".

**Hoekom is jy geskors?**

Ek en Jansie en Tobie, 'n vriend, het laat een nag posters op kampus geplak wat vra vir die vrylating van Nelson Mandela en geïntegreerde skole. Tobie het gepraat en die administrasie het dissiplinêre stappe teen ons geneem. Hulle was almal daar: Prof De Lange van die Broederbond, die studente-dekaan. Hulle het gesê ek moet om verskoning vra en alles terugtrek wat die plakkate gesê het. Ek het geweier en is geskors.

**Toe sluit jy by die ANC aan? Hoe?**

Ek het aansoek by Unisa gedoen, maar hulle het 'n sertifikaat van goeie gedrag vereis wat RAU nie vir my wou gee nie. Toe wou ek in die buiteland studeer, maar het later besluit om kontak met die ANC te gaan maak. Ons het letterlik in die kar geklim en is na Botswana. Ons het gehoor van die ANC-kontak in Botswana en is soontoe en het in 'n hotel ingeboek.

**Was jy bang? Het jy besef wat jy doen?**

Ja, ek was ontsettend bang. Ek was seker nie 100 persent seker nie, maar ek moes besluit waarheen nou. Ek wou seker wees oor die gewapende stryd - as mens 'n wit intellektueel is, wil mens mos alles intellektueel verstaan. Met die res van die ANC het ek nie probleme gehad nie. Hulle was werklik gekant teen apartheid en was verteenwoordigend, maar ek kon nog nie die gewapende stryd aan myself regverdig nie.



Carl Niehaus

(Foto: Gavin Sinclair)

Ons was ook dom gewees. Toe ons na 'n week terugkom, het hulle ons by 'n grenspos gevang met 'n kopie van "No easy walk to freedom" van Nelson Mandela. Jansie, omdat die boek in haar tas was, het 'n opgeskorte vonnis gekry. Maar ons was ANC-lede en het ons keuse gemaak.

**Hoe het jou ouers reageer oor die skorsing? Het hulle geweet van die ANC?**

Nee. Nee. Hulle is konserwatief - soos in KP. Hulle was baie ontsteld oor die skorsing omdat hulle baie hard gewerk het om ons op universiteit te kan laat leer. Dit het hulle baie seer gemaak, maar ons verhouding het nooit doodgegaan nie. Afrikaners is mos maar so. Hulle familie-bande is baie sterk, selfs al verskil hulle radikaal.

**Nou waar kom jy en jou idees vandaan indien jou ouers so konserwatief is?**

Dit is een ding wat nou nog baie hartseer is vir my. My idees, van liefde vir mense, menseregte en omgee, kom van my ouers af. Hulle het dit vir my geleer, maar weens apartheid glo hulle dat dié liefde en warmte net beperk moet wees tot een groep. Al hulle idees is deur apartheid verwring en ingeperk.

**Nou is jy 'n ANC-lid. Hoekom het jy nie oorsee gaan studeer nie?**

Die ANC het gesê dat hulle mense nodig het in die land. Ek wou ook nie meer gaan nie omdat daar soveel was om binne die land te doen. Ons het kommunikasie-netwerke opgestel, inligting versprei en mense gewerf. Ek het in Alexandra vir 'n jaar gewerk - dit was in 1982. Ek het uit die NG kerk bedank weens hul volgehoue steun aan apartheid en het 'n lidmaat van die NG Sendingkerk in Alexandra geword.

Hoewel dit 'n baie paranoïese tyd was, PW Botha se hand van onderdrukking het al hoe swaarder geword, was dit ook baie opwindend. Ek het kontak gemaak met ander Afrikaanse studente en met hulle oor die ANC gepraat. Dit was ook moeilik omdat mens nie met mense kan praat nie. Dit was net ek en Jansie en ons ander ANC-kontakte wat ondergronds gewerk het.

**Wat het jy vir die ANC gedoen?**

Inligting ingesamel oor wat op kampusse aangaan, wat gebeur in die kerk, wat gebeur polities. Ek het na 'n jaar in Alexandra ook by Wits ingeskryf en het betrokke geraak in studente-politiek.

**Hoe het dit gebeur dat jy inligting vir militêre aksies begin insamel het?**

In 1983 het Suid-Afrika, ook die ANC, 'n nuwe fase betree. Die driekamer-parlement is gestig. Later die UDF. Omdat daar nie streng skeiding was tussen politieke en militêre werk nie, het dit net gebeur. Ons, ek en Robert Whitecross en Jansie, het inligting begin insamel oor moontlike teikens vir militêre aksies deur die ANC. Whitecross en ek het saam met ander mense in 'n kommune in Berea gewoon. Ons het foto's geneem en die terrein (van die gasfabriek) leer ken. Op 23 Augustus 1983 het ons almal teruggekom van Kaapstad waar ons was vir die loodsing van die UDF. Ongeveer vieruur dié oggend was die Veiligheidspolisie daar en is ons in hegtenis geneem. Jansie, ek en Whitecross is aangehou.

Dit was gou-gou duidelik dat Whitecross gepraat het. Die polisie het gedetailleerde inligting gehad en ek het ook gehoor dat Whitecross na 'n dag vrygelaat is. Toe weet ek. Carl, nou word jy gevat. Whitecross het getuig en alles gesê. Aanvanklik was ek baie bitter, maar dit het in die tronk weggegaan.

**Sal jy hom weer wil sien?**

Ja graag. Ek wil vir hom vra of hy dan niks geglo het in wat ons altyd oor gepraat het nie. Dalk het hy verander. Hy is glo nou in die Veiligheidsafdeling in John Vorster.

**Hoekom het jy onskuldig gepleit op die aanklagtes van hoogverraad?**

Maar ek het mos nie my land verraai nie.

**Hoe het jy gevoel toe jy 15 jaar kry en Jansie vier?**

Ek weet nie. Mens vries vir so 'n paar minute.

**Hoe was die tyd in die tronk?**

Die eerste paar maande was baie erg, veral die eerste maand en 'n half in eensame opsluiting. In die eerste vier maande mag ek en Jansie ook geen kontak met mekaar gehad het nie. Die eerste aand het dit heeltyd gereën. Ek kon nie slaap nie en het heeltyd na die grys binneplaas gekyk. Die mure waarteen die water afloop en ek onthou die sleutels wat in honderde slotte draai en weergalm.

**Jy en Jansie is in die tronk getroud. Hoekom?**

Oor die band. Die staat het vir twee en 'n half jaar geweier dat ons trou sonder om werklik redes te verskaf. Dit was goed om te weet dat ons getroud is.

**Wat het jy die meeste gemis terwyl jy in die tronk was?**

Vir Jansie, ruimte en om self te besluit wat ek met die ure van die dag gaan doen. Ek het kinders gemis en het eers na vyf jaar in aanhouding 'n baba gesien. Ek kon nie glo hoe klein 'n baba is nie. En reuke - soos van droë gras en om kaalvoet op nat gras te loop. Ek het teaters en kunsuitstallings gemis, maar ek het vir Jansie die meeste gemis.

**Beskou jy jouself as 'n Afrikaner?**

Ja, maar in die eerste plek is ek 'n Suid-Afrikaner. Afrikanerskap word eng en eksklusief gedefinieer.

**Wat nou?**

Nou moet ek werk aan my verhouding met Jansie. Ons het baie jare gemis. Sy het vier jaar gesit en ek sewe en 'n half. Ek moet my ouers en vriende gaan sien en daardie verhoudings opbou. Ek weet nog nie watter werk ek gaan doen nie. Dit sal óf vir die ANC óf die SA Raad van Kerke wees. Ek is nou sterker as ooit oortuig van ANC se ideale en wil help om versoening tussen mense te bring.

# Kohl se droom word 'n ekonomiese nagmerrie

**Die euforie van Duitse hereniging is verby. Sokkergeweld en protesoptogte deur ontevrede werkloses torring aan kanselier Helmut Kohl se droom van 'n vooruitstrewende land. RICHARD INGHAM doen verslag**




Duisende werkers van die chemiese nywerheid protesteer in Leuna in die ou Oos-Duitsland teen die ekonomiese verval en verlies aan arbeid (Foto: AP)

BERLYN - Kanselier Helmut Kohl se droom van 'n vooruitstrewende, verenigde Duitsland is in Oos-Duitsland besig om in 'n nagmerrie van werkloosheid, opkomende protes en sokkergeweld te ontaard.

Minder as vier maande gelede het Kohl die Oos-Duitse kiesers verseker dat hulle deur die kommunistiese juk af te skud en 'n vryemarkstelsel te aanvaar - nou 'n "bloeiende land" kan bou.

In die eerste vrye verkiesing in 'n verenigde Duitsland sedert die opkoms van Adolf Hitler, het Kohl op 2 Desember 1990 'n groot oorwinning by die stembus behaal. Sy gewildheid, as argitek van Duitse eenheid, het ongekende hoogtes bereik.

Maar nou is daar onweerswolke op die horison, en Kohl se politieke loopbaan lyk wankelrig.

Hoe wankelrig, is die week aangetoon toe tienduisende werklose Oos-Duitsers in Leipzig (die wieg van die 1989-revolusie) en heelparty ander stede geprotesteer het teen Kohl se ekonomiese beleid.

Die grootste protesoptog sedert eenwording het gevolg op 'n naweek van sokkergeweld waarin werklose sokkerboewe waarvan talle lede van die nuwe fascistiese groepe wat in die vrugbare teelaarde vir ontevredenheid ontstaan het - amok gemaak het in Rostock, Cottbus en Dresden.

Die magtige staalwerkersvakbond, IG Metall, het 'n beroep op die inwoners van Leipzig gedoen om die tradisie van die revolusie voort te sit deur een maal per week te protesteer "totdat ons nie meer soos tweedehandse burgers behandel word nie".

'n Radikaal-linkse LP, Werner Schulz, is luid toegejuig toe hy sê: "As Kohl nie na ons toe kom nie, gaan ons na hom toe."

Die DGB-vakbondkonfederasie het dié week 'n reeks protesoptogte in werkersklasstede rondom Berlyn aangekondig wat op 1 Mei 'n hoogtepunt sal bereik in 'n reuse-optog na die Reichstag, die ou parlementsgebou.

Die dagblad Berliner Zeitung lewer dié kommentaar: "The vreugde wat saam met hereniging en die Duitse mark gekom het, is weg. Vrees en wanhoop voer die botoon."

Hoewel die ou Duitse Demokratiese Republiek (Oos-Duitsland) talle foute gehad het, was werkloosheid nie een van die land se probleme nie.

Maar met 'n werksmag van slegs agt miljoen, is 2,6 miljoen as werkloses of deeltydse werkers geregistreer.

Volgens sekere kenners kan dié syfer toeneem tot vyftig persent van die werksmag.

Veral die Treuhand loop deur. Dit is die agentskap wat die taak het om staatsindustrieë te privatiseer en subsidies - 'n groot las op die Duitse ekonomie - te verminder.

In die afgelope ses maande het die Treuhand honderde fabrieke gesluit en die motor, tekstiel- en chemiese sektore erg geknou. Gewese witbroodjies van die staat, wat voorheen rojaal deur die staat ondersteun is, is tot 'n breukdeel van hul vorige grootte gereduseer: Pentacon, die vervaardigers van Practika-kameras; die Zwickauwerke, waar Wartburg-motors vervaardig word; en Carl Zeiss Jena Optik, die vervaardiger van optiese toerusting en lasers.

'n Verdere skok het dié week gevolg op die regering se aankondiging dat die huur van staatshuise in Oos-Duitsland vanaf 1 Augustus met 360 persent verhoog gaan word.

Intussen word private beleggings in Oos-Duitsland as sterk beskou, maar nie naastenby op die dié vlak van die vyftiger- en sestigerjare toe 'n "Wirtschaftswunder" (ekonomiese wonderwerk) Duitsland uit die puin van die Tweede Wêreldoorlog laat herrys het nie.

Talle voornemende beleggers word steeds afgeskrik deur moontlike aansprake op grond deur die vorige eienaars wie se eiendom deur die kommuniste gekonfiskeer is.

Die gevolg vir Kohl was 'n daling in gewildheid met agt persentasiepunte. Kenners meen hy sal sy ambisieuse plan om markkragte na die ooste in te voer, moet afskaal.

* Duitse amptenare het dié week bontgestaan om geldmarkte te kalmeer ná die dollar se skielike goeie vertoning op Europese geldmarkte na 'n opmerking deur die president van die Bundesbank, Karl-Otto Poehl, dat Duitse eenwording 'n ekonomiese ramp is.

Horst Koehler, staatsekretaris by die departement van finansies, sê daar was "geen rede tot paniek" of om verder beswaard te wees oor die hereniging van die twee Duitslande nie.

Poehl sê die besluit om die Oos- en Wes-Duitse mark met hereniging gelykwaardig te maak, het tot 'n ekonomiese "ramp" gelei.

Dié opmerking, bedoel as waarskuwing vir die gevolge van oorhaastige ekonomiese en monetêre vereniging in die Europese Gemeenskap, is klaarblyklik verkeerd vertolk as 'n stelling oor die ekonomiese vooruitsigte van Duitsland.

Helmut Kohl het skerp gereageer op die beskuldiging van Poehl en gesê dat dit 'n "absolute politieke noodsaaklikheid" was. Tydens 'n vergadering van sakemanne en vakbondleiers het Kohl gesê as monetêre eenheid nie plaasgevind het nie, sou Oos-Duitsland ontsaglike sosiale probleme in die gesig gestaar het.

Hy het ook bygevoeg dat hy steeds glo 'n verenigde Duitsland sal binne die volgende drie tot vyf jaar dieselfde lewenstandaard regoor die land hê. - AFP

## Afrikaan vir sekretaris-generaal?

NEW YORK - Na sy daadwerklike optrede in die Golf geniet die VVO groot aansien in die wêreld, en alle oë is op die organisasie om te sien wie die huidige sekretaris-generaal, Javier Perez de Cuellar, gaan opvolg.

Die kandidate sluit in twee Europeërs, twee Latyns-Amerikaners, sewe Afrikane en drie Asiërs.

Die ongeskrewe reël is dat die sekretaris-generaal se pos geografies roteer. De Cuellar, 'n Peruaan wat die pos in 1982 ingeneem het en die einde van die jaar uittree, het vir Kurt Waldheim van Australië opgevolg.

Hoewel dit beteken dat 'n Afrikaan 'n goeie kans staan om die pos te vul, wil dit voorkom of daar nie een is wat genoeg ondersteuning het nie. Hulle is Bernard Chissero van Zimbabwe, Olara Otunno van Uganda, James Jonah van Sierra Leone, Joseph Garba en Obusegun Obasanjo van Nigerië, Abdul Diuf van Senegal en Salim Salim van Tanzanië. - AFP

## Israel gereed vir 'n miljoen immigrante

JERUSALEM - Israel hoop om voor die einde van 1993 'n miljoen nuwe immigrante by te kry.

Reusagtige bedrae geld is begroot om die nuwe aankomelinge te integreer, sê amptenare van die Joodse agentskap verantwoordelik vir dié operasie.

Die voorsitter van die agentskap se uitvoerende komitee, Simcha Dinitz, het onlangs gesê 'n miljoen nuwe immigrante, meestal Sowjet-Jode, word voor die einde van 1993 verwag.

"Dié operasie kom daarop neer dat die Verenigde State die hele Franse bevolking binne drie jaar inkorporeer," sê 'n segspersoon van die ministerie van immigrasie.

"Die golf van immigrante het afgeneem in Januarie en Februarie, maar het weer tot op die voor-oorlogse vlakke gestyg en sal binnekort 'n duisend nuwe aankomelinge 'n dag bereik," sê Gad Ben Ari van die agentskap.

Dié uitlating van Ben Ari volg op 'n mosie wat deur die opposisie in die parlement ter tafel gelê is waarin die regering gekritiseer word dat hul immigrante-inskakelingsprogram misluk.

"In Maart verwag ons die aankoms van 15 000 immigrante, en in April nog 20 000. Ons reken op 300 000 - 400 000 nuwe immigrante voor die einde van 1991, vergeleke met die 200 000 wat in 1990 aangekom het," sê hy. - AFP

# Hoe om 'n siek land gesond te maak

**Met die verandering in Suid-Afrika gaan ons nie net rugby-toere en internasionale kunstenaars hier kry nie. Daar is ook mense in ander lande wat worstel met dieselfde probleme wat ons ondervind en wat belang stel in hoe ons hulle gaan oplos. Veral Suid-Amerikaanse lande het, wat politieke geweld betref, baie met Suid-Afrika gemeen - en besoeke deur mense uit dié lande wek groot belangstelling. Die uitruil van idees en ondervindinge het begin. Joanne Tortorici, 'n politieke sielkundige van Nicaragua, is nou in Suid-Afrika. AUDREY BROWN het by haar gaan hoor hoe gaan dit in dié land**



Joanne Tortorici

**Wat doen 'n politieke sielkundige?**
Hulle is daar om bevredigende maatskaplike oplossings te vind vir maatskaplike probleme. Dit is 'n verrykende ondervinding vir psigoloë om politieke menings te vorm, en dan op 'n geïntegreerde manier saam te werk aan die bevordering van geestesgesondheid. Mense verwag van politieke sielkundiges om sinryke kommentaar op die samelewing te lewer. Ons moet die vertroue wat mense in ons het op só 'n manier benut dat die hele samelewing daarby baat vind.

**Wat doen jy hier in Suid-Afrika?**
Ek is deur vriende en kollegas in die Gesinsinstituut en aan die Universiteit van Wes-Kaapland genooi om werkwinkels te hou oor die werk wat ons in Nicaragua doen, om te praat oor die model vir geestesgesondheid wat ons bruikbaar vind in 'n situasie waar daar só min bronne is om mee te werk. Ek is ook hier om inligting en kennis van my kollegas hier te ontvang, want ons kan ook leer uit Suid-Afrika se ondervindinge. Jy weet, vanweë die isolasie van Suid-Afrika weet ons baie min van dié land en ons is natuurlik baie geïnteresseer in die probleme hier, én die oplossings wat gevind kan word. Ek is dus hier om te leer. En as sielkundige werkers hoop ons om 'n internasionale inligtingsnetwerk op die been te bring sodat ons almal kan leer.

**Met die situasie soos dit is in Nicaragua, vind jy dat die stryd om geestesgesondheid te bevorder aangehelp word deur die owerhede?**
In Nicaragua word die sielkunde nie hoog aangeslaan nie. Die nuwe regering onder Violetta Chamorro is nie geïnteresseer in van die projekte wat ons aan die gang het nie. Die vooruitgang wat deur die Sandinista-regering gemaak is, word sterk ondermyn onder die Chamorro-beleid. Die stappe wat gedoen is om gratis gesondheidsdienste te kry, word in die wiele gery. Medisyne is duur en onbekombaar en boonop is 'n "klasse"-stelsel nou in hospitale ingevoer. Mense wat self vir hul mediese sorg betaal, word apart gehou en kry beter versorging - terwyl arm mense maar moet sien en kom klaar. Maar dit is nie buitengewoon vir baie lande om die sielkunde as die weeskind van gesondheidshulp te behandel nie.

Die owerhede verstaan glad nie die rol wat geestesgesondheid in die algehele gesondheid van mense speel nie. Vir hulle is dit 'n soort luukse.

Wat ons in Nicaragua probeer doen, is om die karige hulpbronne wat daar is te gebruik om sielkundige dienste uit te brei. Ons hou byvoorbeeld werkwinkels waar mense kundige opleiding kry - en dan dié ondervinding terugbring na hul tuisgebiede en ánder mense oplei. Hulle word opgelei om algemene probleme uit te ken en te behandel. Tot dusver het ons omtrent 2 000 sielkundige werkers opgelei.

**Het die politieke probleme in Nicaragua die laaste twintig jaar gelei tot bepaalde sielkundige probleme?**
Ja. In die eerste plek is die hele bevolking - die sielkundiges inkluis - vasgevang in 'n spinnerak van uiterste spanning weens die oorlog, konflik, gesinne wat uitmekaar geskeur is deur militêre werwing en die soektog na werk in verskillende dele van die land. Maar die grootste probleem is sekerlik dié van hartseer en droefheid weens die dood van 'n naaste, veral in die oorlog, maar ook weens siektes wat voorkombaar is. Kinders sterf veral aan masels, kinderverlamming en diarree - almal siektes wat voorkombaar is. Hartseer teister dus 'n groot deel van die bevolking.

**Gegewe die politieke situasies in Suid-Afrika en Nicaragua, kan jy 'n vergelyking tussen die twee lande tref?**
Daar is 'n hele paar ooreenkomste. Ten eerste is daar die geweld van die twee stelsels: die konflik in die samelewing weens die politieke stelsel en die geweld wat dit meebring. Ek praat nou van aanhoudings, politieke moorde en ontvoering. Die vernietiging van die gesinslewe wat swart mense in Suid-Afrika ondervind, sien ons ook in Nicaragua. Mans het dikwels meer as een gesin in verskillende dele van die land omdat hulle nie 'n vaste werk op 'n bepaalde plek kan vind nie. Dié ooreenkomste sien ek so in die gesels met mense raak: met my besoeke aan verskillende plekke hier hoor ek van só baie dinge wat ooreenstem met wat in Nicaragua gebeur! Maar dit is baie opwindend om te sien dat daar sielkundiges in dié deel van die wêreld is wat met dieselfde probleme worstel as ons in Nicaragua. Ons het almal 'n veel beter kans om te slaag as ons ons ondervindinge kan deel.

**Watter probleme het julle onder kinders gevind?**
Ons het begin werk met kinders wat slagoffers was van die oorlog - weeskinders en vlugtelinge. Mettertyd het ons besef dat mense in ander dele van die land ook deur die oorlog geraak is. Ons moes dus ons program verbreed, want 'n groter deel van die bevolking was in gevaar. Maar kinders is in enige samelewing in 'n baie weerlose posisie - hulle is afhanklik van grootmense en die gesondheid van die gemeenskap om te oorleef en floreer. En die kritieke probleem onder die kinders het eintlik te doen met die ekonomiese krisis wat die land nou beleef. Sommige mense hou net-net die kop bo water - terwyl die meerderheid die stryd glad nie wen nie. Kinders het ekstra versorging, aandag en voeding nodig - wat hulle glad nie kan kry as die gesin só naelskraap lewe nie. Dan loop hulle nog die gevaar van kindersiekte-epidemies. Maar die skrikwekkendste verskynsel van kinders in konflik is dat hulle hul geloof in die mensdom volslae verloor. Hulle vertrou nie ander mense nie, en hulle glo nie in die toekoms nie. As jy só 'n kind sou vra wat hy gaan word as hy groot is, sal daardie kind sy antwoord begin met: "As ek nog lewe, sal ek..." Hulle het geen sekerheid dat hulle ooit sal grootword nie.

**Doen julle enige werk onder ryk mense? Want kyk jy na Suid-Afrika, sien jy dat wit mense bekommerd is oor geweld en misdaad. Ons het ook die eienaardige verskynsel van gesinsmoorde onder Afrikaners. Is daar enige soortgelyke verskynsels in Nicaragua?**
Ons het geen projekte wat op gegoede mense toegespits is nie, maar ek het sekere indrukke oor hoe hulle reageer. Baie van dié wat die land uit gevlug het nadat die Sandinista-regering oorgeneem het, het onlangs weer teruggekeer ná Violetta Chamorro se oorwinning. Hulle is vertel dat al hul eiendom wat in die revolusie genasionaliseer is, aan hulle teruggegee sal word. Hulle was baie gelukkig daaroor. Maar hulle het verwag dat die ekonomie oornag sal verander, dat dit soos die ou dae sal wees. Toe hulle sien sake het nie verbeter nie, het hulle wéér gevlug. Van dié wat besluit het om te bly, hoop dat die nuwe regering sal aanhou om hulle te beskerm. Maar mense in dié klas het natuurlik 'n keuse - hulle kan altyd terugkeer na die buiteland - en dit is 'n veiligheidsklep vir hul geestesgesondheid.

**Sien jy enige hoop in die situasie?**
Om mense gesonde lewens te laat lei, moet die ongelykhede in die stelsel uitgestryk word en dié proses moet arm mense begunstig. En die regering aan bewind moet besef dat die konflik en chaos eenvoudig sal aanhou totdat dié dinge reggestel word. Hulle kan nie verwag dat mense met geen kos of klere nie, wat voortdurend hul kinders moet sien sterf aan voorkombare siektes, vir ewig só kan aanhou nie. Daarom dink ek amper die vraag is nie wat moet gebeur om die situasie te beredder nie, maar wat sál gebeur as die situasie nié verander nie. Mense kan net sóveel verduur. As hulle met hul rûe teen die muur staan, sal hulle in opstand kom. In Nicaragua het die stryd om die regte van arm mense agteruitgegaan, en daarom sal ons nog steeds konflik sien - want die mense wil vorentoe. Dit is geen dreigement nie, dit is 'n waarneming.

**Suid-Afrika staan op die drempel van verandering. En in Nicaragua het verandering reeds geskied, hoewel jy glo dat dinge weer agteruitgaan. Watter soort vordering kan mense maak met verandering - en hoe kan dié vooruitgang beskerm word?**
Wat mense in Suid-Afrika uit Nicaragua se ondervinding kan leer, is dít: as daar gekyk word na die probleme van die armes, en pogings aangewend word om dié probleme op te los, dan vind die hele land baat daarby. Dit skep 'n land waar harmonie en vrede begin blom. In die revolusie in Nicaragua het mense die stryd teen kleutersterftes gewen, die probleem van ongeletterdheid is aangespreek en mense het hul waardigheid teruggewin. Hulle het meer waardevol gevoel en hul gemeenskappe herbou deur die omgewing op te ruim en veldtogte teen misdaad te reël.

Dit het alles van die grassroots gekom en die regering het al dié inisiatiewe ondersteun. Maar dit kan natuurlik nie sonder 'n prys geskied nie.

**Het jy hoop vir die toekoms van Nicaragua?**
Nicaragua is 'n land wat 'n bepaalde vorm van politieke ondermyning deur die VSA ondervind het. Die Somoza-dinastie, wat deur die Amerikaners aan bewind gehou is, het mense bloedig onderdruk met die Nasionale Burgerwag, hul leër. In 1978 het die opstand begin en in 1979 het die revolusie oorwin. Maar nie voor 'n bloedige oorlog gevoer is nie - en die mense van die land het dit gesamentlik deurgemaak. Hulle het enorme vordering gemaak in die stryd om meer beheer oor hul lewens te kry. Vroue-regte is vir die eerste keer gewaarborg, opvoeding en gesondheid was vry en almal was eufories. Kleinboere is grond gegee - en 'n wapen om dit mee te beskerm. Waar hulle voorheen vir afwesige landhere moes werk, is hulle vir die eerste keer die wettige eienaars van hul grond.

Die feit dat mense al dié dinge kon wen, wakker die hoop aan dat dit wéér kan gebeur. Mense het nie vergeet hóé wonderlik dit was nie.

THE FAMILY INSTITUTE
presents a public address by
DR JOANNE TORTORICI
on
**The Effects of War and Violence on Children**
(Dr Joanne Tortorici is an expert in the field of public violence, having worked with children in extremely violent situations, survivors of war, torture and natural disasters in the U.S. and Nicaragua. She is UNICEF consultant to the Program for Children in Especially Difficult Circumstances and National Co-ordinator of the Child Victims of War Project in Nicaragua)
**Friday the 22nd March 1991**
**at 5.45pm for 6.00 at the Funda Centre, Soweto**
ALL WELCOME

# WAT SUID-AFRIKA NET SO NODIG HET AS MANNEKRAG. VROUEKRAG.

IN SUID-AFRIKA WORD DAAR ELKE 26 SEKONDES 'N BABA GEBORE. TEEN HIERDIE TEMPO GAAN DIE LAND BINNE EEN GESLAG 'N BEVOLKING VAN 80 MILJOEN HÊ EN SAL DIE BEVOLKING STEEDS GROEI. DUISENDE VAN HIERDIE MENSE SAL STERWEND VAN DIE HONGER EN ALLERHANDE SIEKTES, ONDER SWAAR ARMOEDE GEBUK GAAN NAMATE DIE LAND EN SY HULPBRONNE NET NIE DIE ONDRAAGLIKE MENSELAS KAN DRA NIE. OM DIE PROBLEEM EERS OOR EEN GESLAG TE WIL OPLOS, SAL NET MOOI EEN GESLAG TE LAAT WEES. WANT DIT IS 'N GEVAL VAN NOU OF NOOIT. ONS HET NÓÚ DIE GELEENTHEID OM IETS DAARAAN TE DOEN. MET UNIEKE KRAG. VROUEKRAG. VROUE WAT ANDER VROUE LAAT BESEF DAT HULLE DEUR 'N KLEINER GESIN HUL KINDERS 'N BETER KANS OP OORLEWING EN 'N BETER LEWE KAN GEE. VROUE WAT ANDER VROUE BEWUS MAAK VAN HOE ONONTBEERLIK ONDERWYS EN OPLEIDING VIR HUL KINDERS IS OM TOT PRODUKTIEWE, GELUKKIGE VOLWASSENES OP TE GROEI. VROUE WAT ANDER VROUE LEER LEES EN SKRYF SODAT HULLE OOK DIE VOORSPOED EN SELFRESPEK KAN ERVAAR WAT GELETTERDHEID MEEBRING. VROUE WAT ANDER VROUE NUWE VAARDIGHEDE HELP AANLEER WAT HUL GESINSLEWE KAN VERBETER EN EKONOMIESE MOONTLIKHEDE KAN SKEP WAT VOORHEEN ONMOONTLIK WAS. VROUE WAT ANDER VROUE INLIG OOR DIE NOODSAAKLIKHEID VAN GESONDHEID EN OOR DIE GESONDHEIDSFASILITEITE WAT TOT HULLE BESKIKKING IS. MET ANDER WOORDE, VROUE WAT ANDER VROUE HELP OM SUID-AFRIKA TE HELP. VROUE WAT HULLE KRAGTE INSPAN OM 'N BETER MÔRE TE VERSEKER. VIR HUL KINDERS EN HUL KINDSKINDERS. AS JY OOR DIE VASBERADENHEID BESKIK WAT NODIG IS OM DAADWERKLIK BY ONS VROUE-VIR-VROUEVELDTOG BETROKKE TE RAAK EN MEER BESONDERHEDE VERLANG, SKRYF AAN: VROUEAANGELEENTHEDE, BEVOLKINGSONTWIKKELING, PRIVAATSAK X828, PRETORIA, 0001.

BOP
BEVOLKINGSONTWIKKELINGSPROGRAM

VROUE HELP VROUE OM HULSELF TE HELP.

KLERCK & WHITE - A SAATCHI & SAATCHI AGENCY/19128

# Armoede knou duisende se gesondheid

**Van dié wat nie het nie, word weggeem - veral hul gesondheid. In Suid-Afrika ly duisende swart mense aan voorkombare siektes omdat hulle as die ekonomies verwaarloosde deel van die bevolking in haglike omstandighede moet bly. ESMA ANDERSON neem die situasie in oënskou**

SWART Suid-Afrikaners is ekonomies die mees verwaarloosde deel van die bevolking en ly ook die meeste aan voorkombare siektes. Dit hou regstreeks verband met die swak lewensomstandighede waarin mense in townships en veral plakkersdorpe en landelike gebiede leef, sê dr Eric Buch, Algemene Sekretaris van die Nasionale Progressiewe Primêre Gesondheidsorg Netwerk.

Die Wêreld Gesondheidsorganisasie (WGO) van die VVO sê genoeg vars water, bevredigende voeding, voldoende behuising en doeltreffende sanitasie is noodsaaklik om die gesondheid van mense te beskerm. Vir baie Suid-Afrikaners bestaan dié geriewe egter nie. Dit hou 'n hele reeks gesondheidsgevare in - waarvan wanvoeding een van die grootste probleme is.

Ina Perlman, uitvoerende direkteur van Operasie Honger, sê wanvoeding het in die jare 1985-'85 tot 55% van alle sterftes onder kinders onder ses jaar veroorsaak. Sedert 1986 het dit gedaal tot sowat 26%.

"Dat soveel kinders doodgaan, is 'n skande vir 'n land met 'n bruto nasionale produk soos dié van Suid-Afrika," sê sy.

Hoewel voedingstandaarde in die laat tagtigerjare aansienlik verbeter het, staar 'n nuwe krisis Suid-Afrika nou in die gesig. Perlman sê hulle vind dat wanvoeding in sommige landelike gebiede en plakkersdorpe sedert Januarie 1990 met tot 400% toegeneem het. In Noord-Kaapland alleen hou Operasie Honger tans 250 000 mense aan die lewe - maar in dié gebied het nóg 250 000 reeds aansoek om koshulp by die organisasie gedoen.

Sy skryf dié styging toe aan 'n hele aantal faktore, waarvan die swak ekonomiese klimaat die grootste is. In baie van die landelike gebiede is die mense afhanklik van mynwerkers se inkomste en die groot aantal mynwerkers wat die laaste ruk ontslaan is, ontneem honderde duisende mense van hul enigste bron van inkomste. Dié situasie, sê Perlman, word vererger deurdat mynwerkers gewoonlik ongeletterd is en geen ander werk kan kry nie.

Die mense wat die swaarste kry, is dié in landelike gebiede en die werkers in die wynland en Swartland-gebiede, sê Perlman. "Hulle word onmenslik lae lone betaal, veral plaaswerkers. Die situasie word ook vererger deur die stelsel wat boere soms gebruik om werkers te vergoed met goedere eerder as ordentlike lone. Van dié mense kry maar R30 per maand."



Onhigiëniese lewensomstandighede benadeel die gesondheid van duisende Suid-Afrikaners *(Foto: Lise Joubert)*

Mimi Sesoko, 'n woordvoerder van die Rural Advice Centre, sê wanvoeding word vererger deur die gebrek aan selfhelp-skemas en bystand aan bestaansboere.

Opvoeding oor goeie voeding is broodnodig, sê sy, want mense wat wel hulself kan onderhou, eet dikwels net pap en weet nie hoe belangrik proteïne en vitamines nie.

Vars water is in groot dele van die land baie skaars. In sekere landelike gemeenskappe moet mense tot drie ure stap om drinkwater te gaan haal. Plakkersdorpe het dikwels ook nie krane nie, wat beteken dat mense ook lang afstande moet aflê om water te kry.

'n Gebrek aan vars water skep talle gesondheidsprobleme. Swak of afwesige riolering, staande water of water wat nie gesuiwer is nie, stel mense bloot aan siektes soos diarree (wat die meeste kindersterftes in ontwikkelende lande veroorsaak), tifus, buikloop en hepatitis. Die kanse op die uitbreek van cholera is ook groter.

As mense nie genoeg water drink of beskikbaar het om te was nie, vergroot die gevaar van vel- en ooginfeksies, asook besmetting met wurms. Selfs al is water nie vars nie, kan genoeg waswater die voorkoms van dié siektes verminder.

In dele van die Ciskei is daar vir elke mens gemiddeld nege liter per dag beskikbaar - terwyl die WGO bepaal het dat een mens 50 liter water per dag nodig het om te drink, te kook en te was.

In verskeie plakkersdorpe word outydse emmerstelsels gebruik vir toiletgeriewe. Dié emmers loop maklik oor, sê Buch, en dit gebeur dikwels dat riool in die strate vloei. Die gesondheidsgevare hieraan verbonde is skrikwekkend.

Swak riolering kan ook die voorkoms van lintwurms en siektes wat deur vlieë oorgedra word, verhoog.

Siektes wat deur swak behuising veroorsaak word, is baie meer kompleks. Die mees algemene gesondheidsprobleme wat met swak behuising gepaard gaan, hou verband met 'n gebrek aan elektrisiteit en brandstowwe, oorbevolking en gebrekkige verwydering van vuilgoed.

Mense sonder elektrisiteit wat steenkool vir stowe en verhitting gebruik, kry makliker longontsteking (die tweede grootste oorsaak van dood onder jong kinders). Dit word vererger as daar baie mense in 'n huis woon.

Die geweldige behuisingstekort in Suid-Afrika lei daartoe dat mense in krotte woon, of die beskikbare huise oorlaai. Die mees onlangse beskikbare syfers oor die behuisingstekort is dié vir 1988 - toe daar 'n totale tekort was van 1 221 000 eenhede. Hiervan is 1 050 000 eenhede nodig vir swart mense, 110 000 vir bruin mense, 36 000 vir Indiërs en 25 000 vir wit mense. Die Suid-Afrikaanse Behuisingstrust skat dat daar 'n tekort van tot 3,4 miljoen eenhede wees as mens die tuislande insluit.

Die WGO bepaal dat meer as 1,5 mense per vertrek oorlading is. In Suid-Afrika is die syfer meer as 3,5 mense per vertrek.

Die oorlading van beskikbare behuising en oorbevolking verhoog die kanse dat mense die lug inasem wat die draers van virusse uitasem. Tuberkulose, breinvliesontsteking en ander respiratoriese siektes word só oorgedra.

Sesoko sê in baie landelike gebiede woon mense in modderhutte weens 'n gebrek aan ander behuising. Veral in die reënseisoen veroorsaak dit baie probleme omdat die hutte deur die reën vernietig word.

As munisipale dienste nie beskikbaar is nie en vullis onbedek ophoop, vergroot die kans op die voorkoms van siektes wat deur rotte oorgedra word soos tifus.

In sommige gemeenskappe hoop vullis voortdurend naby huise op. Dit is veral 'n probleem in plakkersgebiede.

Ander gesondheidsgevare verbonde aan die ophoping van vullis is vergiftiging, ongelukke, beserings en waterbesoedeling, veral as daar nie krane aangelê is nie.

# Gesondheid gaan saam met politiek

**Die swak sosio-ekonomiese omstandighede wat die gesondheid van veral swart mense in Suid-Afrika knou, is te wyte aan politieke faktore, sê gesondheidswerkers. Die stryd om gesondheid is daarom deel van die breër stryd om 'n nuwe politieke bestel**

DIE grootste gesondheidsprobleme in Suid-Afrika hou verband met swak sosio-ekonomiese toestande. Menige gesondheidswerker meen dat dié probleme slegs opgelos kan word deur die politieke mobilisering van gemeenskappe rondom gesondheidskwessies.

Moss Mayekiso, president van die Civic Association of Southern Transvaal (CAST), sê: "Gesondheid is 'n kwessie wat polities afgeskeep is, daarom moet dit polities opgelos word."

Dr Eric Buch, Algemene Sekretaris van die Nasionale Progressiewe Primêre Gesondheidsorg Netwerk, stem saam. Hy sê gesondheid word hoofsaaklik beïnvloed deur sosio-ekonomiese omstandighede en die aard en struktuur van die gesondheidsdienste. Dit word deur politieke faktore bepaal.

"In Suid-Afrika is die stryd om gesondheid maar net 'n deel van die breër stryd om 'n nuwe politieke bestel daar te stel," sê hy.

Buch sê die ongelykhede wat deur apartheid teweeggebring is, is duidelik te sien in die soort siektes wat prominent is in die wit en swart gemeenskappe. Swart mense kry siektes wat gepaard gaan met armoede - terwyl wit mense siektes kry wat met 'n bevoorregte sosio-ekonomiese posisie verband hou.

"Die staat het byna al die beskikbare bronne vir die bevoorregte wit mense gehou, terwyl swart mense tevrede moes wees met tweederangse gesondheid. Dié probleem kan aangespreek word deur 'n mate van herverdeling van rykdom en mag, en 'n positiewe benadering van gemeenskapsontwikkeling."

Buch kritiseer die manier waarop die staat gemeenskapsbetrokkenheid by gesondheid benader. Die staat, sê het, het bloot al sy verantwoordelikhede op plaaslike gemeenskappe afgeskuif en dit dan "gemeenskapsbetrokkenheid" genoem.

Swart gemeenskappe het gemeen dat hulle eenvoudig meer onderdruk word deur dié tipe verantwoordelikheid, omdat hulle nòg die bronne nòg die infrastruktuur het om die verantwoordelikheid vir gesondheid te aanvaar, sê hy.

Dit lei tot wantroue by die gemeenskap teenoor alle projekte - sodat mense weerstand bied teen programme wat in werklikheid hul gesondheid kan verbeter.

Sue Goldstein, 'n lid van die uitvoerende komitee van die Suid-Transvaal streek van die netwerk, sê al manier waarop ware gemeenskapsbetrokkenheid gevestig kan word, is om die hele stelsel van plaaslike owerhede meer demokraties en toeganklik te maak. Daar moet dus in die eerste plek aan die politieke eise van die gemeenskap voldoen word voordat na gesondheid as sodanig gekyk kan word.

Sy sê daar moet ook gekyk word na maniere om toe te sien dat die arm mense in die gemeenskappe ook inspraak het, omdat dergelike strukture gewoonlik net meer gegoede mense verteenwoordig. Anders word armes se behoeftes oor die hoof gesien.

Goldstein sê die bestaande organisasies waartoe mense in die gemeenskap behoort, moet ingesluit word in 'n gemeenskapsgesondheid-komitee. Dit sluit vakbonde, civics en vrouegroepe in. Hulle is reeds georganiseer en kan maklik by so 'n program ingesluit word.

Sy sê 'n probleem wat egter opgelos moet word, is hoe om werklose mense by die strukture in te sluit. Werkloses is nie georganiseer nie en is die armste deel van die gemeenskap met die grootste gesondheidsbehoeftes.

Goldstein waarsku egter dat die gemeenskap eers die vermoë gegee moet word om al die kwessies te verstaan en sinryk deel te neem aan dergelike strukture.

"Mens kan nie van mense verwag om uit die vuis te weet wat hulle gesondheidsbehoeftes is sonder om die kwessies aan hulle te verduidelik nie.

"As jy nou 'n klomp mense op straat gaan vra wat hulle nodig het vir gesondheid, gaan hulle vir jou sê meer ambulanse en hospitale. Maar as jy al die gesondheidskwessies aan hulle verduidelik, sal hulle jou sê dat hulle meer basiese behoeftes het soos werkgeleenthede, goeie voeding, behuising, water, riooldienste en vullisverwydering, omdat dit hulle kanse verhoog om gesond te lewe en minder van hospitale gebruik te maak."

Mayekiso sê baie van die townships se civics het al gemeenskapsgesondheid-komitees gestig. Tans is hulle byvoorbeeld in Alexandra besig om lede van die komitee op te lei om opvoedingswerk in die gemeenskap te doen en 'n mini-kliniek te bestuur waar mense geleer word hoe om ondervoede en wangevoede kinders te voed en te behandel, asook wat die vereistes is vir die gesonde voeding van kinders.

Gemeenskappe dra dus reeds hul deel by tot die bevordering van gesondheid, meen Mayekiso. Die voorsiening van 'n gesonde sosio-ekonomiese omgewing en gesondheidsdienste, sê hy, is egter die staat se verantwoordelikheid - omdat dié omstandighede teweeggebring is deur apartheid, en die gemeenskappe nie die geld het om dié dienste self te voorsien nie.

Die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling sê egter dat die daarstel en onderhoud van bestaansgeriewe die verantwoordelikheid is van die toepaslike plaaslike besture.

"Die enigste wyse waarop gemeenskappe verseker kan wees van gesondheidsveilige bestaansgeriewe, is wanneer elke inwoner van sodanige gemeenskap finansieel daartoe bydra deur die plaaslike bestuur te betaal vir die dienste aan hom gelewer."

Buch meen egter dat swart mense al jare lank finansieel bydra deur verkoopbelasting te betaal en deur hulle koopkrag. Bitter min van dié geld word in die behoeftige gemeenskappe teruggeploeg.

"Swart mense van byvoorbeeld Soweto subsidieer Johannesburg al jare lank met hulle koopkrag. As dié twee stede sou saamsmelt in een nie-rassige munisipaliteit, kan van dié geld weer teruggeploeg word in die township," sê Buch.

# VANDAG VRA VROUE NIE HULP NIE.

# HULLE WIL HULSELF HELP.

GEE 'N VROU 'N BIETJIE GROENTE, EN JY DRA BY TOT 'N MAALTYD VIR HAAR EN HAAR GESIN. VIR 'N DAG. GEE HAAR 'N PAAR PAKKIES GROENTESAAD, LEER HAAR OM DIT TE SAAI EN DIT SAL HAAR IN STAAT STEL OM VIR HAAR EN HAAR GESIN TE SORG. VIR ALTYD. DIT IS SOOS WANNEER MENS IEMAND 'N VISSTOK GEE IN PLAAS VAN 'N VIS. EN DIT IS WAT SUID-AFRIKA NOU NODIG HET. NIE BINNE EEN GESLAG NIE. TEEN DAARDIE TYD, EN TEEN MEER AS 3 000 BABAS WAT INTUSSEN PER DAG GEBORE WORD, SAL DIT TE LAAT WEES. SUID-AFRIKA SAL BINNE EEN GESLAG 'N BEVOLKING VAN 80 MILJOEN MENSE HÊ EN DIE BEVOLKING SAL STEEDS GROEI. DIT SAL TOT GEVOLG HÊ DAT DUISENDE MENSE VAN HONGER, SIEKTES EN ARMOEDE STERF. DIT IS DIE REALITEITE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE SITUASIE. EN DIE REALITEITE VAN DIE LEWE IS DAT DIT MAKLIKER IS OM 'N PAAR RAND TE GEE AS OM BETROKKE TE RAAK, JOU TE ONTFERM EN VAN JOUSELF OF JOU TYD TE GEE. DIT IS MOEILIKER. DIT VERG MEER. DAAROM VRA ONS SUID-AFRIKAANSE VROUE SE HULP IN 'N PROGRAM WAT ANDER VROUE SAL HELP OM SELF HAND AAN DIE PLOEG TE SLAAN. DIT BEHELS DIE VOLGENDE: VROUE WAT ANDER VROUE SE SIENING OOR DIE GROOTTE VAN HUL GESINNE BEÏNVLOED; VROUE WAT ANDER VROUE BEWUS MAAK VAN DIE WAARDE VAN ONDERWYS VIR HUL KINDERS; VROUE WAT ANDER VROUE LEER LEES EN SKRYF; VROUE WAT ANDER VROUE VAARDIGHEDE HELP AANLEER OM DIE GESINSLEWE TE VERBETER EN NUWE EKONOMIESE MOONTLIKHEDE TE SKEP. MET ANDER WOORDE, VROUE WAT ANDER VROUE HELP OM SUID-AFRIKA TE HELP. AS INDIVIDUE BINNE HULLE GEMEENSKAPPE. OF DEUR IN TE SKAKEL BY BESTAANDE SELFHELPGROEPE. NOU. VOORDAT DIT TE LAAT IS. AS JY AS VROU GENOEG OMGEE OM DAADWERKLIK BETROKKE TE RAAK, SKRYF AAN: VROUEAANGELEENTHEDE, BEVOLKINGSONTWIKKELING, PRIVAATSAK X828, PRETORIA, 0001.

BOP

BEVOLKINGSONTWIKKELINGSPROGRAM

VROUE HELP VROUE OM HULSELF TE HELP.

KERCK & WHITE 'N SAATCHI & SAATCHI-AGENTSKAP/19055



Aartsbiskop Desmond Tutu in November 1983 by Mogopa se mense (Foto: Paul Weinberg - SouthLight)

# Onthou die konsentrasiekampe...

**Staatspresident FW de Klerk se opmerking dat daar by sommige groepe in die land 'n oordrewe gevoel van onreg oor die verlede is, is nie net sonder deernis en medelye met die veronregtes nie, meen HENNIE SERFONTEIN, maar is ook 'n politieke fout wat tot groot konflik gaan lei**

Dit is verstommend en polities gevaarlik dat FW de Klerk die gebeure van die konsentrasiekampe 90 jaar gelede, en die deurslaggewende uitwerking van dié emosie-belaaide geskiedenis op die denke van Afrikaner-nasionalisme vir baie dekades daarna, blykbaar volslae vergeet het.

Die herinneringe aan die smart en lyding van die 26 000 gestorwe vroue en kinders het heilige momente in die Afrikaner-geskiedenis geword, wat deur baie geslagte heen as brandende besieling vir vertrapte Afrikaners gedien het om hulle van die juk van Britse politieke en ekonomiese oorheersing en uitbuiting te bevry.

Hoe anders verklaar 'n mens De Klerk se onlangse onsensitiewe kwetsende opmerking: Daar is by sommige groepe in Suid-Afrika 'n oordrewe gevoel van onreg in die verlede; so kom ons vergeet die verlede.

Dít is blykbaar die beredenering agter die regering se eensydige besluit dat die laaste woord oor die grondkwessie gespreek is.

Daarmee moet drie en 'n half miljoen swart mense en honderde gemeenskappe wat deur die Nasionale Party met dwang verskuif is - honderde duisende in die laaste veertien jaar alleen - nou maar sonder teenspraak vir lief neem as 'n finaliteit.

Die De Klerk-benadering getuig van 'n klinies-wettiese benadering, ontdaan van erbarming, deernis en naasteliefde en maak 'n bespotting van die trotse aansprake op 'n verbintenis tot 'n Christelike leefwyse.

Die smart en verbittering veroorsaak deur gedurige verskuiwings word die konsentrasiekampe in die geskiedenis van swart mense. En dit gaan nie verdwyn deur sulke vrome en sinlose oproepe nie en dit gaan swart politieke optrede in die sogenaamde "nuwe" Suid-Afrika bepaal.

Watter Afrikaner kan die trefkrag van Totius se "Vergewe en Vergeet" vergeet:

*Ook het die loop van jare*
*die wonde weggewis -*
*net een plek bly 'n teken*
*wat onuitwisbaar is.*

*Die wonde word gesond weer*
*as jare kom en gaan.*
*Maar daardie merk word groter*
*en groei maar aldeur aan.*

Of wat van Leipoldt se "In die konsentrasiekamp", met sy laaste vers wat uitroep:
*Vergewe? Vergeet? Is dit maklik vergewe?*
*Die smarte, die angs het so baie gepla!*
*Die yster het gloeiend 'n merk vir die eeue*
*Gebrand op ons volk; en die wónd is te ná -*
*Te ná aan ons hart, en te diep in ons lewe -*
*"Geduld, o geduld, wat so baie kan dra!"*

In 1983-'84 was ek verantwoordelik vir die produksie van die dokumentêre rolprent "And now we have no land". Tydens die verfilming het ek dikwels diep beskaam en klein gevoel in die teenwoordigheid van die diepe geloof van swart Christene dat reg uiteindelik teenoor hulle sal geskied.

'n Mens onthou die tragedie van Mogopa, 'n welvarende swart gemeenskap wat deur 'n sogenaamd "verligte" hervormingsregering tot 'n "swart kol" verklaar is, waar huise, skole, klinieke gewelddadig vernietig is en mense fisiek weggevoer is.

Om middernag op 'n reënerige aand in November 1983 het honderde lede van die gemeenskap om en onder 'n groot boom vergader. Die boom is die Verbondsboom genoem. Kerkleiers soos aartsbiskop Desmond Tutu, dr Allan Boesak en andere het voorgegaan in gebed en gesang om die gemeenskap te bemoedig.

Die polisie- en weermagvragmotors is teen dagbreek verwag. Ná middernag het die skare met oorgawe begin sing: "Nader my God by U".

Dit was 'n swart nag, en toe die laaste note wegsterf, verval die skare in doodse stilte, elkeen besig met sy eie gedagtes.

Eers drie maande later het die polisie en die weermag toegeslaan om die gemeenskap te verskuif.

Ná 'n hofuitspraak is hulle vandag terug op hul grond. Maar herhaaldelik - eers tydens die verset teen verskuiwing en later op 'n besoek aan hulle in ballingskap by Bethanie, naby Brits - is ek deur die swart Christene van Mogopa met dié vraag gekonfronteer: "Julle Afrikaners is almal Christene. Hoe kan 'n Christen-regering so iets toelaat?"

Vir ewig geëts in my geheue is die woorde op 'n Sondagoggend van 'n blinde 65-jarige vrou, wat ook gewelddadig uit haar huis verwyder is nadat die polisie in die nag haar deur oopgeskop het: "Watter soort Christene is dié mense? Watter soort Bybel lees hulle? Dit kan beslis nie dieselfde Bybel wees wat ons lees nie - anders sou hulle ons nie so ongelooflik onmenslik rondgestoot het nie.

"Watter soort Christene is dit wat 'n ou blinde vrou belet om toilet toe te gaan? Ek kan nie glo dat God werklik en waarlik binne-in hulle is nie. Hulle is nie met God nie, hul dien nie God nie. Want ek sweer by sy naam as hulle God wel gedien het, sou hulle ons met rus gelaat het en na ons smekinge geluister het. Maar hulle verskuif ons, hulle het ons gesteel."

Daar is talle soortgelyke verhale.

Mens dink aan die dag op Driefontein - ook 'n "swart kol" wat verskuif moes word - toe 'n groep mense in die ope vergader het en die swart predikant roerend tot God gepleit het: "Gee ons die krag om te veg teen dié bose plan om ons van ons eie grond te verwyder. U het die plek aan ons voorvaders gegee en dis ons plig om te sien dat ons kinders dit mag beërwe."

Is daar Afrikaners wat miskien terugdink aan die woorde - heilig vir vele - "en laat die erwe van ons vaad're, die erwe van ons kinders bly"?

Driefontein en Mogopa is ná baie pyn, dood en lyding gered.

Maar daar is talle andere wat hunker na hul geboortegrond, soos die mense van Machaviestad en die "verlore gemeenskap" van Rooigrond.

Weer hoor mens die lied wat deur soveel gemeenskappe met soveel herhalings van dieselfde tragiese gebeure gesing is:
*Ons, die swart volk*
*ons ween vir ons land*
*geneem deur die blankes*
*Laat hulle ons grond met rus laat.*

En dan volg dié strofes:

*Kinders van Afrika*
*ween vir die land*
*en*
*Kinders van Afrika*
*ons sal veg vir die land.*

Nee, absurde beskuldigings van 'n "oordrewe gevoel van onreg" sal eenvoudig verswelg word deur dié versugting na die erfgrond, begeester deur die verlede van 'n swart konsentrasiekamp-ervaring.

# Die keuse: konflik of besinning

**Die era van gedwonge verskuiwings is verby, maar die pyn, vernedering en ontmensliking wat daardeur veroorsaak is, sal nog lank met ons wees. HENNIE SERFONTEIN het met die leier van Barolong Ba Modiboa, die 68-jarige Simon Makodi, gaan praat**

"ONS is diep seergemaak deur die nasate van dieselfde mense wat meer as een maal deur ons voorvaders gered is.

"Vandag is ons hier in 'n soort woestyn, sonder kos, vee of lande, van ons erfgrond ontneem.

"Dit is pynlik om te dink dat dít aan ons gedoen is nadat ons voorgeslagte eers die Voortrekkers teen die Engelse en ander vyandige stamme gehelp het, en later die Boere om in die oorlog teen die Engelse te oorleef. Vandag het ons geen plek meer van ons eie nie."

Aan die woord is die 68-jarige Simon Makodi, leier van die Barolong Ba Modiboa, voorheen die welvarende gemeenskap van Machaviestad net buite Potchefstroom, en vandag verstrooi in Ikageng, Rooigrond en talle ander plekke.

Ons sit in die klein, eenvoudige voorkamer van die sinkhuisie van Makodi op Rooigrond, 10 kilometer van Mmabatho in Bophuthatswana.

Van die duisende lede van sy stam het uiteindelik slegs 'n klein klompie families en 'n paar honderd mense oorgebly wat tydens die gedwonge verskuiwing van 1971 saam met hom 200 kilometer verder na die verlate niks van Rooigrond getrek het.

Aan die mure is daar geen foto's nie, maar talle vergeelde koerantknipsels wat die vergeefse stryd van die laaste 20 jaar uitbeeld. In een berig pryk 'n groot foto van pres Paul Kruger, president van die ou Zuid-Afrikaansche Republiek - 'n bewys van die geskiedkundige verweefdheid van die lotgevalle van die Barolong met dié van die Boere.

Die klipharde, dorre aarde van die beknopte Rooigrond-gebied is wêrelde verwyder van die vrugbare grond - 18 000 hektaar - en die geil mielielande en duisende beeste van Machaviestad.

Die minder as 40 sinkhuise by Rooigrond lyk almal eenders. Buite speel 'n klompie kinders, pas uit die skool. Agter die huise lê ou geroeste draad en handploeë, die erfenis van 'n nou verlore droom van Machaviestad.

Hier mymer Makodi, een van die weinige volwasse mans - die ander werk elders - oor 'n gewese idilliese bestaan in Machaviestad.

Niks simboliseer die bitterheid en hartseer oor die verlies van geboortegrond van miljoene swart Suid-Afrikaners meer treffend as die patos in die eenvoudige, amper naïewe Christelike geloof van Rooigrond se mense nie.

Hulle klou vas aan 'n blinde geloof in 'n regverdige God wat die regering sal beïnvloed om hul gedwonge verskuiwing ongedaan te maak.

In sekere sin is Rooigrond se mense 'n verlore en kwynende gemeenskap.

Makodi gloei as hy die verhaal van sy mense vertel: "Toe die eerste Voortrekkers en hul leiers soos Potgieter en Pretorius in die 1830s hier aangekom het, was ons lankal in Matlwang gevestig.

"Ons het hulle gehelp met beeste en kos, en ook om hul beeste van Mzilikazi terug te kry. Ook later in die oorlog met die Engelse het ons hulle weer gehelp."

Makodi se voorvadere was deel van die mense van die beroemde Tswana-kaptein Maroko van Thaba Nchu. Die Trekkerleiers het die gesag van die Barolong en hul kapteins erken. Volgens die Barolong-geskiedenis is daar in 1865 'n formele kontrak met Kruger se Boererepublieke gesluit - maar in later jare, ná verskeie hofsake, kon dié dokumente nooit in die argief opgespoor word nie.

Makodi merk wrang op: "Ons wéét ons het die wenperd, maar waar is ons kaartjie om te bewys dat ons daarop gewed het?"

Van 1907 tot 1971 is die Machaviestad-mense onder toenemende druk van die owerheid geplaas. Die huidige regering se standpunt was dat hulle plakkers was omdat hulle geen titelakte kon wys nie. Die grond is later deur die stadsraad van Potchefstroom toegeëien, wat dit die laaste 20 jaar as weiding verhuur.

Teen die einde van die sestigerjare het die Hooggeregshof finaal bevind dat hulle geen reg op hul erfgrond van die laaste 150 jaar het nie. Die regering pas sy gewone strategie toe: die skool word gesluit, beeste geskut en toegangspaaie gesluit, en op 'n gegewe dag word hulle met geweld van die land gedwing. In 1968 word hulle tog grond elders aangebied - 'n implisiete erkenning van hul geskiedkundig-morele aanspraak op die grond van Machaviestad.

Op 1 Augustus 1971 vind die verskuiwing plaas. Die meeste gaan na Ikageng, die swart dorp buite Potchefstroom. Maar Makodi en 40 families wyk uit na Rooigrond.

Die laaste 20 jaar weier hy volstrek om òf in Bophuthatswana òf elders kompensasiegrond te aanvaar.

"Ons wil nie ander grond hê nie. Ons wil net ons eie grond van Machaviestad terug hê," hou Makodi dié week steeds vol.

Tot nog toe vrees hy en sy mense dat die aanvaarding van enige vergoeding of van ander grond die einde van die aanspraak op hul erfgrond sal beteken.

Soos by soveel ander gedwonge verskuiwings, grond Makodi die aansprake van sy mense op diep Christelike geloofsoortuiginge en die eenvoudige beginsels van geregtigheid.

Makodi kan nie glo dat 'n Christelike regering só teen sy mense kon optree nie. "'n Mens verwag dit van nie-Christene en nie-gelowiges," sê hy. "Want 'n gelowige help diegene wat hóm tevore gehelp het."

Oor die Christelike verpligting om hul grond terug te gee, sê Makodi: "Die Bybel sê as jy twee beeste gesteel het, moet jy vier teruggee. Die regering moet ons daarom help soos ons hulle voorvaders gehelp het.

"Laat ons dus mekaar help deur sáám te lewe as Christene. Dit sal gebeur as die regering ons land teruggee."

Maar Makodi is geen hardkoppige ektremis of revolusionêre heethoof nie. Hy verwerp die gebruik van geweld om sy land terug te kry en wil onderhandel. Hy wys my die soveelste brief wat hy aan die regering geskryf het - een van dosyne vergeefse briewe deur baie jare heen.

"As daar nou ander mense woon, sal ons hulle nie verdryf nie. Ons kan almal daar woon," sê hy.

Maar die ander deel van sy mense in Ikageng stem nie saam met sy "paai-en-mooipraat-strategie" nie. Hulle is ongeduldig. Eersdaags moet 'n dosyn van hulle in die hof op Potchefstroom verskyn omdat hulle wederregtelik die Machaviestad-gebied beset het.

Makodi is ontsteld hieroor. Maar tensy die regering toegee, lyk dit of ons 'n toekoms van toenemende konfrontasie, nie net oor Machaviestad nie, maar oor soveel ander erfgrond-aansprake binnegaan.



Simon Makodi (Foto: Lise Joubert)

# Só is die gemeenskap van Roosboom doodgesmoor

**Roosboom was eens 'n lewenskragtige gemeenskap van swart grondeienaars naby Ladysmith. In 1976 is die mense egter deur die regering verskuif omdat wit boere ontevrede was oor die "swart kol" in 'n "wit" landelike gebied. Sedertdien is die grond verwaarloos - tot groot ergernis van die voormalige inwoners, wat graag wil terugkeer. AUDREY BROWN doen verslag**

IN 1976 is die Roosboom-gemeenskap - 11 kilometer buite Ladysmith op die Johannesburg-Durban hoofweg - ná dekades van onsekerheid na Ezakheni verskuif.

Dié verskuiwing het plaasgevind ná 'n uitgebreide veldtog deur wit plaaseienaars in die Ladysmith-distrik. Die boere het gemeen dié gemeenskap is 'n "oogseer" en het gesê "vyandige buitelandse joernaliste" gebruik dit om Suid-Afrika in 'n slegte lig te stel.

Volgens 'n woordvoerder van die gemeenskap, Elliot Mngadi, was die taktieke wat gebruik is om Roosboom te verskuif 'n klassieke voorbeeld van die regering se pogings om swart gemeenskappe van vrye erfpag-regte te ontneem.

Roosboom was 'n vrye erfpag-gebied, wat beteken dat die gemeenskap die reg het om die grond te gebruik, maar van die mense het die grond in die negentiende eeu deur 'n swart christen sindikaat gekoop en besit dus transportakte tot die grond.

'n Woordvoerder van die Association for Rural Advancement (Afra) in Natal sê Roosboom verteenwoordig die voorhoede ("cutting edge") van die gemeenskappe in dié gebied wat hul grond verloor het weens die regering se beleid om swart grondbesit net in die tuislande toe te laat.

Op 3 Junie 1990 het die mense van Roosboom, Matiwane's Kop, Stoffelton, Steincoalspruit, Cornfields en Stepmore 'n veldtog begin om hul grond terug te eis. Al dié gemeenskappe is naby Ladysmith geleë. Hulle is beskou as "swart kolle" - grond wat voor 1913 deur swart mense gekoop is - en vir wit landelike ontwikkeling bestempel is..

In 'n poging om hul grond terug te kry, het 'n komitee saamgestel uit verteenwoordigers van die Ladysmith-gebied se vrye erfpag-gemeenskappe vier memoranda aan die regering gestuur waarin hulle hul eise stel.

Geen antwoord is op enige van dié memoranda ontvang nie - behalwe vir 'n opmerking deur Gerrit Viljoen in Oktober 1990. Hy het gesê die beginsel dat mense hul grond moet terugkry, kan 'n revolusie in lande soos Australië en Amerika ontketen.

Die veldtog teen Roosboom het in 1960 begin toe dié gemeenskap onder die beheer van gesondheidsoewerhede wat bou-regulasies bepaal, geplaas is. Die burokratiese rompslomp van dié owerheid se regulasies het dit vir die mense van Roosboom feitlik onmoontlik gemaak om nuwe huise te bou.

Mense moes byvoorbeeld hul huisplanne aan die owerheid voorlê, maar die planne is afgekeur en net tydelike strukture kon opgeslaan word. Met die swaar reëns van 1974/5 het dié strukture ineengestort. As gevolg hiervan was die gemeenskap oorbevolk en groot onenigheid het tussen die grondeienaars en huurders ontstaan.

In 1975 het staatsamptenare vergaderings begin hou onder die huurders, waarop hulle die verskille tussen huurders en die eienaars uitgebuit het - en in 1976 het die eeste verskuiwings begin. Tussen 1975 en 1977 is 7 353 mense na die hervestigingskamp Ezakheni 25 kilometer buite Ladysmith verskuif.

Bruin en Indiër-grondeienaars in die gebied is nie verskuif nie.

Die gemeenskap kon die verskuiwing nie teenstaan nie omdat daar te veel verdeeldheid was tussen die mense. Net drie gesinne het die owerheid teengestaan - Mngadi het twee en 'n half keer meer kompensasie as wat hy aanvanklik aangebied is gekry omdat hy die eerste aanbod geweier het.

Twee ander gesinne, wat al negentig jaar op Roosboom woon, het agtergebly omdat hulle nie genoegsaam vergoeding aangebied is nie. Hulle besit nie die grond nie - hulle woon net daar.

Volgens Afra-dokumente en die getuienis van voormalige inwoners was Roosboom 'n florende gemeenskap met 'n goed ontwikkelde infrastruur wat skole, water en rioolwerke betref. Dié gemeenskap kon in 'n woonbuurt met 'n sterk landelike karakter ontwikkel het.

Nadat hulle na Ezakheni verskuif is, het sosiale probleme ontwikkel en die mense moes aan 'n duurder lewenstyl gewoond raak.

Van die probleme wat hulle het, is dat hulle nie toegelaat is om vee aan te hou in Ezakheni nie. Die plotte is ook te klein om ordentlik te kan boer.

Al wat van die oorspronklike Roosboom oorbly, is rommel, vertrapte grafte en 'n paar bome. Toe die gemeenskap se mense van hul grond weggeneem is, het die regering gesê dié grond gaan as weiding vir wit boere se vee gebruik word. Verlede jaar het die weermag aansoek gedoen om die grond as 'n skietbaan te gebruik.

In 'n memorandum wat deur die Roosboom-gemeenskap uitgereik is, spreek die mense hul kommer uit oor die feit dat hul grond die laaste veertien jaar al onderbenut word, asook die feit dat "wit boere se beeste die grafte van ons geliefde voorouers vertrap. Daarbenewens staan die grond leeg."

Sedert Oktober verlede jaar het van die mense al besig terugkeer na Roosboom, maar twee is aangekla weens oortreding.

Roosboom se mense maak sterk beswaar teen die regering se planne om nie gemeenskappe te betrek by grond-hervormingplanne nie, en teen die feit dat geen vergoeding betaal sal word nie.

# Nabot se wingerd en Barney se pase koei...

"DIE geskiedenis van die meer as 300 jaar van konflik tussen swart en wit oor grond in Suid-Afrika kan slegs regtig verstaan word as 'n mens die Bybelse verhaal van Nabot en sy wingerd ken."

Dit was die woorde sewe jaar gelede van oubaas Barney Ngakane, 'n waardige ou grysaard diep in sy tagtigerjare.

Ngakane was die laaste Transvaalse leier van die ANC voor die verbanning van dié organisasie in 1960, en het toe reeds jare lank in ballingskap in 'n verre uithoek van Bophuthatswana gewoon.

Op 'n snikhete dag in Februarie in 1984 sit ons op sy stoep, en terwyl hy oor die dynserige hittegolwe van die Marico-bosveld uitkyk, vertel hy die storie van Kleintjie.

"In die jare net ná die Anglo-Boereoorlog het my pa op 'n plasie naby Vereeniging geboer. In die oorlog het hy die meeste van sy vee verloor en hy was toe stadig besig om weer 'n klein kudde op te bou.

"Onder die klein troppie beeste was 'n pragtige Afrikanerkoei wat hy Kleintjie genoem het. Op 'n dag, terwyl ek met die beeste in die veld was, kom 'n ryk wit boer met sy perdekar daar verby.

"Toe hy die koei sien, stop hy en vra wie die eienaar daarvan is.

"Ons vat hom na my pa toe en die boer vra of hy nie die koei wil verkoop nie. Maar Vader sê nee. Hy het maar nog net 'n klein klompie beeste bymekaargemaak, en was nie in 'n posisie om van hulle te verkoop nie.

"Maar 'n week later was die boer terug, en steeds was my pa onwillig om die koei te verkoop. Toe sê die boer: 'Weet jy wie ek is? Weet jy waar ek woon? En wat sal jy doen as ek haar steel?'

"Daarop besluit my pa dat hy geen ander keuse het nie as om in te gee.

"Die volgende dag jaag my pa Kleintjie toe te voet aan na die boer se plaas 'n paar myl verder.

"Toe hy oor die rantjie kom, sien my pa tot sy stomme verbasing dat die hele helling en vlakte wemel van die boer se beeste. Maar, soos Nabot, was hy nie tevrede met al sy duisende beeste nie. Hy het Kleintjie begeer - die één pragtige koei van my vader."

**- HENNIE SERFONTEIN**







# 'n Geskiedenis van onteiening

IN die laaste 30 jaar was minstens 3,5 miljoen mense in Suid-Afrika slagoffers van gedwonge verskuiwings.

Die redes vir dié verskuiwings het gewissel - die Groepsgebiedewet, sogenaamde "swart kol"-verskuiwings, die konsolidasie van tuislande, die verwydering van plaaswerkers van wit plase, die skepping van "sekuriteit-sones" naby grense en "ontwikkelings-redes". Die meeste slagoffers was plaaswerkers, sowat 1,3 miljoen. Die naasgrootste groep - byna 'n miljoen mense - is verskuif in "swart kol"-verskuiwings en "tuislandkonsolidasie-verskuiwings".

Die 3,5 miljoen mense sluit nie eens die honderde duisende in wat ingevolge die paswette en ander instromingsbeheer-maatreëls uit stedelike gebiede verwyder is nie. Hier volg 'n lys van 'n paar van die gemeenskappe wat verskuif is, en wat nou sterk aanspraak maak op hul geskiedkundige regte op hul grond.

## Die Tsitsikamma-Mfengu:

In Desember 1977 is 4 000 Mfengu gedwing om van hulle grond in die Tsitsikamma- distrik te trek. Die grond is 130 jaar gelede deur goewerneur George Grey aan hulle geskenk as vergoeding vir hulle ondersteuning van die koloniale regering tydens die Sesde Grensoorlog in 1834.

Sowat 2 000 Mfengu het hulle op dié grond gevestig - 150 kilometer wes van Port Elizabeth tussen die Stormsrivier en Humansdorp in die Tsitsikamma-woude. In 1850 is sewe plase geregistreer met die transportaktes in die naam van die Mfengu en hulle afstammelinge.

In Mei 1975 het die parlement besluit dat die Mfengu's té na aan wit boere woon en verskuif moet word. 'n Dringende hofaansoek om dié verskuiwing te keer het misluk, en die hele gemeenskap is in Desember 1977 verskuif na Elukhanyeni, 'n hervestigingskamp 300 kilometer verder in Ciskei. Die mense is glad nie vergoed vir hulle grond nie, en het net 'n nominale bedrag vir hulle huise ontvang.

In 1982 is die Mfengu-grond in 19 eenhede verdeel en aan wit boere verkoop wat 100 persent staatslenings daarvoor ontvang het. Dié boere het nou aansoek gedoen om die plase weer te verkoop, teen 'n beraamde wins van R1,5 miljoen elk.

Die Mfengu glo nou dat hulle wettige aanspraak op dié grond bewys is deur die Appèlhofbeslissing oor Mogopa - wat die Mogopa-gemeenskap se verskuiwing onwettig verklaar het. Die Mfengu sê hulle eise is op dieselfde grondslag as dié van die Mogopa-gemeenskap gegrond.

## Doornkop:

Ná 10 jaar van verset is 20 000 inwoners van Doornkop, 10 kilometer buite Middelburg in Transvaal, in 1974 teen hul wil van hul grond verskuif. Hulle het sedert 1920 op dié grond gewoon. Doornkop was 'n welvarende gemeenskap met vrugteboorde, landerye, winkels en 'n skool.

Die plaas is oorspronklik in 1920 vir 3 500 pond deur 255 individue gekoop. In 1964 het die regering Doornkop tot 'n "swart kol" verklaar, en besluit die mense moet na Bothashoek en Praktiseer in Lebowa en na Hlogotlou en Monsterlus naby Groblersdal verskuif word.

Die gemeenskap is uiteindelik in Junie 1974, met behulp van 20 polisievoertuie, 600 regeringstrokke en 'n polisie-helikopter, verskuif.

Die regering sê die grond by Bothashoek was "kompensasie", maar die grond word in trust gehou en die mense lewe in armoede op klein erwe sonder enige landboupotensiaal.

Die Doornkop-plaas behoort nou aan die Suid-Afrikaanse regering en word aan die veiligheidsmagte vir opleidingsdoeleindes verhuur. Lede van die oorspronklike Doornkop-gemeenskap het onlangs 'n komitee gevorm om maniere te ondersoek om hul grond terug te kry.

## Die Bakubung:

Dertig jaar gelede was die Bakubung welvarende boere in die Boons-distrik in Wes-Transvaal. Hulle het in kliphuise op hul eie grond (met erkende transportaktes) van 5 000 hektaar gewoon, omring deur vrugteboorde en landerye. Daar was 'n gemeenskap van sowat 30 000 mense met kerke, skole en winkels.

In 1965 is hulle deur die regering beveel om die gebied te verlaat. Die meeste mense het geweier, selfs nadat hul kerke en skole afgebreek is, maar in 1969 is van die stam se leiers en gesinshoofde in hegtenis geneem. Ná hul vrylating is hulle afgelaai by Ledig, 'n blikkiesdorp naby Sun City in Bophuthatswana.

Stamlede het woonerwe van 'n honderd vierkante voet ontvang. Hulle is verbied om beeste aan te hou en het geen grond of finansiële kompensasie ontvang nie.

Verlede jaar het die Departement van Landbou-ontwikkeling besluit om die Bakubung se oorspronklike grond aan wit boere te verkoop. Toe dié mense dit hoor, het hulle met 'n hofsaak gedreig. Die grond is nie verkoop nie en die Bakubung beoog om binnekort na hulle grond terug te keer.

## Thornhill:

Die gemeenskap van sowat 20 000 mense is in 1976 "tydelik hervestig" by Thornhill in die Noord-Ciskei nadat hulle van Herschel en Glen Grey getrek het as gevolg van dié gebiede se inkorporasie by Transkei ná onafhanklikwording.

Die regering het geriewe en bewerkbare plase naby Queenstown aan die gemeenskap beloof, as hulle hul "tydelik" by Thornhill hervestig. Hulle wag nog steeds op dié beloofde land tussen Whittlesea en Queenstown.

'n Groep van 400 lede van die Thornhill-gemeenskap het nou na die grond getrek as deel van 'n veldtog om die grond op te eis wat destyds aan hulle belowe is.

## Saaihoek:

Op die plaas Saaihoek in die Piet Retief-distrik leef 'n groep arbeiders wat vir geslagte lank op dié plaas geboer het. Hulle is onlangs aangesê om die plaas te verlaat ná 'n hofbevinding dat hulle oortree en onwettig plak.

Sedert die koms van wit boere het hulle op 'n huur- en woonstelsel - waarvolgens hulle in ruil vir woon- en vrugregte, sonder betaling vir die eienaar gewerk het.

In 1989 is Saaihoek en ander plase in die gebied deur 'n ryk boer van die Vrystaat gekoop. Die boer se bestuurders het die gemeenskap beveel om die grond te verlaat en die hof het dit bevestig.

Die gemeenskap is geen kompensasie aangebied nie en weier om te trek. Hulle sê hulle het altyd daar gewoon en alles wat hulle besit, hul huise, beeste en landerye, is op Saaihoek.

## Onverwacht:

Die grootste enkele hervestigingsgebied in Suid-Afrika is by Onverwacht in QwaQwa. Oor 'n halfmiljoen mense is deur die jare heen van wit plase in die Vrystaat na QwaQwa verskuif, en meer mense bly vandag in Onverwacht as in Bloemfontein.

Onverwacht het oorspronklik ontstaan toe Sotho-sprekende mense van die Thaba Nchu-distrik gedwing is om na 'n trustplaas in dié gebied te vlug ná die onafhanklikwording van Bophuthatswana in 1977.

## Criemen:

Sowat 20 000 mense is in die laat sewentigerjare van Criemen, naby Elandslaagte in Natal, na Ezakheni verskuif nadat Criemen tot 'n "swart kol" verklaar is. Die gemeenskap het sedert die begin van dié eeu daar gebly en was in besit van transportaktes vir die grond.

Die mense het reeds besluit om hulle vanaf 31 Mei vanjaar op hul grond te hervestig en het die Natalse Provinsiale Administrasie daarvan in kennis gestel.

## Charlestown:

Byna 10 000 mense van die Charlestown-gemeenskap naby Volksrust is gedurende die laat sewentigerjare na Osizweni in Natal verskuif. Dié gemeenskap, die vorige houers van regmatige transportaktes vir hulle grond voordat hulle tot 'n "swart kol" verkaar is, het besluit om teen 30 April na hulle grond terug te keer. Hulle het die plaaslike owerheid van hulle planne vertel.

## Matiwane's Kop:

Dié gebied beslaan 3 300 hektaar en het 'n bevolking van 15 000 mense. Vanaf 1948 word hulle met gedwonge verskuiwing gedreig. In 1980 is hul grond afgevat nadat die regering verskillende strategieë probeer het om hulle te verskuif - insluitende 'n aanspraak dat hul hoofman in 1974 sou toegestem het om verskuif te word. Dié stelling is deur die Kwazulu-regering gesteun, maar later as onwaar bewys. Die gemeenskap weier steeds om verskuif te word.

## Steincoalspruit:

Dié gebied beslaan 2 295 hektaar en is al in 1874 deur 'n sindikaat van swart Christene gekoop. In 1977 is die gemeenskap van 11 188 mense laat weet dat hulle grond onteien is. In 1978 is hulle na Ekuvukeni, 'n droë gebied waar stamgevegte aan die orde van die dag is, verskuif. Van die grondeienaars is nog op hul plase. Die mense gis dat die steenkoolneerslae in die grond die rede vir hul verskuiwing is, maar die kwessie van minerale-regte is nie deur die regering aangespreek nie.

# Langer kan 'n mens dit nie duld nie

Op 21 Maart 1990 is die 23-jarige Seswai Lenient Molapo, 'n petroljoggie van Bush Hill Motors in Honeydew, dood terwyl hy in polisie-aanhouding was.

Woensdag, in die landdroshof in Krugersdorp, het landdros A Meyburgh bevind dat Molapo se dood "veroorsaak is deur 'n handeling of versuim, wat 'n misdryf aan die kant van iemand insluit of uitmaak".

Volgens adjudant-offisier Muller van die Krugersdorpse Moord en Roof Eenheid is Molapo dood weens 'n epileptiese aanval wat hy in die polisiekantoor gehad het.

'n Nadoodse ondersoek deur dr Kemp, 'n staatspatoloog met 41 jaar ondervinding, asook dr Klepp, 'n senior pataloog, het gewys dat Molapo dood is weens versmoring (asfiksie).

Die landdros het gesê dr Kemp is 'n ervare patoloog en hy het geen tekens van enige siektetoestand waargeneem wat versmoring tot gevolg kon hê nie.

"Die simptome van die dood soos beskryf deur die twee polisiebeamptes is totaal onbekend aan dr Kemp en is volgens hom 'nie 'n epileptiese aanval nie'," het die landdros bevind. Sy bevind ook dat die getuienis van Muller en adjudant-offisier Van Niekerk (ook van Krugersdorp se Moord en Roof Eenheid) nie "vereenselwigbaar met die mediese getuienis is nie".

Eers het Muller getuig dat Molapo niks makeer het nie toe hy hom by die garage opgelaai het om 'n verklaring van hom te neem en 'n foto-album aan hom te wys.

Later het hy egter getuig dat Molapo uitasem was van die twee stelle trappe wat hy geklim het by die polisiekantoor en dat hy gekla het oor naarheid en om water gevra het. Hy het ook gesê dat Molapo op pad na die polisiekantoor herhaaldelik in die bakkie gehoes en aanhoudend gesug het. "Die oorledene het ook fluitgeluide deur sy tande gemaak," het Muller gesê.

"Só weerspreek die getuie homself ook oor die verloop van gebeure," bevind die landdros in haar uitspraak. "Indien daar enige beserings of inmenging met die fisieke toestand van die oorledene was in die tydperk vanaf sy verwydering by die motorhawe tot sy afsterwe, moes dit minstens in die teenwoordigheid van Muller plaasgevind het."

Foto's wat tydens die nadoodse ondersoek geneem is, wys geen teken van nattigheid aan Molapo se hemp nie. Die landdros sê ook dit is "duidelik" dat die oorledene se broek "veral" deurweek is.

"As mens na die foto's kyk, is dit duidelik dat die nattigheid nie kol-kol is nie en dat die broek reg rondom omvattend deurweek is."

Muller en Van Niekerk het getuig dat hulle Molapo natgegooi en hom probeer water ingee het nadat hy "snaaks begin optree het deur verwilderd te kyk en trekkings begin kry het".

Muller het getuig dat hy Molapo se kop probeer lig het om vir hom water in te gee. Toe hy nie daarin kon slaag nie, het hy water oor die oorledene se gesig gegooi. Volgens Muller het die oorledene toe gesug en het hy en




JURIE DE WET

Van Niekerk dadelik hartmassering toegepas.

Muller het eers getuig dat hy net een glas water aan Molapo probeer gee het.

Later het hy egter getuig dat daar heelwat water oor Molapo gegooi is - "vier tot vyf glase".

Van Niekerk het getuig: "Daar was so 'n gemors met die water wat die hele tyd gegooi is, daar was 'n klomp water op die vloer gewees."

Die foto's wys geen teken van water op die vloer nie.

Die landdros bevind: "Daar is by my geen twyfel nie dat daar oor dié aspek flagrante leuens vertel is. Dit is hoogs onwaarskynlik, in die lig van blote gesonde verstand en algemene lewenservaring. Hoedat die broek só deurweek kon word, en veral aan die agterkant, in die omstandighede wat deur hulle geskets is, bly 'n raaisel.

"Die volgende is dus my bevinding: dat die dood veroorsaak is deur 'n handeling of versuim wat 'n misdryf aan die kant van adjudant-offisier Muller uitmaak."

Dit is algemeen bekend dat die polisie al binnebande gebruik het om mense te martel. Binnebande wat styf oor die kop getrek word, laat geen merke nie en dit is byna onmoontlik om dit te bewys.

Onlangs is rubber-binnebande by die Daveytonse polisiekantoor gevind.

Onlangs is 'n verdagte by die Protea-polisiekantoor dood weens versmoring. Die polisie het gesê hy het verdrink nadat hy in 'n swembad geval het terwyl hy, met boeie aan, probeer ontsnap het.

Onlangs is 'n aangehoudene na bewering met elektriese skokke gemartel by Fochville se polisiekantoor. Vandag is dié man verlam. Hy het 'n regsaksie teen die minister van Wet en Orde ingestel.

Onlangs is beweer dat 'n 13-jarige meisie van Carltonville agter in 'n motor verkrag is terwyl twee lede van die polisie voor in die voertuig gesit het.

Onlangs is 'n verdagte in Oos-Transvaal dood nadat die polisie hom geduik het. Die verdagte was geboei en die polisie sê hy het probeer ontsnap.

Dié sake is maar net die mees onlangse gevalle van polisie-brutaliteit en steeds sê die generaals dat dié gevalle "geïsoleerde" gevalle is. Die genoemde gevalle is net die spits van die ysberg. Ons het dringende en onmiddellike stappe nodig om polisie-brutaliteit te ondersoek. Ons het 'n ombudsman nodig en 'n met die hand uitgesoekte groep polisiemanne om dié aanklagte, en al die ander aantygings, te ondersoek.

Watter ander bewyse is nog nodig? Die polisie gee elke keer maar net die standaardantwoord: Bring die aantygings en bewyse en ons sal die klagtes ondersoek.

Ons wil nóú optrede sien teen Muller en al die ander polisiemanne teen wie klagtes gelê is weens brutaliteit. Nou dadelik.

*(Jurie de Wet is 'n regspraktisyn in die Suid-Afrikaanse howe)*

# 'Vernietigende konflik' kom oor grond

*'Die regering sien nou kans om vernietigende konflik tussen volke te veroorsaak wat sal versprei na ons stede, dorpe en plase. Hy laat ons geen ander keuse nie as om met die nodige middele tot ons beskikking op te staan tot die stryd om ons lewensruimte en ons vryheid te verdedig.'*

**Die Konserwatiewe Party het net so emosioneel as dié swart gemeenskappe wat van hul grond beroof is, op die regering se Witskrif oor grond gereageer. Dit het regse Afrikaners "inderdaad in 'n vryheidstryd gedompel," het die partyleiding in 'n verklaring gesê wat hier volledig weergegee word**

Op 2 Mei verlede jaar het die grootste politieke vergadering in ons geskiedenis hom verbind tot die herwinning van ons volk se vryheid.

Vandag besef ons as verteenwoordigers van 'n groot deel van ons volk dat die regering met sy besluit oor grondhervorming ons inderdaad in 'n vryheidstryd dompel. Eintlik gaan die stryd nou 'n ernstiger en dieper dimensie binne.

Eie grondgebied is een van die hoekstene van politieke mag. Die Regering se voorneme om ingevolge die witskrif oor grondhervorming kollektiewe grondbesit as volkbesit ons te ontneem, is 'n uiters ernstige aantasting van ons volk se reg op selfregering in eie grondgebied en 'n deursigtige aanslag op ons politieke mag. Geen selfrespekterende volk kan so iets duld nie.

Die Regering se voorgenome stappe sal 'n ekonomiese en sosiale orde en eie volks- en gemeenskapslewe vernietig en wrywing sal buurt- en gemeenskapsverhouding ontwrig. Ons volk kan en sal dit nie gelate aanvaar nie.

Die rewolusionêre magte wil nie net enkele blanke eiendomme, erwe en plase hê nie. Hulle wil ons vaderland afvat. Hulle wil ons verneder tot bywoners en 'n magtelose minderheid onder 'n ANC-gedomineerde swart regering.

Geen blanke gemeenskap in Afrika kon nog ooit so iets verduur nie. Menigtes het gevlug; duisende na ons land. Ons volk het egter nie 'n boot vir onvlugting in die hawe nie. Ons kan en sal nie vlug nie. Ons sal nie buk onder sodanige oorheersings nie. Ons soek nie 'n begraafplaas nie, maar 'n vrye vaderland.

Die Regering se voorstel onterf ons en berowe ons van ons grond as volksbesit, terwyl swart volkere se kommunale of stambesit of volksbesit van grond in hul eie state onaangetas gelaat word.

Ons grond word oopgestel en blootgestel aan die grypsug van ander, gesteun deur miljoene rande se buitelandse en binnelandse kapitaal.

Ons volkslewe, gemeenskapslewe, woonbuurte, skole, geriewe en eie regering word ingeruil vir buitelandse applous en sogenaamde binnelandse versoening.

Ons maak nie aanspraak op ander volke se grond of volkbesit nie. Deur regmagtige besetting van groot oppervlaktes onbewoonde land, deur ooreenkomste, deur sessie, uitruilings, en in die geringe mate verantwoordbare verowering, het ons ons grond in besit gekry.

Ons het nie volke daarvoor uitgeroei nie. Ander het dit met ons probeer doen. Desondanks het ons miljoene hektaar van ons grond gratis aan swart volke geskenk.

Daardie volke beset in verhouding van die waterrykste en vrugbaarste dele van die hele streek, terwyl op die uitgestrekte vlaktes van die Karoo en Namakwaland feitlik geen swartmense woon nie.

Die Suider-Afrikaanse streek is nie verdeel in 87 persent blanke grond en 13 persent swart grond nie. Die streek, die destydse Brits-Suid-Afrika, behels die drie swart BLS-State, die vier swart TBVC-state, blank Suid-Afrika, Kleurling- en Indiërgebiede en die ses selfregerende state.

Die nie-blanke gemeenskappe besit nou meer as 50 persent van die streek se grondgebied. Op die blankes se grond, waarvan die grootste deel semi-woestyn is, word 90 persent van die hele streek se bruto binnelandse produk gelewer.

Ons volk se aanspraak op ons eie vaderland en ons reg om onsself te regeer, is NIE onderhandelbaar nie. Ons is wel bereid om met die verkose leiers van buurvolke te onderhandel oor die aanpassing van die grense, op voorwaarde dat ons reg op ons eie erken word. Dis regte waarvoor mense bereid is om hulle lewe te offer.

Die regering sien nou kans om vernietigende konflik tussen volke te veroorsaak wat sal versprei na ons stede, dorpe en plase. Die skade en letsels en verliese sal die regering se skuld wees.

Die regering het geen mandaat om ons vaderland allemansgrond te maak nie. Sy optrede is immoreel. Die eerbare weg sal wees om die blanke kiesers in 'n verkiesing te toets, anders volhard hy in verraad teenoor sy eie mense.

Hy laat ons geen ander keuse nie as om met die nodige middele tot ons beskikking op te staan tot die stryd om ons lewensruimte en ons vryheid te verdedig.

# Jy kan die verlede nie wegwens nie

Geloofspraatjies



RUSSEL BOTMAN

*'Die geskiedenis getuig daarvan dat sosiale geheueverlies die geliefkoosde doelstelling van totalitêre state is.'*

Ek skryf dié artikel as predikant van die NG Sendinggemeente van Wynberg wat Woensdag 110 jaar oud geword het. Die trauma van die koloniale fase, sowel as van die tyd van Apartheid, leef onder ons.

Wat mense die beste onthou, is die verskuiwings wat ingevolge die Groepsgebiedewet plaasgevind het. Van al die gemeentes wat so deur die wet onder dwang verskuif is, is Wynberg omtrent die enigste gemeente hier in die Kaapse Skiereiland wat deurgaans geweier het om ons kerkgebou aan Groepsgebiede uit te verkoop.

Die resultaat is dat ons 'n baie aktiewe sosiale geheue vertroetel - juis omdat ons elke Sondag by die huise waaruit die meeste van ons verdryf was, verby moet ry en daar kerk hou. Soos die volk van Israel ná die Uittog uit Egipte, word telkens aan die kinders vertel: "Dis waar Mamma en Pappa eers gebly het. Ons het soos alle ouers die huis met die oog op julle gebou, my kinders. Apartheid het dit van ons gesteel."

Sommige van ons lidmate se huise is vandag historiese monumente: "monumente wat ons herinner aan sosiale onreg". Hoe sal ek ooit die dag vergeet toe 'n ou man op sy sterfbed vir my sê: "Ek wil op die grond van my vader begrawe word." Vandag is dit die grond van iemand anders se wit vader.

Dié saak van grondbesit moet dringend reggestel word, nie as vergeldingstaktiek nie, maar as beregtiging teenoor die veronregte. Die profeet Jesaja vertel van die dag toe hy 'n preek moes lewer oor die einde van onderdrukking, die tyd van herstel (Jes. 49:8-14). Hy is in ekstase wanneer hy die volk verseker dat God nou hul gebede verhoor het, dat die land nou herstel sal word (vers 8), dat die vrylating van alle "politieke" gevangenes sal plaasvind (vers 9), dat bannelinge sonder enige verhindering na hul geboortedorpe sal terugkeer (vers 11 en 12). Tot hier klink dit byna soos die Groote Schuur-minuut.

Jesaja is oorstelp van vreugde en soos 'n wafferse "evangelical" skree hy sommer: "Juig, hemel! Jubel, aarde! Sing vrolik, berge!" Maar die volk reageer nie. By nader ondersoek antwoord hulle: "Die Here het ons vergeet!" (vers 14). Weer word ons herinner aan die diepste angs van mense, veral van onderdruktes. Dat iemand in die vergetelheid gesterf het, in die vergetelheid gely het en in die vergetelheid onderdruk was. Die verdoemende tragedie is dan juis dat selfs God vergeet het. Hul stilswye en hul ervaring van 'n vergeetagtige God het egter met veel méér as dit te doen. Die geloofwaardigheid van die aankondiging van die herstelde land deur Jesaja word bevraagteken.

Hemelse solidariteit setel in die feit dat God ons Moeder is. Die een aan wie se bors ons gevoed is: "Kan 'n moeder haar suigeling ooit vergeet!" (vers 15). Maar hulle het nie bedoel dat God van hul bestaan vergeet het nie. Hulle vra hier na God se sosiale geheue.

Nòg mens nòg God kan die belofte van toekomstige herstel geloofwaardig aanbied wanneer sodanige belofte teen die agtergrond van sosiale geheueverlies funksioneer. Die verafskuwing van die nuwe (soos byvoorbeeld die nuwe Suid-Afrika) by die onderdrukte is gebore uit die vermoede dat God en mens van hul pyn, hul puin en hul verlore woonplekke vergeet het.

Daarom dat verse 15-21 in die geheel oor die herstel van die puinhoop en die verwoeste plekke handel. God belowe egter dat daar by Hom 'n lewende sosiale geheue bestaan: "Ek het jou naam in my handpalms getatoeëer (dié versekering dateer uit die dae lank voor veloorplantings), Ek sien jou mure altyddeur voor my!"

Watter mure? Die mure van die geskiedenis, van geweldadige en gedwonge verskuiwngs. Daardie mure, ja daardie ruïnes staan voor God as hul erflating in die nuwe, herstelde land (vers 19). Dít is die mentaliteit van God. As sodanig is dit goeie nuus vir die onderdrukte wat alles wat blink, leer beoordeel het in die lig van die pyn en die puinhope van die verlede.

Ons worstel vandag in Suid-Afrika met dieselfde vraagstuk, naamlik geloofwaardigheid. Die oproepe tot en die periodieke verskynsel van skuldbelydenisse is nie net 'n teologiese vraagstuk nie, dit vorm deel van die onderbou van die geloofwaardigheid van die onderdrukkers se toewyding aan die lot van die onderdrukte.

Hier vra mense nie om toewyding aan die Groote Schuur- of die Pretoria-minuut nie, maar bloot om sosiale onthou! Dié vasberadenheid is gewortel in die geloof dat 'n heldere sosiale geheue juis die voorvereiste vir 'n gesonde burgery verteenwoordig.

Daar is nog te veel mense (die Staatspresident inkluis) wat die noodsaak van skulderkenning vermy deur die blinkheid van die toekoms te gebruik as argument waarom die roes van die verlede eenvoudig vergeet moet word. Die les wat die noodtoestand, onder meer deur middel van die beperking van persvryheid, ons geleer het, is dat dit deel van die taktiek van die onderdrukker is om ons sosiale geheue te ondermyn en uiteindelik te vernietig.

Die geskiedenis getuig daarvan dat sosiale geheueverlies die geliefkoosde doelstelling van totalitêre state is.

'n Vrye toekoms moet begin met die reg om vry te wees oor die verlede. Die Bybel bied ons hieroor besonder goeie hulp. Om weer die holruggeryde voorbeeld te gebruik van die pen wat onder dwang van iemand verwyder is. As jy die pen steeds in jou besit het, gee dit dan terug - maar as daar enige gegronde rede is waarom jy self nie meer deur herstellende wetgewing die pen aan sy oorspronklike eienaar kan teruggee nie, gaan erken jou skuld en werp jou op die genade van die veronregte deur om vergifnis te vra. Voor God help dit nie dat 'n mens 'n akte van transport kan toon nie. God se sosiale geheue roep die vraag na hoe die grond bekom is, in die fynste besonderhede op.

Die Here het nie vergeet nie, die volk sal ook nie vergeet nie. Die las van die verlede is daarvoor gans te swaar om te dra.

Natuurlik sal dit in Suid-Afrika nie so maklik gaan soos in die wêreld van Jesaja nie. Die groot verskil is dat onderdrukker en onderdrukte in dieselfde land woon. Tog lyk dit juis daarom belangrik dat die vergrype van die verlede reggestel word.

Natuurlik beteken dit nie dat die onderdrukte die situasie mag gebruik om 'n verskuilde proses van vergelding te begin nie, want dieselfde God verbied immers ook die wraak van mense.

'n Geloofwaardige nuwe Suid-Afrika sal steeds gemeet word aan die maatstawwe van geregtigheid. Jy kan 'n witskrif uitreik, maar die verlede van ons mense is nie 'n blanko vel waarop die onderdrukker die witskrif van die toekoms kan stempel nie.

*(Russel Botman is 'n teoloog van die NG Sendingkerk)*

# Sê nou net ons sê ons sê

Groenpraatjies



MIKE KANTEY

Onlangs het ek aan boord gegaan van my mins geliefkoosde vorm van vervoer - die Suid-Afrikaanse Lugdiens. Naas al die klappe wat dié lugdiens al gekry het oor 'n klomp dol dinge wat hy al gedoen het, is een besondere kwessie spesiaal vir dié rubriek gereserveer.

Ek praat nou van daardie eienaardige klein plastiek-kosbakkies wat as "eetmaal" voorgesit word. Toe ek klein was, het my pa altyd vir my van daardie klein sout- en peperpakkies gebring, en hoewel ek sout en peper in my kos gehaat het - ek was eintlik maar 'n vervelige rys-vleis-en-aartappels-klong - was ek dol op dié klein pakkies.

Maar nou het ek grootgeword.

Binne-in daardie Barbie-doll plastiek-borrelbakkies kry jy die volgende eetgerei - en aangesien die SAL losweg verwant is aan die SA Lugmag, lys ek die stukke in militêre volgorde:

kosbakkie, plastiek, 1
bakkie vir hoofgereg, plastiek, wit, 1
bakkie vir hoofgereg, deursigtige omhulsel, 1
slaaibakkie, rond, plastiek, wit, 1
slaaibakkie, rond, plastiek, deursigtige omhulsel, 1
nageregbakkie, langwerpig, plastiek, wit, 1
nageregbakkie, langwerpig, plastiek, deursigtige omhulsel, 1
koppie, koffie/tee, rond, plastiek, wit, 1
vurk, plastiek, groot, ligblou, 1
lepel, plastiek, groot, ligblou, 1
lepel, plastiek, klein, deursigtig, 1
tandestokkie, hout, klein, 1
tandestokkie-omhulsel, plastiek, deursigtig, 1
peper, pakkie, papier, wit, klein, 1
sout, pakkie, papier, wit, klein, 1
suiker, pakkie, papier, wit, medium, 2
kunsmelk, pakkie, papier en foelie, medium, 1
lappie, klam, pakkie, papier en foelie, medium, 1
deksel, plastiek, deursigtig, beskermeetgerei, tandestokkie, sout en peper, verseël, 1

En al dié dinge kry jy om 'n bietjie dooierige kos te eet wat 340 keer verwerk is sedert dit uit die plaagvrye, organofosfaat-grond gehaal is of van die bene van die een of ander niksvermoedende dier afgeslag is.

Ja-nee, mense, dis die deeglik verpakte, lugdig verseëlde, onfeilbare samelewing waarvan ek praat, waarin niks aan die arendsoë van die nywerheid ontsnap nie.

Nuusbrokkie: 'n vriendin in die ysterwarehandel bieg dat die rede waarom jy nie, sê maar, één flitsligbattery op sy eie in 'n klein hokkie vol batterye kan kry nie, "krimpverlies" is - 'n wêreldwye eufemisme vir diefstal.

Nou kry jy 'n stuk kleurryke karton met 'n huisel van harde plastiek - die borrelpak - wat nie minder nie as vier batterye bevat. Jy haal dus een battery uit en bêre die ander drie. Later raak jou radio stil en jy soek die ander drie batterye wat jy gekoop het. O gaats. Jy moet maar weer 'n battery gaan koop. Jy keer terug na die winkel en wat ontdek jy?

"Jammer, meneer, ons het net pakke van vier."

Voor my geestestoog kan ek al sien hoe grawe opgewonde argeologie-studente twee duisend jaar van nou af my huis op.

"Haai, kyk net hier, Frodo - dié ou het dieselfde drie buisvormige voorwerpe besit as al die ander mense!"

"Ja, dis seker maar 'n soort religieuse artefak."

Nuusbrokkie: 'n Ander vriendin gaan koop haar kos getrou by Woolworths. Sy verwyder al die sellofaan en polistireenbakkies en bring dit persoonlik na die bestuurder.

"Dè," sê sy, "dis vir jou. Ek het dit nie nodig nie."

Blykbaar is sy al tot op direksie-vlak bespreek.

Sê nou maar net ons almal doen dit.

Só gaan ons te werk:

Op 'n afgespreekte oomblik gaan ons almal na ons gunsteling-winkel (myne is 'n handelaar in skryfbehoeftes) en koop een verpakte produk. Ons wag dat die verkoopmens dit in 'n day-glo drasak sit en dan (ons het ons horlosies gesinchroniseer) sê ons almal:

"Kan ek asseblief die bestuurder spreek?"

By die bestuurder gekom, verwyder jy al die verpakkingspapier, die vierkleur-kartondose en die klein plastieksakkies binne-in, prop die hele spul in die drasak en sê: "Dè, vat jou aaklige verpakking en hou dit."

Ek dink ek gaan dit 'n bietjie op die SAL uittoets.

*(Mike Kantey is eko-aktivis van Kaapstad)*

*ABJATER WAT SO LAG*
*Deur Wilma Stockenström*
*Human & Rousseau (R27,99)*

# Die oujongnooi wat so praat

*ERNST LINDENBERG*

DIE belydenisse van 'n oujongnooi, sou 'n mens Wilma Stockenström se jongste roman (?) ook kon genoem het. Sy kyk terug oor haar lewe en tel "verlore begeertes en moontlikhede", wat sy in terme van haar ervarings beskryf as begrafnisstoete. Danksy 'n lang en intieme omgang met die dood, weet sy ten slotte dat hy ook vir háár haar deel sal bring. En om "deel" te wees of te hê, was altyd die groot begeerte in haar bestaan. Intussen bieg sy en speel sy die bekende spel van blootstel en verberg wat so kenmerkend is van alle literêre bekentenisse. Die volgehoue vertelling steur hom min aan netjiese chronologiese ordening.

Eintlik ressorteer sy onder die "armblankes", sy dit effe laat. Ná standerd ses moet sy die skool verlaat om nederige werkies te verrig as diensmeisie, eers by inrigtings, daarna by private gesinne, en uiteindelik as "gespesialiseerde" in die versorging van siekes en in die besonder sterwendes. 'n Lugubere figuur binne die gemeenskappie waarbinne sy bly.

Op allerlei maniere maak sy aanspraak op ons simpatie: as behoeftige, as eensame, as "mindere", as feitlik ongeletterde en geestelik geknotte mens, boonop opsigtelik lelik en met 'n sangstem wat klink soos 'n donkie se gebalk. En tog rymer, dink en reminisseer sy 126 bladsye lank, onophoudelik en ononderbroke. Dat Stockenström in so te sê elkeen van haar romans 'n feitlik onbegonne taak aandurf en ondanks enkele krakies 'n glansende geheel skep - daaraan raak haar lesers so langsamerhand gewoond; maar het sy nie



*Wilma Stockenström*

nou die totaal onmoontlike aangedurf nie? Want om maar te begin: dis oudmodies in 1991, in 'n letterkunde wat al tagtig jaar lank wemel van die kleinburgerlike sukkelaars, die stotterende armsaliges. Word dié oujongnooi nie maar nog 'n objek van afstootlike jammerte nie? Om ouderwets te praat: word sy ooit 'n volwaardige mens? Dat die skrywer wel deeglik bewus was van die probleme verbonde aan so 'n roman-karakter, is duidelik af te lees aan al die middele wat sy aanwend om die heldin te nuanseer, te perspektiveer en te verlewendig. Dit skep egter onvermydelik die indruk dat die skrywer haar karakter manipuleer en "stoffeer", ondanks die onmiskenbare Stockenström-stylmeesterskap - of juis miskien as gevolg daarvan. 'n Enkele voorbeeld: "Ek het gedink aan die amper toegegroeide plat graf waaroor die weeklaende wewenaarspook gebuk het om sy doodskusse te druk, en gewonder of hy hom verbeel hy sien sy beeld in die beskimmelde marmer, so 'n skynselverdriet om te sien, so 'n namaaksel van verlies en so treurig." Die kenner van Stockenström se poësie sal hierby, en by mev. Mamewecke se fassinasie met haar beeld in die blink gepoleerde meubels, dadelik herinner word aan soortgelyke water- en spieëlbeelde. Die klank en ritme van die sin, sowel as die diep ironie, is te danke aan 'n veel wyer perspektief ágter die verteller s'n en maak 'n onuitwisbare indruk op die leser - maar dergelike oomblikke van verhewigde ontvanklikheid, van empatie, is eerder brokkies poësie wat binne die vertelling kristalliseer en op hulle eie begin te flonker, nie werklik opgeneem binne die breër epiese stroming nie.

Tussendeur word die verdigsels kundig afgewissel met volkse wendings en uitspraak (dikwels Engelse woorde) soos: mouterkarre, stouf, gefoun, deddie, lucky packet dip, koebaai, suitcase, skirts, sountoe, beginne, aljimmers, gejoebel e.d.m. (Maar sy praat ook van 'n "nuusblad".) Hierby sluit aan die gebruik van (konsekwent) die voornaamwoordsvorm "ekke", gewoonlik in die frase "dinke ekke". Dit moet ons daarop attent maak dat die verteller, hoe eenvoudig ook al, haar eie menslike denkprosesse het. Dit kom egter so menigvuldig voor dat die leser wil skree van die irritasie. Ja, miss Ampie dink wel hardop en in haar eie taal, maar nog meer dikwels in Stockenström s'n. En haar peilings van menslike motiewe en gedrag is by tye verstommend.

'n Paar ervarings is bepalend vir haar geestelike ryping en plaas haar emosioneel gesproke in 'n verhoogde status. Die eerste wat sy noem, is die waarneming van 'n spook, sommer so tydens nugtere daaglikse takies, maar waardeur sy 'n "aangeraakte word" - sy wat eintlik 'n "untouchable" is. Daarna vermeld sy die vroeëre insident toe sy nog op skool was en toe sy die seun Abjater hoor lag het - 'n inklusiewe lag "wat almal binnegenooi het", iets "van lig geweef" en met 'n "wonderlike gulhartigheid van erkenning". Dus twee wonderwerke wat haar laat voel het sy word in 'n ruimer verband opgeneem.

Ook tydens haar waak by mnr. Widd, die ruimdenkende onderwyser, ervaar sy 'n ruimer menslikheid en word sy nader getrek, soos uiterlik verwoord deur die lied wat Selina by sy sterfbed sing: "Nearer my God to thee". Uit die liggaam en bloed van haar stem kan die verteller aflei dat daar 'n verhouding moet gewees het tussen mnr. Widd en sy gekleurde bediende - waardeur sy nie geskok word nie.

'n Grootse episode is die herontmoeting tussen die twee begunstigdes van mnr. Widd se boedel: wanneer die verteller 'n papdronk teruggekeerde Selina teëkom, word sy 'n meedoënlose Barmhartige Samaritaan wat haar "slagoffer" huis toe bring, bad, voed en in haar eie bed sit. Daarna word Selina skoon aangetrek in klere wat myle te groot is vir haar - met behulp van haakspelde. Maar dan sing Selina voor die huis weer eens haar lied, dié keer soos 'n triomflied as iemand wat geléëf het teenoor die skamelheid van die verteller se bestaan. Dit is een voorbeeld van hoe die monoloog geperspektiveer word, hoe ons bewus gemaak word van gebreke in haar karakter (indien dit nodig mag wees).

Die lang slotgedeelte word in beslag geneem deur die uiteindelike "afrekening" met Abjater. (Sy Bybelse naam en die alledaagse betekenis van die woord abjater is skynbaar irrelevant vir die verhaal.) Ná sy ervarings as soldaat in die Noorde, keer hy geestelik geknak terug, totdat sy vrou en kinders uitsien na sy dood. Hy word versorg, maar toon geen reaksie nie. Totdat die verteller die tema-deuntjie sing en haar gebalk hom onkeerbaar laat lag - wat sy verlossende dood ten gevolg het. Dié uitgesponne gedeelte is myn insiens die onoortuigendste; sowel Abjater se ervarings as die bepeinsing van die oorsake vir sy lewensversaking klink na romantiese praatjies en na 'n te netjiese "poëtiese" oplossing.

Wel kom hier ook die moontlikheid van demoniese magte ter sprake, wat elders in die boek ligweg gesuggereer is en wat om aanvulling vra. Ook die kleindorpse agtergrond, die godsdiens en die rasse-vooroordeel kom hier en daar ter sprake, maar bly ver van die sentrum van belangstelling. Ten slotte dus 'n verhaal met pragtige momente, maar met 'n hooffiguur wat nie alles kan dra wat op haar gelaai word nie. Af en toe ontaard sy in 'n soort verhewe Kootjie Emmer, dan weer is sy realisties kleinburgerlik, dan weer "objective correlative" vir digterlike gewaarwordings of insigte. Die vernaamste positiewe waarde lê vir my in enkele passasies met hiper-gevoelige taalgebruik.

*Ernst Lindenberg was voorheen hoof van die departement Afrikaans en Nederlands by Wits*

# Die skugter suster

**MARTIN STEGMAN skryf oor die Kanadese skrywer Alice Munro**

**IN Kanada praat hulle van Munro country, die stuk grond oos van die Huron-meer naby die grens met Amerika.**

**Die klein dorpies en konserwatiewe plaasgemeenskap van dié streek is die geboorteplek en inspirasie van Alice Munro, een van Kanada se gewildste en bekendste skrywers. Dis 'n wêreld van min woorde, waar mense mekaar fyn dophou vir gedrag wat uit pas is met tradisie en waardes.**

**Munro is 'n boeredogter wat op 10 Julie 1931 gebore is in Wingham, Ontario. Sy het al drie keer die goewerneur-generaal se prys ontvang, die laaste keer in 1986 vir die bundel "The Progress of Love". Dit was 18 jaar nadat haar eerste boek, "Dance of the Happy Shades", ook met dié prys bekroon is.**

**In daardie tyd het sy haar toegespits op mense en plekke wat selfs agter hul waaksame oë en versigtige woorde nie meer vir haar baie kan wegsteek nie. "Everybody in the community is a stage for all the other people watching and listening. And this may be particulary Canadian - the less you reveal, the more highly thought of you are," beskryf Munro die mense wat danksy haar ou bekendes geword het vir duisende liefhebbers van die kortverhaal.**

**Sy skryf oor geslagte se bloed wat dik en onversteurbaar vloei, in 'n kontrei waar 'n alledaagsheid genoeg kan wees om iemand se toekoms en lot vas te lê. Gedurig speel sy met terugflitse die hede teen die geskiedenis af, al meer in haar later werk, net om te sien dat elke nuwe geslag eintlik net 'n duplikaat word van die vorige. Hoe meer die tye verander, hoe meer bly mense in murg en been dieselfde.**

**Resensente skryf dat sy haar stories noukeurig vertel in die onmiskenbare stem van Ontario. Daar is g'n groot klem op woorde nie en 'n slinkse humorsin maak alles draagliker. Met geheime word daar gelate saamgeleef.**

**In haar jongste boek, "Friend of My Youth", gaan krap Munro in elke storie 'n stukkie geskiedenis oop. Of sy rekonstrueer 'n lewe uit die argief of sy laat haar karakters soek na ou herinneringe en vriende.**

**Dis 'n poging om besluite en gebeure terugskouend te weeg om te sien waar lewens onherroeplik 'n nuwe koers ingeslaan het of gedwing is op 'n paadjie wat iewers doodloop.**

**Uit haar vroeëre boeke sou 'n mens Munro die skugter suster kon noem van Joyce Carol Oates. Hulle is nie net tydgenote nie. Albei hou daarvan om die oppervlak van die gepoleerde middelklas-bestaan onder die vergrootglas te plaas en te soek vir die krapmerke, swakplekke en vlekke wat iets verklap van die woelinge daaronder.**

**In Oates se verhale is daar altyd 'n tikkie waansin, 'n woede en histerie wat kwalik beteuel kan word. Munro is eerder skaamkwaad. By haar is die waansin in mense wat lyk of hulle die stommelende gang van die lewe kan aanvaar en verwerk. Daar moet iets fantasties wees in 'n mens wat só kan vrede maak met sy lot, glo Munro.**

**In "Friend of My Youth" gaan kyk 'n weduwee na die plek in Engeland waar haar man in die Tweede Wêreldoorlog gestasioneer was en probeer dié deel van hom ontdek wat sy nooit geken het nie. In "The long-married way" maak 'n man vrede met sy vrou se buite-egtelike verhouding - nie werklike vrede nie, maar deur sy gevoelens te onderdruk.**

**'n Ou predikant vertel vir almal hy gaan op Hawaii aftree aan die sy van 'n vrolike weduwee. Eintlik is hy op pad na 'n nuwe agtertang-gemeente wat in jare geen leraar gehad het nie. Twee skoolvriendinne kom by mekaar uit jare nadat die een weggeloop het met die skoolbusbestuurder op wie albei verlief was. Hulle gaan sit en begin hakerig gesels, totdat die verlore jare stuk-stuk ingevul word.**

**Die slot van dié verhaal - en die boek - is sprekend van Munro: "Margot and Anita have got this far. They are not ready yet to stop talking. They are fairly happy."**

**Dís die melankoliese visie van Alice Munro. Die beste wat haar kleindorpse helde kan doen, is om ná elke terugslag versigtig op te staan en die wonde te koester terwyl hulle verder gaan.**

JEANNE GOOSEN se kopstukke - nog tot môre in die Windybrow. Aanvaarbare, skoon Afrikaans gewaarborg. Sandra Prinsloo Produksies bied dit aan met Lizz Meiring en André Stoltz as die gekwelde verlamdes. Bespreek by Computicket of kaartjies by die deur.



*Michelle Pfeiffer speel Katya in 'The Russia House'*

# Michelle Pfeiffer gaan Leningrad toe

SEAN CONNERY is waarskynlik die Weste se bankwaardigste ster en Michelle Pfeiffer een van die glansrykste sterre. Voeg vir Klaus Maria Brandauer, een van Europa se voorste film-akteurs, daarby en jy het wat die rolprentbedryf 'n Go Project noem.

Die Weste weet darem hoe om 'n package aanmekaar te slaan wat die dollars sal laat rol. Die dramaturg Tom Stoppard (hier die draaiboekskrywer), die jazz-musikant Branford Marsalis, die regisseur Ken Russell, Roy Scheider en James Fox maak "The Russia House" nog aanlokliker.

"The Russia House" (dit begin vandag hier draai) is uniek omdat dit die eerste groot Hollywood-prent is wat nie as ko-produksie in Rusland verfilm is nie. Die groot Russiese filmmakers het almal die sterrestelsel verafsku, maar as hulle in die nuwe Sowjet-bedeling wil oorleef, sal hulle moet gaan kersopsteek by die Weste. Hulle het seker in hul grafte omgedraai toe soveel glinsterende sterre Leningrad binnegestroom het.

**Terwyl die Russiese rolprentbedryf met die nuwe eise van kommersialiteit en glasnost worstel, het die Weste al op die perestroika-bandwagon gespring. 'The Russia House' is gegrond op die oud-spioen John le Carré se visie van die toekoms van die 'inligtingsbedryf'. Waar die Russe dirty realism invoer, kies die Weste altyd glans...**

Die verfilming van "The Russia House" is moontlik gemaak deur die vriendskap tussen die Australiese regisseur Fred Schepisi en die hoof van die Sowjet Filmmakers-Unie, Elem Klimov, 'n regisseur wat briljante maar swaarwigtige prente gemaak het.

"Die struktuur waarvolgens ons gewerk het, was dat ons Russiese vennote vir alles in Rusland betaal het, en ons sal dieselfde hoeveelheid geld sit in 'n prent wat hulle in die Weste wil maak," sê Schepisi, die regisseur van onder meer "Plenty" en "A Cry in the Dark".

Schepisi het in Februarie 1989 die bladproewe van John le Carré se riller gelees en sewe maande later het hy op die geboorteplek van die revolusie begin skiet: die Paleis-plein in Leningrad, die stad wat bekend staan as die Venesië van die Noorde.

"Ek het gemeen Le Carré se boek het glasnost en die einde van die koue oorlog met insig bekyk. Die spioene van die Weste en die Ooste is mense wat die einde van die koue oorlog behoort te waardeer, maar hulle blyk dit te wil uitrek om hul jobs te beskerm," sê Schepisi.

Dis 'n aksie-belaaide prent, maar dis ook 'n kragtige liefdesverhaal en raak 'n onderwerp aan wat voor Gorbatsof nie in die Sowjet-Unie die lig sou sien nie. "Ek meen dis baie optimisties en handel oor 'n ontnugterde karakter wat mense ontmoet wat bereid is om hul lewens in gevaar te stel om die mensdom te red."

Connery speel Barley Blair, 'n Britse uitgewer verlief op boeke, drank en jazz. 'n Sowjet-wetenskaplike (Dante word deur Brandauer gespeel) ontmoet vir Blair en lig hom in oor sy manuskrip. Sou dit in die Weste gepubliseer word, sou die magsbalans heeltemal verskuif.

Katya (Pfeiffer kan nou vir Meryl Streep in die aksent-departement uitdaag) is die koerier wat nie kan verhoed dat die manuskrip deur 'n klomp korrupte Westerse spioene onderskep word nie...

* Lees op bladsy 23 wat skryf die Russe oor hul eie kultuur en sien bladsy 28 vir die program van die Russiese-rolprentfees. Dit begin vandag by die Corlett-teaters, Louis Bothalaan, Johannesburg.

# 'Tsar's Assassin' 'n protes teen geweld

**Die uiteenlopende rolle van die Moskouse akteur Oleg Yankovsky - 'n ster van sowel die rolprent as die verhoog wat ons hier in 'The Kreutzer Sonata' gesien het - het hom die publiek se gunsteling gemaak en loftuitinge van die kritici ontlok. Veral sy rolle in rolprente oor die hedendaagse tyd het aandag getrek. Nou vertolk hy 'n heeltemal verskillende rol, dié van 'n historiese figuur in 'The Tsar's Assassin', wat deur die jong regisseur Karen Shakhnazarov verfilm word. Die Russiese nuusagentskap Novosti het dié onderhoud met hom gevoer.**



*Oleg Yankovsky*

**Baie kunstenaars van die teater- en die rolprentwêreld is al geboei deur ons land se geskiedenis. Een van die tragiese oomblikke daarin, die moord op die laaste Russiese tsaar, is die kern van die rolprent "The Tsar's Assassin" waarin jy die rol van Nikolai II vertolk. Wat het jou na dié rol aangetrek?**

Die prent is spesiaal omdat dit nie bloot 'n oorvertelling van die moord op Nikolai II en sy hele gesin is nie, maar 'n moderne weergawe, 'n poging om ons herinneringe wakker te maak en ons oor die Russiese geskiedenis te laat nadink - die gebeure van die verlede, wat nou aan 't gebeur is, die toekoms wat nog op ons almal wag en hoe alles inmekaarsteek. Ons beskuldig mekaar gereeld oor die ou koeie in die sloot en soek alewig 'n sondebok om al die skuld op af te laai. Ons word gedryf deur 'n ewige begeerte om mense aan die kaak te stel... Maar wat kan 'n mens verwag? Soveel emosie is ná 70 jaar van stilte opgeberg in die harte van die mense, 'n ware vulkaan waarvan die huidige uitbarstings nie gekeer kan word nie.

Ons ondersoek nie die laaste Russiese heerser se persoonlikheid nie, ons het 'n ander doel. Daarom, as jy my vra oor my houding jeens Nikolai II, wil ek sê dat ek geen vaste mening oor hom as politieke figuur of as individu het nie, maar ek voel wel pyn wanneer ek aan sy lot dink. Hier het ons die geskiedenis van die vaderland en sy heerser...

Ons rolprent het 'n meer eietydse milieu. Die aksie vind vandag plaas, in 'n psigiatriese hospitaal waar 'n pasiënt hom verbeel dat hy Nikolai II vermoor het (dié rol word vertolk deur die Engelse akteur Malcolm McDowell, wat onlangs die hoofrol in "Lambarene" vertolk het). Sy dokter (ek) neem die rol van die vermoorde tsaar aan om sy pasiënt te help. Die twee mans kom bymekaar soos skakels in 'n gebreekte ketting en 'n wonderwerk vind plaas: herinneringe word herstel en hulle herleef weer die verskriklike gebeurtenis van meer as 70 jaar gelede.

Vermoor, verneder, ontneem... Ek het al lank gewonder waarom sulke kriminele neigings in die mens ontwikkel. Ongelukkig moet ons aanvaar dat die onlangse nuus uit ons verskeie republieke duidelik wys dat ons nog nie van dié sonde ontslae geraak het nie. Kom wat wil, ons móét probeer om die ketting van wreedheid, moord en vernedering te breek. Elkeen van ons moet probeer om dit stop te sit. Ons rolprent is 'n protes teen geweld, 'n waarskuwing aan toekomstige geslagte - 'n kreet en 'n gebed dat só 'n verskriklike daad nooit weer herhaal sal word nie.

**Twee jaar gelede is 'n akteursgilde in die Sowjet-Unie gevorm om die belange van jou kollegas te verdedig. Dink jy so 'n gilde is werklik nodig?**

Gildes is sonder twyfel nodig vir alle kunstenaars - veral as jy verwys na so 'n vernederende beroep soos die akteur s'n. Die stigting van 'n akteursgilde is 'n wonderlike prestasie, maar die stelsel self is nog nie aan die werk nie. Byvoorbeeld: elke akteur kan 'n lid wees van die gilde, mits hy lid is van die Unie van Kinematograwe. Dit is werklik belaglik: hoe kan 'n mens teater- en rolprentakteurs van mekaar onderskei - en hoekom sou jy? Wanneer die gilde in staat is om akteurs te verdedig, dan is sy doelwit bereik. 'n Nodige deel van die gilde moet die fonds wees waaraan werkende akteurs 'n deel uitbetaal om hul werklose kollegas te ondersteun.

**Is dit moontlik om jou te vra oor jou werk by "Lenkom" in Moskou, een van die gewildste teaters in die land?**

Ek dink dié teater is 'n vreugdevolle uitsondering op die algehele somberheid wat die teateromgewing in hierdie land oorheers. Hoewel ons al 17 jaar onder Marc Zakharov se spelleiding is - 'n baie lang tyd - is ons steeds sterk.

Ons teater het onlangs die toneelstuk "School for Emigrants" deur die jong dramaturg Dmitry Lipskerov bekend gestel. Dit gaan nie oor emigrasie, wat so 'n gesprekspunt geword het nie, maar oor die emigrasie van jouself wat veel belangriker en meer kompleks is. Zakharov het 'n wonderlike groep akteurs bymekaargebring om dié belangrike tema aan te spreek. Nikolai Karachentsev, Alexander Zbruev, Alexander Abdulov... ek is ook gevra.







*Russiese kunstenaars in Moskou die in 'n optog om hul regte te verseker*

# Die wêreld bewonder Sowjet-kuns

VERSAMELAARS, galeryeienaars en kunshandelaars van die wêreld is nou 'n gereelde teenwoordigheid in Moskou, Leningrad, Kiëf, Riga, Tallinn en Jerewan. Wes-Europeërs, Amerikaners en die Japanese is geesdriftig oor kontemporêre Sowjet-skilderye en -beeldhouwerke, veral ons onlangse artistieke ondergrond. "Sowjet-kunstenaars word hoog geag in die wêreldmark van Duitsland tot Japan en van die Verenigde State tot Italië," beweer die invloedryke L'Espresso van Rome.

Die avant-garde-kunstenaars Ilja Kabakow, Eric Bulatow, Vladimir, Nemukhin, Konstantin Zvezdosjetow en Grigori Bruskin het aansien dwarsoor die wêreld. Hul eerste uitstallings het 'n sensasie veroorsaak by Sotheby's en Christie's.

Dit is vreeslik "in" om Sowjet-kuns te koop. Goedgevestigde museums en selfs piepklein galerye spog met behoorlike Russiese kamers. Rusland se buitelandse handel hanteer hoofsaaklik sosialistiese realisme en avant-garde. Werke van beroemde meesters sowel as onbekende jongelinge word met sukses van die hand gesit.

Alexander Rodchenko en Nadezhda Udaltsova wat die geboorte van Russiese avant-garde meegemaak het, was die sentrale fokus van Sotheby's se 1988-veiling. Rodchenko se "A Line" is vir R1,5 miljoen verkoop, 'n siklus van die kontemporêre kunstenaar Grigori Bruskin is teen R1 miljoen verkoop. Hierdie fokus op Moskou, 'n eerste vir Sotheby's het aan Wes-Europese en Amerikaanse versamelaars, 113 Sowjet skilderye besorg teen 'n indrukwekkende R10 miljoen. Dit is 'n aanskoulike besigheidsdebuut, veral as mens in ag neem dat Westerse skilderye al 'n gevestigde mark en pryse het teenoor Sowjet-skilderye wat onbekend is en na willekeur geëtiketeer word.

Die volgende reeks Russiese veilings by Sotheby's en Christie's het in Maart 1990 gevolg. Talle kunsuitstallings, party van hulle eenman-uitstallings was baie suksesvol.

Dit is egter nie die enigste manifestasie van die opbloei in Sowjet-kuns nie. Soyuzkhudozhexport, 'n kunsuitvoermaatskappy word oorval met bestellings vir nie-figuratiewe, Socart en sosialistiese realistiese versamelings. Onder sy laaste projekte was 'n realistiese versameling vir Switserse handelaars wat saamgestel is met slegs een voorwaarde: al die skilderye moet klein wees. Die doeke is gemiddeld teen R18 000 rand elk verkoop, met uitsondering van 'n paar beroemdes se werke.

Die uitvoermaatskappy en galerye is nie nodig as besigheidsbemiddelaars nie. Party oorsese versamelaars maak direk kontak met kunstenaars of maak gebruik van 'n meewerkende handelaar se hulp. Meewerkende besigheid is baie aktief in ons land vandag. Hiervoor is die Mars-galery vir kontemporêre kuns in Moskou, veral bekend. Hulle spesialiteit is rondreisende vertonings.

Soos vantevore verkoop Sowjet-kunstenaars hul werke aan hul gilde, om dan aan ander organisasies verkoop te word - teen 'n profyt (bedoel vir die gilde se sak). Baie bied hul werke aan kommissiewinkels en kunssalonne of neem deel aan loterye en veilings. Een nuwe handelsvorm ... nuut in Rusland, het onlangs hierdie gevestigde patrone aangeneem. Tot onlangs was dit skokkend vir 'n kunstenaar om op straat te verkoop, sommiges is selfs uit die gilde verban, nou is dit OK. Moskouse skilders verkies Izmailovo Park en Arbat, 'n lieflike laan in die middestad. Alle kunsrigtings word hier verteenwoordig met 'n gestadigde en betreurenswaardige toename in kitsch werke. Moenie glo dat jy nooit iets goed hier sal vind nie. Party kliënte met 'n geoefende oog vind regte versamelaars-items. Buitelandse toeriste besoek hierdie plekke en kies gewoonlik iets in 'n Russiese styl.

Arbat word oorheers deur amateurs en kollege studente. Een van hulle, Joeri Lebedew, 'n drop-out van die Kuns-instituut bieg: "Ek doen nie besigheid op 'n groot skaal nie... ek kan nie 'n beter besigheidskool vind as hierdie een nie. Ek is vinnig besig om te leer hoe om die gewone mens en die fynproewer te bevredig."

"Ek maak portrette en strokies op bestelling. Elkeen neem my ongeveer 'n driekwart uur, of twintig minute. Ek is gewild en maak goeie geld. Sonder dit sal ek nooit kan bekostig om aan 'n groot, gesofistikeerde skildery te werk nie." So sê die jong Sergei Smirnov.

'n Middeljarige man wat net as Grigori bekend wil wees, het die skildery wat hy te koop aangebied het, afgeskryf as blote geldmakers.

Die Arbat en veral Izmailovo verkope het aanskoulik toegeneem veral met die toenemende kompetisie en deelname van eersteklas meesters. Die voormalige Japanse premier het 'n uurtjie in sy Moskou-skedule ingewurm om 'n hele paar merkwaardige doeke te koop. President Reagan het Arbat gedurende die Moskouse spitsberaad besoek, waarna sy span na Izmailovo gegaan het om 'n skildery vir hom te koop. Hulle het 'n uitmuntende skildery uitgesoek waarvoor die kunstenaar nie geld wou aanvaar nie. "Ek wil dit as 'n present aan die president gee."

Hieruit kan mens aflei dat L'Espresso reg was wanneer hulle sê: "Kontemporêre Sowjet-kunstenaars kan hoop op sukses wanneer hulle in die kapitalistiese kunsmark in-beweeg." Hulle kan egter meer doen...ware kuns maak.

**- PYOTR GAVRILOV**

# Bravo, mense!

DIE eerste Suid-Afrikaanse musici om aan 'n musiekwedstryd elders in Afrika deel te neem, het pas twee eerste pryse en 'n derde prys gewen in die "Concours Panafrican de Musique" in Lomé in Togo, Wes-Afrika.

Dit lyk asof ernstige musiek besig is om vinniger deur die mure van isolasie te breek en brûe na die res van Afrika te bou as wat sport dit tot dusver kon regkry.

Drie Suid-Afrikaners was onder die deelnemers uit onder meer Algerië, Ghana, Togo, Kamroen, Madagaskar, Frankryk, Italië, Pole en Hongarye. Wat die deelname van die Suid-Afrikaners merkwaardig maak, is dat die wedstryd onder beskerming van die Organisasie vir Eenheid in Afrika en UNESCO aangebied is.

Die Pan-Afrikaanse Kitaarwedstryd is gewen deur die 25-jarige Kapenaar Michael Hoole. Omdat hy met militêre diensplig besig is, moes hy spesiale toestemming van die weermag kry om deel te neem. Naas die eerste prys van sowat R10 000 het hy ook 'n uitsonderlike Spaanse kitaar ter waarde van sowat 5 000 dollar ontvang. Dis gemaak deur Manuel Conteras van Madrid.

Die eerste prys ter waarde van R20 000 in die Pan-Afrikaanse Klavierwedstryd is ook deur 'n Suid-Afrikaner, Noel Khumalo, gewen. Khumalo is 'n student aan Wits, waar hy klavieronderrig van Peggy Hadden ontvang. Die tweede prys is deur Reon Jacobs van Kaapstad gewen.

*- HENNING VILJOEN*





*SA wenners ... Noel Khumalo en Michael Hoole*

# Jy kyk met nuwe oë

*AWAKENINGS*
***Regie: Penny Marshall***
***Met Robin Williams, Robert de Niro, Ruth Nelson e.a.***

***LAETITIA POPLE***

Die rolprent "Awakenings" laat mens die wonder van die lewe opnuut besef. Dit is 'n viering van die alledaagse voorregte - soos om met 'n geliefde te kan dans, te lees of om 'n entjie te gaan stap.

Dit is die ware verhaal van die neuroloog Oliver Sacks, wat in die laat sestigerjare in 'n hospitaal op die slagoffers van encephalitis lethargica ('n soort slaapsiekte) afkom.

Die pasiënte slaap al 'n paar dekades lank - maar die toediening van die dwelmmiddel L-Dopa laat hulle weer vir 'n laaste somer ontwaak. Sacks se boek "Awakenings" word beskou as 'n moderne klassieke werk oor die neurologie en behels 'n reeks gevallestudies.

In die rolprentweergawe is Robin Williams die menssku dokter, wat veel eerder met plante as met mense omgaan. Hy doen by dié hospitaal aansoek om wat hy dink 'n navorsingswerkie in die afsondering van 'n laboratorium is.

Die superintendent meen hy sal die slapende pasiënte kan behartig omdat hulle "dooie materiaal" is wat net af en toe 'n inspuitinkie nodig het.

Mettertyd ontdek die dokter dat hulle sekere reaksies wys en deur sekere visuele patrone verder gestimuleer word. Wanneer hy hul mediese verslae nagaan, ontdek hy dat baie van hulle die slagoffers van 'n soort slaapsiekte in die vroeë twintigerjare was.

Hy is oortuig dat hulle binnekant "lewe" - maar hy kom te staan voor die pessimisme en beterweterigheid van sy mededokters. Ondanks hul smalende aanmerkings behandel hy Leonard Lowe (Robert de Niro) met die dwelmmiddel.

Hy ontwaak soos 'n Lasarus. Die ander pasiënte ontwaak ook almal ná behandeling met die middel.

Soos hulle die nuwe, veranderde wêreld ná dekades van slaap ontdek, kyk die dokter - en die gehoor - ook opnuut deur hul oë na die bekende dinge.

Die ontwikkeling van die hoofkarakters is veral treffend. Robin Williams lewer 'n meesterlike uitbeelding van die beskimmelde dokter wat sukkel om met mense te kommunikeer en nie hul onvoorspelbaarheid kan hanteer nie. Soos sy pasiënte ontwaak, ontwaak ook hy tot menslikheid en reik hy self aan die einde uit na menslike kontak.

Robert de Niro se vertolking van Leonard Lowe is soos elke De Niro-vertolking: briljant. Hy slaag daarin om sy liggaam te laat verrys en kan dit in allerhande ongemaklike posisies verwring. Sy ontwaking en kinderlike verwondering oor die wêreld is aandoenlik oortuigend sonder om sentimenteel te wees. (Oliver Sacks, wat hand bygesit het met die rolprent, het een keer geskrik - hy het gedink De Niro ly régtig aan 'n neurologiese wanfunksie toe dié oënskynlik beheer oor sy liggaam verloor het.) Sy spel is enige tyd net so goed soos Daniel Day Lewis s'n in "My Left Foot".

Daar is so 'n fyn ewewig tussen vreugde en hartseer dat die rolprent nooit droefgeestig raak nie. Die vreugde waarmee 'n grys ou tannie rondhol terwyl 'n verpleegster met 'n rolstoel agterna jaag en die hartseer wanneer hulle vir die eerste maal in spieëls die verwering van die jare sien, is aangrypend. Die sentimentele oomblikke hier en daar vergeef mens oombliklik. Die verhouding tussen dokter en pasiënt word só uitgebeeld dat die menslike waardigheid van die hulpelose pasiënt behou word. Die prent lewer subtiel kommentaar op die vernedering wat mense soms in die hand van dokters en sielkundiges ondergaan.

"Awakenings" sal met jou traankliere en lagspiere woel. Dis 'n onvergeetlike rolprent oor die kompleksiteit van die menslike gees, wat deur niks of niemand getem kan word nie..

# Oordadig, maar die diere is dierbaar

*GATHERING OF THE BEASTS*
***Deur Nicholas Ellenbogen***
***Met Michael Atkinson, Natalia da Rocha, Graham Clarke e.a.***
***Regie: Nicholas Ellenbogen en Michael Atkinson***
***In die Oude Libertas-Amfiteater***

***ARNOLD BLUMER***

WIE verlede jaar Ellenbogen se "Horn of Sorrow" op dieselfde verhoog gesien het, het groot dinge verwag. Maar ek was 'n bietjie teleurgesteld: die eenvoud van vroeër het plek gemaak vir 'n oordadigheid wat die opvoering op plekke laat uitrafel.

Dis asof Ellenbogen te veel idees in 'n te klein spasie wou probeer prop. Daar is bv die dolfyn wat ná sy vertoning half lomp en onhandig van die verhoog afgedra word.

Die "songs" het vir my nie gewerk nie: hulle doen as 'n aangeplakte vermaaklikheidsfoefie aan wat skaars iets bydra tot die seggingskrag van die stuk.

Ook die kommentaar wat spelers van buite hulle rolle op die spel lewer, doen afbreuk aan die vloeibaarheid van die stuk en raak ongeloofwaardig wanneer Atkinson skielik verteller word en die wildehondtefie ter wille van 'n happy ending uit die dood laat herrys.

Dis goeie Brechtiaanse tegniek, maar dit pas nie hier nie en verwater die boodskap van die stuk.

Dit gaan om die wildehond wat deur uitwissing bedreig word weens die mens se bose selfgesentreerdheid. Nou besluit die diere om wildehond te red deur vir hom vrou te soek. Dié kry hulle en wildehond word pa. Maar die kleintjies word saam met hul ma doodgeslaan. Hier behoort die stuk te eindig.

Op 'n slim ontwerpte verhoog (deur Ellis Pearson) waarvan die planke opgelig kan word om 'n boom of 'n woud voor te stel, word die verhaal met 'n minimum aan rekwisiete verwoord en verbeeld.

Dis meestal die liggame wat praat en party van hulle doen dit uitsonderlik goed - soos Graham Clarke as die swartwitpensbok en veral as die stadshond; Esmail Teixeira as die erdvark; Lara Bye as die wildehondteef; Natalia da Rocha as die bobbejaan en Kurt Egelhof se boesman, hoewel die laasgenoemde by tye aan die karikatuuragtige grens.

Daar is kostelik roerende tonele, byvoorbeeld wanneer die wildehond-welpies aan hulle ma drink, en gedeeltes van die teks is heerlik spitsvondig.

Ondanks my klagtes is dié opvoering 'n teatrale belewenis soos min en gelukkig word dit nou weer by die Baxter opgevoer, danksy die hulp van die SA Natuurstigting en Southern Life.

# Nie geklooster deur geld en kultuur

## ROBIN HAWKINS kuier by die Stanley Hermans-uitstalling, Irma Stern Museum, Rosebank, Kaapstad

DIS vir my baie aangenaam om te merk dat dié pragtige klein kunsmuseum uiteindelik uitkom uit die enorme skadu van die grootse Irma Stern - en die kultuurbegrip wat sy so indrukwekkend verpersoonlik. Dié tentoonstelling is nogal 'n verrassing.

Stanley Hermans is lankal 'n bekende figuur hier in die Kaap, maar dis die eerste keer dat ek sy werk op 'n openbare tentoonstelling sien. In sterk teenstelling met sy ietwat skugter persoonlikheid, word mens getref deur die skerp kleurgebruik in die groot doeke. Hier vind mens miskien 'n aanknopingspunt met die kleurryke persoonlikheid van me. Stern, wat tog die stemming in die museum oorheers. Oor die algemeen is die werk sterk dokumentêr. Daar is hoofsaaklik middelklas-interieurs - met al die kitsch tierlantyntjies en goeterjasies, en 'n oorvloed pienk en pers. Maar die werk is meer as bloot illustrasie. Deur sorgvuldige beeldkeuse word die verwysingsveld verbreed ... en tog terselfdertyd vernou om die kunstenaar se houding teenoor die afgebeelde individue of plekke weer te gee.

Die keuse van boektitels, bv. "Barbershop Interior" - Tolstoy se "Anna Karenina" en 'n boek van Jane Bowles (nie die modieuse Paul nie) pas nie eintlik by 'n haarkapper nie - wys vir ons dat die skildery oor méér as bloot 'n haarkapper handel. Daarmee genoeg oor die verwysingsraamwerk.

Die tegnieke is ook nogal interessant. By sommige skilderye vind ons 'n tipe strokiesprent-benadering van die beelde - wat bo-op die netjiese afwerking van die res van die skildery aangebring is. Half om buitelyne te aksentueer.

Hier sien ons die invloed van Hermans se werk aan die "Agitprop" publikasies en strokiesprente waarmee hy 'n tyd lank doenig was. En daarteenoor die gekonsentreerde kwaswerk en afronding van die skildery wat my die meeste geraak het - die somber en makabere "She fell into Madam's pool and drowned". 'n Baie sterk skildery dié.

Daar is ook enkele grafiese werke, wat myns insiens nie naastenby dieselfde trefkrag as sy skilderye het nie.

Ek is nog nie seker of ek van die werk hou nie. Die tussenspel van kitsch en erns pla. Maar die werk moet gesien word. My onsekerheid tel eintlik in die skilderye se guns. Hulle is mooi. Miskien is dit dít wat my pla.

Maar mense hou van mooi goed en dié werke is méér as net mooi. Inteendeel, hul dikwels makabere inhoud en die mistiek en eerlikheid aan hulle verbonde hou hulle ver verwyder van gewone binneversiering.

Tog is dit juis dié toeganklikheid wat die tentoonstelling noemenswaardig maak. Stilisties nie te ver van Irma Stern nie. Tog wêrelde apart... Nie geklooster agter begrippe van geld en kultuur nie.

Baie van die plaaslike museums werk deesdae aan uitreikprogramme, maar dié neem alte dikwels die vorm aan van elitistiese soirees en dergelike vervelige monsters. G'n wonder dat kuns so dikwels as die eiendom van die uitverkore minderheid beskou word nie. Hier het ons egter 'n poging van een museum om weg te breek van die koloniale rokpante - en ek voel dis tyd dat ander "musea" ook onder die maatemmers uitkom.

# 'n Prettige aand met Porter

***COLE PORTER se LET 'S DO IT! Village Manor-teater, Balalaika-hotel, Maude-weg, Sandown. Met Natalie Gamsu, Godfrey Charles, Chrissy Caine en Michael Da Pinna.***

*LAETITIA POPLE*

Die komponis Irving Berlin het eendag aan Cole Porter geskryf: "Alles wat ek doen, doen jy net soveel beter." Porter, stem almal saam, was 'n liedjiesmit van formaat. Veral sy verbale oorspronklikheid is treffend.

Dit blyk duidelik uit sy lirieke: "If you want a future, darling, why don't you get a past?", of:

*"They say that spring*
*means just one thing*
*To little love birds*
*We are not above birds*
*Let's misbehave."*

In sy leeftyd het Porter meer as 1000 liedjies geskryf en gekomponeer. Sy liedjies is al deur sangers soos Marlene Dietrich, Bing Crosby en Julio Iglesias gesing. Net verlede jaar nog het daar 'n huldeblyk op plaat aan hom verskyn ten bate van Aidsnavorsing. Dit heet "Red Hot Blue" en daarop kan mens o.a. Tom Waits "It's all right with me" hoor rasper en Sinead O'Conner "You do something to me" hoor sing.

Cole Porter het sy kreatiewe hoogtepunt in die tydperk van die groot Depressie van die twintigerjare tot die Tweede Wêreldoorlog bereik. Te midde van dié droewe tye het hy veral jolige liedjies geskryf wat sy era se oordadigheid en naïwiteit vasvang. Toe die rolprent "Night and Day" oor sy lewe gemaak is met Cary Grant in die hoofrol, was dit musikaal 'n reuse-sukses, maar dramaties 'n groot flop. Die rede hiervoor is eenvoudig: daar hét nooit enigiets "dramaties" met Porter gebeur nie. Hy is met 'n goue lepel in die mond gebore en het in 1964 só gesterf.

Tans herleef sy liedjies opnuut in die kabaret "Let's do it", wat deur Witch Way Music aangebied word. Die venue is die luukse eetlokaal van die Balalaika in Sandown. Die kabaret word in twee dele aangebied. Die eerste deel het ek vreeslik stram gevind, moontlik omdat dit die openingsaand in Transvaal was. (Die vertoning het 'n suksesvolle seisoen by die Baxter in Kaapstad agter die rug.) Tog was "The laziest girl in town" en "My heart belongs to daddy" - gesing deur die vrou met die diep Cape Velvet stem, Natalie Gamsu - treffers. Chrissy Caine sing die treurmare "Nobody's chasing me" met soveel treurigheid dat mens saam met haar wil ween. Godfrey Charles se weergawe van "Anything goes" en die geselskap se "You're the top" was ook treffend.

Die tweede deel was baie meer ontspanne en loslit. Die gehoor het ook 'n bietjie wakker geskrik en die geselskap aangemoedig. Veral Natalie en Chrissy se duet "In the still of the night", die snaakse gospelliedjie "Blow Gabriel blow" en Godfrey se "Begin the Beguine" bly mens by. Die aand is afgesluit met 'n nuwe, meer komiese weergawe van "Let's do it". Dié liedjie verkry 'n stuitige toon met die byvoeging van reëls soos "Des and Dawn do it with a yawn" en "Pieter Toerien does it but he's got to rehearse". Die gehoor het dit gate-uit geniet.

Dis 'n vermaaklike aand en boonop is die kos lekker en die kelners vriendelik. Gaan luister gerus.

# Cosaw verwelkom Ndebele

**COSAW verwelkom prof. Njabulo Ndebele met voorlesings Maandagaand om 6nm. Ndebele het onlangs uit Lesotho teruggekeer en is die departmentshoof van Afrika-Letterkunde by Wits. Hy is ook die voorsitter van Cosaw.**

**Ndebele self, Nadine Gordimer, Ellen Khuzwayo, Patrick Fitzgerald, Victor Munnik, Willie Tshaka, S'phiwe Ngwenya en Doreen Mazibuko neem deel. Dit word in die Mark se Lab, Gochstraat 63, Newtown aangebied. Toegang is gratis. Almal is welkom.**


dié week by die

MARK-TEATER

***MARK-TEATER***

***SHADOWLANDS***

***deur William Nicholson***

***Regie deur JANICE HONEYMAN - Brian Murray, Helen Bourne, Michael McCabe, Ron Smerczak, Norman Coombes***

***Ma tot Vr 8nm; Sa 5.45nm en 9nm***

**DIE LAAGER**

**Jeremy Taylor se BROEDERSTROOM DIARIES**

'Vintage Taylor at best'
Met Jeremy Taylor

Ma tot Vr 8.15nm; Sa 6:15nm & 9:15nm
Laaste twee vertonings

**STRUTS AND FRETS - Eerste voorskou 26 Maart 8.15nm**

**Regie: Vanessa Cooke**
Met Kate Edwards, Fiona Ramsay en Tony Bentel

upstairs by die MARK-TEATER

Ma - Vr 8:15nm. Sa 6.15nm & 9:15nm

**Alfred Jarry se UBU**

**Regie en ontwerp: Neil McCarthy**
**Met Charles Comyn, Robert Colman, Megan Kruskal, Motshabi Tyelele, Louis Seboko, Gideon de Wet**

*KIPPIES BY DIE MARK*

*Di tot So 9nm*

***Vuvu and the McCoys Brotherhood***

**MARK-GALERYE**

**LIFE IN THE LIBERATED ZONE - SA se stadsontploffing deur DAVID LURIE.**
**Open Sondagaand 6nm Tot 16 April**




# Artemisia en die volmaan-aartappels

**Fynproe**

**NETTIE PIKEUR**

Met volmaan begin ons kruietuin vanself ruik. Die kruie groei in potte op 'n piepklein Juliet-balkonnetjie, en verder op die kombuisvensterbank.

En toe die maan nou die aand blouwit opkom oor Tafelbaai se kobalt water - herfs in die Kaap, alles skitter - trek die geur van dragon, tiemie, basilie- en sitroenkruid, en Petra se verbenabos dwarsdeur die huis.

Dis romanties. Selfs die bak geel aartappels lyk in die maanlig soos 'n stillewe. En aartappels is juis lekker met 'n strooisel kruie. Die onvergeetlike docteur Edouard de Pomiane skryf so lieflik oor aartappels, en hy gaan haal die mooiste storie agter die bult:

"Ek dag ek is 'n botanis, maar illusies was daarmee heen toe ek sade vir dragon (dis nou tarragon) gaan vra. Die kruiemeisie sê: 'Dragon dra nie 'n vrugbare saad nie. As jy die plant wil hê, hier is hy. Oor drie jaar is hy dood. Kom dan weer.'"

En die docteur neem gedwee sy plantjie en gaan lees tuis in sy mediese ensiklopedie op oor dragon: Artemisia Dranunculus word voortgeplant deur verdeling - steggies groei maklik. Egte dragon blom, maar maak geen vrugbare saad nie. Die plant wat gewoonlik verkoop word, is Artemisia Rydowskyi, wat soos dragon lyk, maar geen geur het nie.

Nou toe. Daar is Artemisia mét 'n geur en een sónder. Dit weet ek: in Grosvernor House se kruietuin op Stellenbosch het destyds egte Franse dragon geurig en wild gegroei, en ek het skelm uit die welige bos gesteel.

Larousse vertel drakontion is in die Griekse mitologie 'n slang-etende voël en dragon is voorheen - seker nou nog - gebruik as kuur vir slangbyt. En toe ek nou die dag by die tuinwinkel gaan dragon soek, ruik 'n blaartjie daarvan wragtie soos niks, soos kikoejoegras. Artemisia-sonder-geur, arme vrou. En nou is ons almal iets wyser, danksy le bon docteur.

Sy resep vir aartappels met dragon:

Skraap 'n paar aartappels en kook hulle ongeskil in water. Trek dan die skille af, dreineer en sit in 'n warm erdepot. Voeg baie botter by, asook varsgekapte Franse dragon. Sit dadelik voor, sê hy, sodat jy die geurige blaartjies tussen jou tande kan byt. Ons Mosambiekse erdepotte wat in die gang staan, sulke rooibruines (glo met lood geglasuur, dis dié dat mies Pikeur so mal is) is perfek vir aartappels kook en bak. In die kleinste potjie maak ons dikwels:

### Die aartappelgereg

Skil en sny aan skywe twee aartappels per persoon. Pak in jou erdebakkie met skyfies uie tussenin, asook klonte botter. Giet bo-oor daardie room wat al effe suur is, (jy kan ook hoenderstock gebruik), voeg baie sout en peper by, en bak 40 minute tot sag. Dien net so in die potjie op.

### Javaanse aartappels

Jy braai 'n soetpeper, uie, een huisie knoffel, 'n skraapsel vars gemmer en gooi daarby die sap van een suurlemoen. Wanneer dit sag word, voeg soveel rissies by soos jy wil, 'n eetlepel bruinsuiker, sout, en meng dan daarby jou gekookte geskilde aartappels. Salig. My resep uit The Hot 'n Spicy Cookbook sê jy maak dié met leftover mash. Daar is nooit leftover mash in ons huis nie, die kinders eet alles ná ete met tamatiesous en Worcester op, maak dus van meet af.

### Aartappelkoekies met byt

Maak aartappels gaar en skil af. Braai dan een gekapte rissie (pas op vir die pitte, hulle brand) uie, neutmuskaat, komynsaad in 'n bietjie olie. Meng dit by die aartappels, voeg een eier by en 'n skeut melk by, maak koekies en braai vinnig tot bruin in vlak olie. Heerlik by Indiese kos.

Spanjaarde is dol op aartappels. Hulle voeg amandels by, of groente soos komkommer en groenrissie, en natuurlik baie olyfolie. Nou die dag maak 'n kind mash met olyfolie pleks van botter, plus cayenne-peper. 'n Interessante smaak en satynerige tekstuur. In Spanje kook hulle mos ook met erdegoed. Hulle pak stukke aartappels in 'n erdepot, drup olyfolie en sout en peper oor, en maak dit vir 30 minute in die oond gaar saam met varkboud. Die aartappels maak 'n bruin kors, en as jou pot oud en gesout is, kan jy die aartappelgereg uitkeer vir die mooi op 'n opdienbord.

Uit Toskane kom dié wonderlik-genaamde gereg:

### Budino di patate con funghi

Kook agt aartappels. Braai 500g swart sampioene in botter, voeg sout en peper by, asook 'n skeut room. Maak mash met aartappels. Smeer 'n erdepot en skep die helfte van die mash daarin. Maak 'n holte in die middel. Hierin pak jy jou sampioene. Maak toe met die res van die aartappels. Bak dit nou vir 20 minute.

Jy kan gebraaide preie, spinasie, klein boerboontjies, wat ook al, as vulsel gebruik. Onthou net die room. Nog 'n lieflike resep uit die Toskaanse kookboek is gesnyde, gekookte aartappels gemeng met een glas rooi wyn, 'n koppievol olyfolie, pietersielie, en twaalf gekapte stukkies ansjovis. Twaalf, niks meer of minder nie, wanneer dit volmaan is.

# Unity and tolerance

PEACE, tolerance and friendship is the message of tomorrow's Unity 91 Festival which begins at 12 noon at Soweto's FNB Stadium.

The concert has the blessing of various political organisations as well as the South African Musician's Alliance. Half the proceeds will be channelled to a special trust to be formed after broad consultation with all political organisations. The money will be used to assist in the resettlement of returning exiles, irrespective of their political affiliations.

Topping the bill are Caiphus Semenya and Letta Mbulu who have recently returned to the country after 26 years in exile. They will share the stage with superstars like Brenda Fassie, Yvonne Chaka-Chaka, Bayete, Sankomota, and the African Jazz Pioneers.

* South Africa's hit musical act Mango Groove will be the first major local band to perform at Sun City tonight since SAMA's conditional lifting of the cultural boycott.

This is expected to be their last concert at home before their international engagement next month. Supporting the main act will be the lively Cape rap band Prophets of the City, which is rapidly gaining cult status among youths.

*- PHINEUS TSHUKUDU*

# Oude Meester musiek-inskrywings

**Die sluitingsdatum vir die Oude Meester-Stigting se Musiekprys 1991 is 1 Augustus. Die prysgeld beloop R3 000 per kategorie (blaasinstrument, orrel, klavier strykinstrumente en sang) en alle finaliste sal gevra word om in Oktober in Stellenbosch op te tree.**

**Vir verdere inligting bel (02231) 73480 of skryf aan die Oude Meester-Stigting, Posbus 184, Stellenbosch.**

# Vir 'Big Time' betaal ons sommer meer!

**ELMARI RAUTENBACH skryf oor TV**

NOU hoor ons die SAUK wil begin sente tel - dit, terwyl 'n miljoen dié kant of daai kant toe tot onlangs klaarblyklik nie juis natgeswete voorhoofde tot gevolg gehad he nie.

"Topsport" het glo sy begroting van R60 miljoen met "net" R17,8 miljoen oorskry. Prof. Christo Viljoen, voorsitter van die SAUK-Raad, het volgens gerugte verlede jaar op eie stoom 'n pakket Oos-Europese programme aangekoop, waarvan party só swak is dit word nie eens vir uitsending oorweeg nie. 'n Bedrag van R4 miljoen is in verband met dié "kopie" genoem, maar ontken deur Wynand Harmse, groep-uitvoerende hoof van die SAUK, wat in 'n onderhoud in 'n Sondagkoerant gesê het die betrokke bedrag beloop "minder as R4 miljoen"... En dan word ook gesê die reeks, "Meester", wat intern vervaardig is, het sy begroting met 'n halfmiljoen rand oorskry.

Geen wonder nie die SAUK se geldbase reken net R164 miljoen sal die organisasie uit sy diep, donker skuld-put kan lig...

Wat die jammerste is van dié skynbaar onkeerbare spiraalgang al dieper die skuld in is dat almal dit nou moet ontgeld ten einde die verlore "pennies" te verhaal: TV-vervaardigers en regisseurs wat nog net uitstekende produkte gelewer het, word oor dieselfde kam geskeer as dié wat snert vervaardig het; akteurs wat onder die indruk was hulle het werk, hoor skielik hulle het niks nie; oorbesteding deur "Topsport" kan nou veroorsaak dat mense sonder M-Net-dekodeerders dalk géén Currie-bekerrugby sien nie; en die kykers? Dié sal vind die "Kupid"'s (want vir sulke programme is daar mos altyd geld) en die "Three's a Crowd"'s, die oorgeklankte Franse flieks en heruitsendings word geleidelik al hoe meer...

Dit is dán dat 'n mens amper 'n soort woede oor jou kry as jy na Gray Hofmeyr se jongste produk kyk, "The Big Time", waarvan die loodsepisode aanstaande Saterdagaand in die fliek-kykgleuf vertoon word. Só goed, só uitstekend kan plaaslike programme wees. En nou moet mense soos Hofmeyr ook aan bande gelê word om te vergoed vir wanadministrasie.

Dit is eintlik ongelooflik dat Hofmeyr nog hoegenaamd iets te doene wou hê met die SAUK ná die behandeling wat sy gewilde "People like us" van hulle gekry het. Eers is die reeks twee jaar lank op die rak gebêre nadat dit in opdrag van die SAUK vervaardig is. Toe dit uiteindelik daar afgehaal is, is dit ingeskuif in 'n laat kykgleuf op TV4 om tog net nie die "mense" aanstoot te gee nie. Bo al die verwagtinge van die SAUK in blyk die reeks (oor 'n veelrassige woonbuurt) egter toe 'n groot treffer te wees. As 'n troosprys is die tweede helfte daarna darem 'n uur vroeër uitgesaai.

Aan "The big Time" het Gray 'n goeie agt jaar gelede begin werk. Hy vertel hy het in daardie stadium pas uit die permanente diens van die SAUK getree om met sy eie maatskappy te begin en omdat daar geen werk onmiddellik beskikbaar was nie, het sy vrou gesê: "Skryf!"

Die storie van "The big Time" het hy nie ver van sy huis gevind nie. Gray se vrou is van Griekse afkoms en 'n veraf-familielid se wedervaringe as 'n jong immigrant in Johannesburg wat na groot geld (die "big time" van die titel) mik met sy eie kafeebesigheid het die nodige inspirasie gegee. Die loodsepisode, wat aanstaande Saterdagaand om 9:30nm op TV1 vertoon word, skets die agtergrond en eerste finansiële oorwinning van ene Chris Karedes. Hy kom in 1958 in Suid-Afrika aan nadat hy uit 'n tronk in Ciprus ontsnap het. Daar was hy as 'n politieke gevangene ter dood veroordeel.



*Ons kán goeie programme vervaardig ... Gray Hofmeyr se 'The Big Time' begin aanstaande Saterdagaand op TV1. Frank Opperman, 'Orkney Snork Nie' se Ouboet, speel die hoofrol in dié reeks oor die wedervaringe van 'n Griekse sakeman*

*Foto: Lise Joubert*

Die storie is 'n heerlike skets van die jare sestig, die Suid-Afrikaanse Griekse gemeenskap met hul eiesoortige gebruike, en een jong man se brandende ambisie om van homself iets te maak - om 'n Onassis uit eie reg te word. Dit behels die een ingewikkelde, nie altyd baie wettige nie, geldmaakskema op die ander, wat eindelik uitloop op 'n einde met 'n onverwagse kinkel in die stert. Die reeks vervolg van dié punt en begin Woensdagaand 3 April om 7nm op TV1.

Wat die spel betref, is Frank Opperman as Chris Karedes eenvoudig 'n wenner. Hy sprankel, hy smeer vet om al wat sakeman is se mond en betower die meisies én die kykers. Van die dwase Oubout van "Orkney" is hier nie sprake nie. Net miskien die vonkel in sy oog.

Tog is een van die grootste verrassings onder die akteurs die komediant Alain D Woolf in die rol van Karedes se aartsvyand, Galanakis. Galanakis het 'n soort melancholiese suurgatgeid wat by tye 'n baie komiese teenpool bied vir die jong, op-en-wakker Karedes. Dít is nou 'n voorbeeld van oorspronklike rolverdeling.

Maar oorspronklikheid en varsheid is wat dié program in sy geheel kenmerk. Boonop het dit 'n eg Suid-Afrikaanse, maar steeds universele tema, heelwat nuwe gesigte soos die kabaretsangeres Natalie Gamsu as Chris se suster in die reeks, en 'n storie wat net so goed is as die bestes van oorsee. "The big Time" stel werklikwaar weer 'n nuwe standaard vir plaaslike TV.

Kan ons nie maar die groen lig kry vir meer sulke programme nie? As dié standaard volgehou kan word, sal kykers sekerlik met vreugde 'n bietjie meer lisensiegeld betaal as om goedkoop te betaal vir goedkoop, minderwaardige kykstof. Sal dit help met die agterstallige R164 miljoen...?

## Uiteindelik 'n profiel oor Coenie

WELVERDIEND is dit beslis: die musiekprofiele oor mense soos Louis van Rensburg en Coenie de Villiers. ('n Mens het al begin wonder of daar ooit een oor Coenie gemaak gaan word. Want as daar een jong Suid-Afrikaanse sanger is wat dit verdien, is dit hy). En dan word dié programme boonop vroegaand vertoon wanneer almal dit kan geniet en nie net mense wat aan slapeloosheid ly nie.

"Ken jy Coenie" word Saterdagaand om 6:20nm op TV1 vertoon en is deur die regisseur Jan Prinsloo gemaak.

Hierin vertel ander bekende musiekmakers wat hulle so aantreklik/besonders/interessant omtrent Coenie se liedjies vind. Hyself probeer insig gee in sekere van sy lirieke, gesels oor die meriete van "aktuele" kuns, en gee sy mening oor die "stand van Afrikaanse musiek". Tog net jammer dat Prinsloo in die musiekvideos wat gebruik word 'n voorliefde toon vir nagdonker agtergronde met sinistere beligting (die video van Anneli van Rooyen is iets afgrysliks). Dit benadeel nie net die sanger nie, maar ook die liedjie, want in sy poging om te probeer agterkom wat die vae bewegings op sy pikswart TV-skerm voorstel, hoor die kyker nie 'n woord óf 'n noot nie.

Die naweek word voorts gekenmerk deur 'n paar uitstekende oorsese musiekprogramme op M-Net, waaronder 'n "60 Minutes"-profiel oor Paul Simon môreaand om 8:45nm, en die begin van 'n dokumentêre reeks oor die begindae van rock 'n roll en die man wat sinoniem is met dié musiek: Elvis Presley in "Elvis Good Rockin'" Sondagaand om 8nm. Elvis word gespeel deur Michael St Gerard.

(Nóg 'n Elvis-kloon. Wie het die episode gesien van "The Golden Girls", waar Rose die uitnodigings vir die Elvis-partytjie en Sophia se huweliksonthaal per ongeluk omgeruil het en die kerkbanke die ene "ducktails" was met swart bakkebaarde en silwerraam-donkerbrille?!)

## Dis weer Oscar-tyd op M-Net

M-NET het al 'n tradisie daarvan gemaak om die oorhandiging van die Oscars net so opwindend vir Suid-Afrikaners as die Amerikaners te maak. Daar word Oscar-aand voorafgegaan deur letterlik honderde dokumentêre en geselsprogramme, met mense wat selfs geld-weddenskappe aangaan oor wie die wenners gaan wees.

Môreaand om 9nm word die "First Annual Movie Awards" vertoon. Dié pryse het niks met die Oscars te doen nie. Dit is die TV-kanaal CBS se poging om die gasheer te wees van 'n nog glansryker rolprentseremonie as die Oscars en gegrond op 'n meningspeiling wat by 3 000 Amerikaanse rolprentteaters gedoen is - glo die grootste meningspeiling nog vir 'n TV-program. Tog bied dit 'n lekker voorsmaak vir die ware Jakob aanstaande week.

Die program se twee aanbieders is Kirstie Alley van "Cheers" en Robert Townsend.

Die tradisionele "Academy Awards Preview 1991" word Maandagaand om 7nm op M-Net vertoon, met "1990 at the Movies", 'n oorsig oor die jaar se beste flieks en Oscar-benoemings, net daarna om 8nm.

In pas met die gees van die Oscar-prysuitdeling word twee van die week se beste rolprente ook op M-Net vertoon. Die een is David Lean se veel bekroonde "Lawrence of Arabia" Sondagaand om 8:30nm, met Peter O' Toole as die legendariese, maar omstrede Britse offisier en avonturier TE Lawrence, wat tydens die Eerste Wêreldoorlog in die Midde-Ooste bekend geword het vir sy onverskrokke optrede en heldedade. Die prent het sewe Oscars gewen en is opnuut aktueel ná die pas afgelope Golf-oorlog.

Die ander onvergeetlike fliek is "The Assault", wat Maandagaand om 9nm vertoon word, net ná die Oscar-voorskou. Dit is deur die Nederlander Fons Rademakers gemaak en het in 1986 die Oscar gewen as die beste buitelandse prent.

"The Assault" is die ontstellende verhaal van 'n jong Hollander wat die enigste oorlewende was toe Nazi's sy gesin uitgewis het een nag ná die dood van 'n samesweerder. Jare later keer hy terug na sy tuisdorp om nie net te probeer uitvind wat daartoe gelei het en wat die bure se aandeel in die tragedie was nie, maar ook sy eie herinneringe daarvan te konfronteer. Derek de Lint speel die hoofrol.

## Psst. Al gewonder...?

TE pragtig: Die loksin vir "The Koppel Report: Sex in the Soviet Union" ('n ondersoek deur "Nightline" se Ted Koppel) op Woensdagaand se M-Net-skedule lui: "Alles wat u wou weet oor seks in Rusland." Wanneer verskyn die boek...?

# HOOGTEPUNTE:

**Vandag:**

* "The Goonies" om 7nm op M-Net, nog 'n Steven Spielberg-fliek oor gediertes. Met die Junior Brat Pack.

* Vir Mel Gibson-aanhangers: "Mad Max beyond the Thunderdome" om 9nm op M-Net.

**Môre:**

* "Winged Safari" om 1nm op M-Net, 'n program oor omgewingsbewaring.

* "Jinxed" met Bette Midler en "Wiseguy" se Ken Wahl, ná die tennis op M-Net.

* "Bronco Billy" om 9:30 op TV1. Uit Clint Eastwood se "Western"-stal.

**Sondag:**

* "The London Bridge Special" om 10:44nm op TV4. Met Tom Jones.

* "Encore" om 12:30nm op TV1, met die "Miserere" uit Verdi se "Il Trovatore".

* "Time, Transcience and Tobias", die regisseur Seth Asch se poging om 'n geheelbeeld te gee van die vermaarde prof Tobias, akademikus, wetenskaplike en humanis, se lewe en werk. Dit kon 'n baie interessante program gewees het, met tonele op Taung en Makopan, maar uiteindelik word dit 'n aaneenstrengeling van die een monoloog ná die ander, wat tot verveling lei. Om 9:25nm op TV1.

**Maandag:**

* "The Temple Mount Killings", 'n "60 Minutes"-verslag oor wat werklik gebeur het by Temple Mount toe die Israeli-polisie met Palestynse betogers slaags geraak het. Om 12:10nm op M-Net.

* "The Assault" om 9nm op M-Net.

**Dinsdag:**

* "Louise" om 9:04nm op TV4, met Sophia Loren as 'n Paryse prostituut en Paul Newman as die fortuinsoeker op wie sy verlief raak.

* "Lenny" om 11:58nm op TV4, een van die beste episodes dié.

* "The Phantom of the Opera" om 7nm op M-Net, 'n nuwe reeks in twee episodes, met die Britse Charles Dance as die Phantom en Teri Polo as die jong operasangeres op wie hy verlief raak.

**Woensdag:**

* Die begin van nog 'n nuwe reeks: "Wings" om 6:30nm op M-Net. Oor twee broers met uiteenlopende persoonlikhede, maar 'n passie vir vlieg.

* Die slot van "Just Nuisance" om 7nm op TV1.

* "'n Stukkie paradys", 'n dokumentêre program oor die Nasionale Krugerwildtuin om 10:50nm op TV1.

**Donderdag:**

* "Honderd meesterwerke" om 3nm op TV1 kyk na die werk van Vasily Kadinsky.

* "It's a Living" om 10:38nm op TV4, 'n nuwe komediereeks oor die wel en wee van 'n sekere restaurant se personeel. Met Ann Jillian.

Vrye Weekblad

## Gee die grond terug

DIT word al hoe duideliker dat die regering méér afgebyt het as wat hy gedink het toe daar in die Witskrif op Grondhervorming onomwonde gesê is dat die teruggee van grond aan gemeenskappe wat gedwing is om hulle grond te verlaat as gevolg van vorige beleide of historiese redes, nie uitvoerbaar sal wees nie.

Nog nooit het die regering só 'n gulde geleentheid gehad om sy opregtheid ten opsigte van hervorming en die skep van 'n regverdige nuwe Suid-Afrika duidelik te wys nie - en dit net so vinnig versmaai nie.

Daar is aanduidings dat die regering nou verbaas is oor die sterk negatiewe reaksie wat die witskrif uitgelok het. Dit kan net wees omdat die regering weer eens 'n belangrike beleidsaankondiging gemaak het sonder enige konsultasie met swart gemeenskappe of hul politieke leiers.

Watter ander keuse het gemeenskappe wat opreg glo hulle het 'n reg op die grond waarop hulle vroeër gewoon het, as om nou die reg in eie hande te neem en die grond te gaan beset?

Is dít nie presies wat die Afrikaner sou gedoen het as 'n nie-Afrikanerregering of 'n koloniale moondheid stukke van sy grond sou afgeneem het nie?

Ons glo dié gemeenskappe wat in die laaste geslag deur 'n apartheidsregering van hul grond beroof is, het 'n morele reg om terug te trek na hul grond as dit nou duidelik word dat die regering nié sy hartelose besluit gaan heroorweeg nie.

Die summiere verwerping van die konsep van 'n Hof op Grondeise - wat reeds deur regskenners, die ANC en die Ontwikkelingsbank voorgestel is as die enigste manier om komplekse grondeise op te los in 'n toekomstige Suid-Afrika - is ook kortsigtig.

Volgens die regering kan die gewone howe die sake hanteer, maar die geskiedenis van apartheidswetgewing en die grondonteiening daarvolgens, maak dit onwaarskynlik dat meer as 'n paar gemeenskappe in die gewone howe op geskiedkundige eise geregtigheid sal verkry.

Ons het 'n tyd gelede geskryf oor Suid-Afrika se aansprake op Walvisbaai wat histories en staatsregtelik korrek, maar nogtans hol en kolonialisties is. Dié argument is ook hier van toepassing. Daar is van die ontwortelde gemeenskappe wat inderdaad gaan sukkel om die regte dokumente en papiere in die hande te kry om aan 'n gewone geregshof voor te lê en só hul aansprake te staaf. En tog weet hulle en die breë gemeenskap dat dié grond aan hulle behoort.

Die regering se verskoning is dat die regstelling van historiese onregmatighede, onprakties en onuitvoerbaar sal wees en tot konflik sal lei. Dié argument hou nie water nie. Almal erken dat die saak kompleks is, en dat daar wel moeilike èn konflikterende eise op grond sal wees - maar daar is ook duidelike gevalle waar die regering baie gou verskuifde gemeenskappe kan laat terugkeer na hulle oorspronklike grond.

In baie gevalle staan die oorspronklike grond nog leeg, word dit deur die staat besit en is dit glad nie bewerk of gebruik (behalwe in baie gevalle vir militêre doeleindes) sedert die mense die grond verlaat het nie.

Om 'n begin te maak met sulke meer eenvoudige, onlangse gevalle van gedwonge verskuiwings sal bewys dat die regering ernstig is oor hervorming, en konflik wil vermy.

Onlangs het Staatspresident FW de Klerk 'n ongelukkige stelling gemaak: "Sommige van ons mense is nog steeds behep met onregte wat in die verlede gepleeg is. Sommige dring aan op verskonings vir alles wat in die verlede gebeur het. Ander wil hê hul vyande moet voor die hof gedaag en veroordeel word vir werklike of beweerde ongeregtighede wat hulle gepleeg het."

Ons glo hy gaan dié woorde nog berou.

## Verkragting

Verlede week het die Britse Appèlhof 'n uitspraak gemaak wat die presedent geskep het vir die vervolging van mans wat hul wettig getroude vroue verkrag.

Tot dusver kon 'n man nie weens verkragting van sy vrou aangekla word nie.

In Suid-Afrika, 'n land waar 390 000 vroue na raming jaarliks verkrag word, kan ons net hoop dat dié beginsel ook binnekort deur ons howe aanvaar sal word.

Genoegsame bewyse bestaan dat derduisende vroue deur hul wettig getroude mans verkrag word en, soos die reg tans toegepas word, geniet dié vroue geen wetlike beskerming nie. Verkragting binne die huwelik word nie as 'n misdaad in Suid-Afrika beskou nie.

In 'n land waar tot 1 000 vroue daagliks verkrag word en waar één verkragting uit 20 aangemeld word, sou mens verwag dat daadwerklike stappe gedoen word om dié situasie te verander.

Is die gebrek aan streng wette oor verkragting, spesifiek binne huwelike, daarop gemik om die patriargie ten koste van die vrou te beskerm? Dit lyk so.




**BRIEWE**

**Vrye Weekblad plaas graag briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Briewe korter as 200 woorde sal voorkeur geniet, en die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Vrye Weekblad Briewe, Posbus 177, Newtown 2113. Of bel met jou mening na (011) 836-2151.**

# Bodembewaring in die mielieland

**Ben Coetzee van Roodekrans skryf:**

Sondagaand 17 Maart, 50/50: Die Hoofdirekteur van Natuurbewaring in Transvaal praat oor die bewaring van die Magaliesberg en die plan om die bewaringsgrense drasties in te kort - om landskappe verder te reduseer tot plante en diere, simfonieë tot enkelnote.

Oor botsende belange tussen boerdery en natuurbewaring sê hy, dit hoef nie; goeie bewaringsbeginsels geld boerdery en natuurbewaring. Gesonde bewaringsbeginsels in 'n mielieland, as ek hom reg verstaan, is dieselfde as dié in 'n pretegnologiese landskap.

'n Ander deelnemer, nie so hoog op in natuurbewaring nie, praat van die "middeweg". Dit is minder verbysterend want hy konstateer dat ons groeiende behoeftes 'n prys het. Die probleem is egter as jy kortkort die helfte van wat oorbly moet prysgee, daar op die duur ook nagenoeg niks oorbly nie.

Terwyl ons dan noodwendig, weens ons honger mae en immer groeiende getalle, die wêreld moet oorstroom en opvreet, moet omdolwe ter wille van die allesoorheersende kapitalistiese winsmotief, bly daar vir ons hier en daar tog 'n skrale troos oor.

Ons nageslag wat nooit die musiek van 'n ongerepte landskap ervaar het nie, sal dit nie mis nie. Dit was óf die musiek óf hulle. Hulle kan boonop steeds "bodembewaring" toepas in die mielieland; uitgewerkte oopgroefmyne toegooi en mielies of bome plant - inheemse bome selfs; en hulle tot tuine, en tot die argitektoniese prestasies en musieksale van stede wend vir harmonie en akkoord.

Maar terwyl ons so saam die rug draai op uitgediende simfonieë van die skepping, deel met my 'n aanhaling. Dan bloei ons saam dood:

"...but there is other music in these hills... To hear even a few notes of it you must live here for a long time, and you must know the speech of hills and rivers. Then on a still night, when the campfire is low ... sit quietly and listen for a wolf to howl, and think hard of everything you have seen and tried to understand. Then you may hear it - a vast pulsing harmony - its score inscribed on a thousand hills, its notes the lives and deaths of plant and animals, its rythms spanning the seconds and the centuries." - Aldo Leopold, 1949, in "A Sand Country almanac - and sketches here and there".

## Werkloosheid

**Hanelle Botwe van Soutrivier skryf:**

Ek is 'n student in Soutrivier. Ek is baie hartseer en teleurgesteld oor wat in die treine aangaan. Kleurlinge en swartmense baklei onder mekaar en beroof mense. Niemand weet waarom die Kleurlinge en swartmense baklei nie. In die Bybel word gesê: "Vergewe hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie."

Die rede vir die rowery is werkloosheid. Ek dink die regering moet meer werkplekke verskaf. Die werkers moet net agt uur per dag werk en geen oortyd nie, sodat almal werk kan kry.

As almal werk het, sal alles in die haak wees.

## Stick-genot

**Louis de Villiers van Woodstock skryf:**

Ek het die resensies deur Andrea Vinassa en Laetitia Pople oor "The Stick", asook Pearlie Joubert se onderhoud met die regisseur van die rolprent, Darrel Roodt, met belangstelling gelees. Wat my egter verbaas het, is die eensydige benadering deurdat die enigste perspektief op die film deur 'n man dié van die regisseur self was. Al het julle reeds soveel ruimte aan die film afgestaan, wat van 'n resensie deur 'n man wat self 'n weermag- en grenservaring gehad (geniet/gehaat?) het?

Ek het die film 'n tweede keer gesien om 'n beter oordeel daaroor te probeer vel. Nadat ek dit die eerste keer gesien het, was ek net te ontsenu deur die werklikheid en realisme. Na die tweede sien, toe ek myself meer kon distansieer, het ek besluit daar is heelwat in die film om aan te beveel.

Hoewel die film nie in tyd of plek geplaas is nie, word dit outomaties deur die meerderheid Suid-Afrikaanse kykers as 'n uitbeelding van die SA Weermag se oorlog in Angola gesien. Daarom is die ervaring en betrokkenheid van kykers baie persoonlik - veral vir dié wat self daar was. *(Brief verkort - Red)*

## Grillerige spektakel

**Nico Pohl van Lynnwoodrif skryf:**

Daardie vaderlanders van durf en daad by Nasionale Pers wat so prikkelbaar en nukkerig word as daar na dié veertig goue jare van knegskap van die Nasionale Party verwys word (noem tog nie eens die dertig silwerlinge wat in die sak klingel nie), is deesdae inderdaad opvallend (Brolloks en Bittergal, VWB 1 Maart 1991).

Dit is dalk net swak verdoeselde frustrasie agter die Beeld-rubriekskrywer se windgatterige kommentaar onlangs op Willem de Klerk se bedanking as redakteur van Rapport, wat verraai word deur die tipiese tweegatjakkals-bewoording: "Geen ander redakteur van die Nasionale Pers (DIE Nasionale Pers?) het al toegelaat dat politici hulle OP SO 'N MANIER in sy sake inmeng nie." Of is dit 'n skugtere ontboeseming?

Alle ander maniere van inmenging en manipulasie was natuurlik toelaatbaar, waarvan dié manne se uitmuntende rekord as NP-diensbodes en agternakruipers so sprekend getuig.

Dit kan nie lekker wees nie, as jy 'n gewete het, om kort-kort daaraan herinner te word dat Nasionale Pers toe nie 'n deelnemer was aan 'n halsstarrige, wegbrekervennootskap met 'n regverdige regering nie, maar 'n medepligtige aan 'n leuen waarin jy, na baie herhaling daarvan, vas begin glo het. Net gister nog het dié vennootskap die Victoria-watervalberaad gehoon en beswadder.

En dit moet vreeslik wees om, ondanks jou onverskrokke belydenisse oor apartheid en al jou rasionalisasies, voortdurend te hoor dat "die" Nasionale Pers nie 'n mooi politieke geskiedenis het soos wat dit 'n invloedryke klub van vaderlanders betaam nie, maar wel 'n grillerige spektakel van 'n verlede wat uitgestrek lê oor veertig jare in die woestyn. Jare waartydens vragte en vragte ideologiese perdedrolle as vye aan 'n vertrapte en moreelverhongerde volk opgedis is en waarvoor jy op die tande sal moet kners tot in lengte van dae.

# En daar ontmoet Koos sy intelligentste gehoor nog - en hulle is swart!

BROLLOKS is geen aanhanger van die KP se Koos van der Merwe of sy neandertaalse politiek nie. Maar die man het guts en 'n sekere flair waarvoor 'n mens hom moet bewonder.

Kan jy jou indink Andries Treurnicht of Ferdi Hartzenberg vlieg Johannesburg toe om tweehonderd swartmense - die meeste van hulle waarskynlik Black Consciousness-aanhangers - toe te spreek?

Presies wat Koos dié week gedoen het. Hy het 'n groep Johannesburgse swart yuppies - en 'n paar oueres - in die Johannesburg Sun toegespreek tydens een van die swart tydskrif, Tribute, se maandelikse gespreksontmoetings. Die voorsitter was Zithulele Cindi, prominente Azapo-leier wat 'n hele paar jaar lank op Robbeneiland deurgebring het.

En pleks van hom aan te moedig, hoor Brolloks die ander dinosourusse in die KP-koukus is dikbek daaroor en sê Koos "raak sag op die kaffers".

Ewenwel. Daar kom Koos toe by die Sun aan, meer as 'n uur laat. Klaar by African time aangepas, lag die mense wat sit en wag. En die afwagting was groot.

Koos het sy gehoor vérdwaas laat sit oor sy eerste uitsprake. Hy is nie 'n rassis nie, want hy dink nie hy is enigsins beter as die mense in die gehoor nie. Hy dink eerder FW de Klerk is 'n rassis, want dié wil 'n nuwe grondwet vir 'n nuwe, verenigde Suid-Afrika onderhandel en dit dan deur 'n referendum aan die 12 persent blankes voorlê wat dan 'n veto-reg oor die 88 persent swartmense sal hê.

Hy dink ook nie veel van die huidige Suid-Afrika as 'n fondament om die Nuwe Suid-Afrika op te bou nie, seg hy, en haal met groot bewondering aan wat dr Mamphlele Ramphele oor die toestand van swart skole, onderwys en townships te sê gehad het. Teen dié tyd kry Koos selfs 'n ligte handeklap, wat heelwat meer entoesiasties word wanneer hy half minagtend verwys na die plannetjies wat "FW en Gatsha" saam smee.

Nee, sê Koos, hy is 'n demokraat. Maar eers is hy 'n Afrikaner en boaan sy lys van prioriteite is die voortbestaan en handhawing van sy kultuur en leefwyse - "safari-pakke, braaivleis, sakkie-sakkie en al daardie dinge". Dis nie rassisties nie, want net so min as wat hy 'n Zoeloe of 'n Xhosa wil wees, wil hy 'n Fransman of 'n Portugees of 'n Chinees wees. In elke geval het die Boere te min Engelse doodgeskiet in die laaste oorlog.

So al wat hy wil hê, is dat Suid-Afrika opgedeel word. Dan kan hy homself regeer in wit Suid-Afrika terwyl die res saam met FW kan doen net wat hulle wil in Azania. Dis nie gister se politiek nie, dis môre s'n, soos die Sowjet-Unie tans beleef.

En toe kom die vrae. Pynlik beleefd. So beleefd en geartikuleer soos Brolloks nog nooit dit op 'n KP- of NP-vergadering gehoor het nie.

Pleks van te sê Koos praat stront en gaan sy alie sien, sê een man byvoorbeeld hy wonder of die KP sy planne goed deurdink het en miskien moet Koos nou al daaraan dink dat sy planne dalk nie gaan slaag nie.

Uiteindelik het die gehoor Koos uitgevang. Tydens sy toespraak het hy sy hele argument op kultuur en etnisiteit gegrond en gesê dit gaan vir hom oor Afrikanerskap en hoe die Afrikaner homself moet regeer. Teen die einde het hy sommer reguit gesê dit gaan oor wit en swart, oor 'n wit Suid-Afrika en 'n gemengde Azania.

* Maar ten minste het die swart yuppies die eerste keer dié soort dier van aangesig tot aangesig kon beskou, en kon 'n KP-LP vir homself sien dat dié mense vir wie sy party so bang is, meer beskaaf en intelligent en gesofistikeerd is as sy eie aanhangers. En dit is vordering.

## Bob-slee?

Wonderlike nuus die ander oggend oor TV-nuus: Suid-Afrika gaan dalk volgende jaar al tot die internasionale winterspele toegelaat word.

* 'n Mens hoop net nie die lang isolasie het ons Springbok-bobsleespanne en ons sneeu-skispringers te verroes gelaat nie...



BROLLOKS EN BITTERGAL

## Minnaarstwis

Die liefdesverhouding tussen Gatsha en die Nasionale Party en Afrikaner-establishment is besig om 'n bietjie suur te word, lyk dit vir Bittergal.

FW de Klerk het die ander dag toe hy die wetgewende vergadering in Ulundi geopen het, subtiel maar tog baie duidelik gesê dié ding dat leiers hulle kort-kort aan vrede kan verbind maar dan roei hul volgelinge ewe gereeld hul politieke opponente uit, kan nie langer geduld word nie.

En net 'n paar dae later skryf Beeld hulle raak "kriewelrig" oor Inkatha se magsvertone. "In die naweek was Alexandra weer aan die beurt, met Zoeloes wat deur die strate beweeg, kap- en steekgoed in die lug geswaai en mense klaarblyklik geïntimideer het. Ironies genoeg was hulle na 'n vredesvergadering op pad, maar die lyftaal van die dag het harder gespreek as die politieke boodskap."

En dan sluit Beeld sy hoofartikel af: "Daar is ook 'n tyd vir die wegbêre van strydbyle en panga's - verkieslik voordat mense later begin glo daar is 'n sinistere Zoeloe-agenda wat nie behoorlik deur die wet vasgevat word nie."

* Ja-nee. Bittergal wil amper sê: Ons het julle mos gesê.

## Eie-belang

'n Leser stuur dié week twee koerantknipsels sonder kommentaar aan Brolloks. Die een is van die FAK se grootbaas, Hendrik Sloet, se stelling verlede jaar dat bruin Afrikaanssprekendes nou ook in die FAK toegelaat behoort te word.

Die tweede knipsel is ook van Sloet, maar dié keer dra hy die hoed van Saambou-grootbaas. Saambou het begin besef as hulle hul besigheid wil uitbrei, sal hulle met wegbreek van die idee dat hulle net sake doen met Afrikaners, sê hy.

* Kan dit dalk wees dat die belangrikste dryfkrag agter die Nuwe Suid-Afrika die Boere se beursies is?

# SA hou die kopiereg op nie-gewelddadigheid

**Die ANC se program van massa-mobilisasie word skerp deur regeringswoordvoerders veroordeel, en ewe sterk deur ANC-leiers verdedig as 'n noodsaaklike strategie. Die Demokratiese Party se parlementslid vir Groote Schuur, Dene Smuts, gee haar mening daaroor en oor nie-gewelddadigheid**

MASSA-OPTREDE moes in die eerste plaas nooit met die gewapende stryd in verband gebring gewees het nie. Dis 'n misleidende frase.

Massa-opstand is een ding. Die SA Kommunistiese Party se 1989-program, "The Path to Power", ontwikkel 'n teorie oor opstand. Massa-opstand bly waarskynlik op die agenda van mense soos Ronnie Kasrils, wat nou "ondergronds" skuil, van waar hy lippehulde bring aan onderhandeling, maar terselfdertyd geluide maak wat klink na dié van die PAC en die ander KP.

Massa-organisasie is egter 'n heel ander kwessie. Dit was nog nooit deel van die gewapende stryd nie. Om die waarheid te sê, dis die antitese van gewapende stryd. Dit is nie-gewelddadig. Omdat massa-organisasie in die jare tagtig so geslaag was, probeer die SAKP dit kaap, en as enigiemand dit betwyfel, lees gerus die Augustus- en die jongste uitgawe van "Work in Progress". In 'n grootse analise, in die styl van die student-van-die-geskiedenis, erken Kasrils dat die voorhoede agter die mense aandrentel. Ek sou my nie te veel bekommer oor die voorhoede of dié teorie oor opstand nie.

Ons moet ons egter bekommer oor die geweld wat die land in 1990 oorstroom het en steeds voortduur. Die beste ding wat ons kan doen, is om die tradisie van nie-gewelddadigheid te versterk. Nie-gewelddadigheid is die konsep wat ons nodig het om te omskryf watter vorms van transisionele protes en politiekvoerdery aanvaarbaar is, en watter nie. Dis 'n bepaalde politieke metode waarin oorreding gebruik word, òf moreel òf strategies. Oorreding is natuurlik die teenoorgestelde van dwang en intimidasie. Nie-gewelddadigheid is in Suid-Afrika gebore, en tog ken ons nie die woord nie. Ons weet nie wat dit beteken nie.

Gandhi het die konsep hier ontwikkel en dit na Indië uitgevoer; dr Martin Luther King het die vaandel van nie-gewelddadigheid in Amerika gedra; die Aquinos in die Filippyne en die mense van Oos-Europa in die strate van kommunistiese lande in 1989. Suid-Afrika self het, veral in die jare tagtig, geboorte gegee aan wat een kenner noem die grootste "grass-roots"-ontploffing van uiteenlopende nie-gewelddadige strategieë in 'n enkele stryd in die geskiedenis van die mens.

Waarom hoor ons nooit die woord nie, terwyl ons land die geboorteplek is van die belangrikste politieke filosofie wat dié eeu opgelewer het? Dit het die dwingelandy van kommunistiese state oorwin, en daarom dink ek kan 'n mens dit gerus die belangrikste politieke filosofie noem.



Dene Smuts

Waarom, om dit anders te stel, haal ons Martin Luther King aan wanneer óns die kopiereg hou? Ten eerste het dit die totale aanslag-teorie en sy voorgangers nie gepas nie. Ten tweede het dit ook nie die bevrydingsbewegings gepas nie. Wanneer gewapende stryd die verklaarde beleid is, kan 'n mens kwalik voortgaan om kaptein Luthuli se nie-gewelddadigheid te verkondig.

Die bevrydingsbeweging self was die produk van nie-gewelddadige optrede. Die Defiance of Unjust Laws-veldtog in 1952 het die ANC sy massa-lidmaatskap besorg. Dit was 'n pynlik goedgemanierde veldtog, beplan in ooreenstemming met al die morele perke van nie-gewelddadigheid.

Die PAC se pas-proteste by Sharpeville en elders was weer 'n voorbeeld van nie-gewelddadige optrede. Dié protes-optredes het gelei tot die verbanning van die bevrydingsbewegings, wat weer gelei het na die stigting van Umkhonto we Siswe.

Sedertdien was daar twee vorms van stryd, gewelddadig en nie-gewelddadig, wat onvermydelik gelei het na die dubbelsinnige doelstellings wat ons in dié dekade in die townships in werking gesien het: onregeerbaarheid aan die een kant onder sommige comrades en organisering met die oog op onderhandeling onder strukture soos die civics. Die sogenaamde comtsotsi's, wat op die oomblik bydra tot die anargie in townships soos Sebokeng, is die lewende beliggaming van dié kontradiksie.

Die nie-gewelddadige tradisie het nooit uitgesterf nie, nie eens in die jare van repressie nie. Die Soweto-opstand van 1976, deur leerlinge wat nou die einste vegters is wat "na hul normale lewens moet terugkeer", was een van die vernaamste nie-gewelddadige protes-optredes in ons geskiedenis. Veral in die laat tagtigerjare was daar weer 'n opwelling van nie-gewelddadige optrede wat uitgeloop het op die vredesoptogte wat in Kaapstad begin het op die dag toe ons die laaste sitting van die parlement geopen het.

Dit was egter vóór 2 Februarie, sal die regering sê, en die regering het reg. Die stryd om onderhandeling is oor. Maar uiteraard sal 'n skikking wat aanvanklik op top-vlak beding word, mense laat meen hulle word uitgesluit. Dit sal wys wees om nie net die konvensionele reg op openbare protes te erken nie, maar om uitdrukkings van politieke gevoelens en frustrasie te verwelkom solank hulle nie-gewelddadig is.

*(Dié artikel is 'n geredigeerde weergawe van 'n toespraak wat Smuts onlangs in die Parlement gehou het.)*

**Hier verskyn verkorte resensies van die beste vermaak. Waar geen voorletters verskyn nie, het ons nog nie kans gekry om die betrokke stuk te resenseer nie.**

# Rolprente

DANIE PIETERSE - DP
JAN KONTERDANS - JK
ANDREA VINASSA - AV
PETER GOLDSMID - PG
RANDY LE ROUX - RR

**CYRANO DE BERGERAC** - Uitmuntende hoge kuns wat toeganklik is vir die res van ons plebs. - AV

**MILLER'S CROSSING** - Wat hulle tevergeefs probeer het om met 'Batman' en 'Dick Tracy' reg te kry, vermag die broers Coen in dié stemmingsvolle swartgallige rampokkerprent. - AV

**GOODFELLAS** - 'n Martin Scorsese-prent is altyd 'n event. Sy jongste, ook 'n sosiologiese traktaat soos "Mean Streets", is gegrond op Nicholas Pileggi se biografie van 'n New Yorkse gangster. As Henry Hill stof Ray Liotta vir Robert de Niro uit. Lorraine Bracco skitter as 'n verdrukte mobvrou. Vol briljante tegniese truuks, intense emosionele tonele en galgehumor. - AV

**THE KRAYS** - 'n Britse rampokkerprent gegrond op 'n ware verhaal wat soos 'n psigoanalis soek na die redes vir die Kray-tweeling se psigotiese optrede. Stilisties imposant met goeie vertolkings deur Spandau Ballet se Kemp-broers. - AV

**THE MUSIC TEACHER** - Dié asembenemende Franse periodestuk is Romanties in die ware sin van die woord. Die skeppingsgees en die dood, albei versier met kant. 'n Middeljarige (getroude) musiekonderwyser besef die nutteloosheid van sy liefde vir sy talentvolle jong sangstudent. Hy nooi 'n straatsanger en deeltydse misdadiger na sy huis, waar hy sy natuurlike sangtalent ontwikkel. Sy op die oog af wrede metodes is uiteindelik lonend wanneer die twee studente hulle by 'n sangwedstryd in vyandige geselskap bevind. - AV

**CHAMBRE A PART** - Michel Blanc, die akteur wie se mesmeriserende teenwoordigheid in "Monsieur Hire" die deurslag gegee het, speel 'n Fransman wat sy eensaamheid probeer oplos deur verlief te raak op 'n beeldskone "con-artist". Martin skryf sy alleenheid daaraan toe dat hy 'n Fransman in Londen is en wanneer 'n vreemde Franse egpaar hulle opdring, leer Martin dat emosies alte wispelturig kan wees. Seksuele obsessie, verraad en vervreemding word met deernis uitgebeeld. - AV

## Onafhanklike rolprentteaters

**JOHANNESBURG**

**MINI CINE** - Pretoriasstraat 49, Hillbrow. (011) 642-8915:

**Vandag tot Sondag:** "The Unbearable Lightness of Being", sensuele drama.
**Dinsdag tot Donderdag:** "The Meaning of Life", Monty Python se bisarre blik op die lewe.
Vertonings om 3nm, 6nm en 9nm.
**SEVEN ARTS:** Grantlaan, Norwood. (011) 483-1680. "The Music Teacher", daagliks om 2nm, 6nm, 8nm en 10nm.
**CINE CORLETT:** Bramley, (011) 786-0324.
RUSSIESE ROLPRENTFEES
**Cine 1:** "Stricken", **Vandag** om 8nm. **Saterdag** om 2.30vm "Freelance Journalist", om 6nm "Season of Dead Birds" en om 9nm "Custody".
**Sondag** om 8nm "Stricken".
**Cine 2:** Russiese rolprentfees begin vandag. "Beloved Woman" om 8nm
**Saterdag** om 2.30vm "Beloved Woman", om 6nm "Russian Maiden" en om 9nm "Intergirl".
**Sondag** om 8nm "Russian Maiden"
**Maandag:** "Paradise in the Reeds" om 8nm.
**Dinsdag:** "Fur Hat" om 8nm.
**Woensdag:** "Beloved Woman" om 2.30vm. en "Letters from a Dead Man" om 8nm.
**Donderdag:** "Golden Sword" om 6.30nm. en "Remember to Forget" om 8nm.

**KAAPSTAD**

**LABIA** - Oranjestraat 68. (021) 245-927
'n Keur van rolprente - o.m.
"The Tunnel", "River's Edge", "Good-fellas", "Venetian Woman" en "Heart of the Stag".
Bel gerus, hulle is vriendelike mense.


NU METRO THEATRES
NOW SHOWING: 22-27 MARCH
BOOK AT COMPUTICKET

NU METRO 1-6 HYDE PARK 447-3091
KINDERGARTEN COP - Arnold Schwarzenegger (PG 2-8) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
SLEEPING WITH THE ENEMY - Julia Roberts, Patrick Bergin (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE ROOKIE - Clint Eastwood, Charlie Sheen (2-18) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
THE RUSSIA HOUSE - Sean Connery, Michelle Pfeiffer (2-16) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
LOOK WHO'S TALKING TOO - John Travolta, Kirstie Alley (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
HAVANA - Robert Redford, Lena Olin (2-14) DAILY: 9.30, 12.15, 3.00, 6.00, 9.00

NU METRO CITY 1-8 (Formerly Ster City) Cnr. CLAIM/PLEIN ST. 337-3033/23-5871 Parking at Jack Mincer
KINDERGARTEN COP - Arnold Schwarzenegger (PG 2-8) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE RUSSIA HOUSE - Sean Connery, Michelle Pfeiffer (2-16) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
THE ROOKIE - Clint Eastwood, Charlie Sheen (2-18) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
GOODFELLAS - Robert De Niro, Ray Lotta (2-19) DAILY: 9.30, 12.15, 3.00, 6.00, 9.00
WILD ORCHID - Mickey Rourke, Jacqueline Bisset (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE GODFATHER III - Al Pacino, Andy Garcia (2-14) DAILY: 10.00, 2.15, 5.30, 8.30
HAVANA - Robert Redford, Lena Olin (2-14) DAILY: 9.30, 12.15, 3.00, 6.00, 9.00
MEN AT WORK - Charlie Sheen, Emilio Estevez (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO 1-2 BALFOUR PARK 887-8548
KINDERGARTEN COP - Arnold Schwarzenegger (PG 2-8) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
HAVANA - Robert Redford, Lena Olin (2-14) DAILY: 9.30, 12.15, 3.00, 6.00, 9.00

NU METRO 1-2 ALBERTON 907-2362
KINDERGARTEN COP - Arnold Schwarzenegger (PG 2-8) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE ROOKIE - Clint Eastwood, Charlie Sheen (2-18) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

LEBA KLERKSDORP (018) 24564
MEN AT WORK - Charlie Sheen, Emilio Estevez (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
GOODFELLAS - Robert De Niro, Ray Lotta (2-19) DAILY: 9.30, 12.15, 3.00, 6.00, 9.00

VAAL VEREENIGING (016) 21-1339
KINDERGARTEN COP - Arnold Schwarzenegger (PG 2-8) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE ROOKIE - Clint Eastwood, Charlie Sheen (2-18) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266
400 THE GODFATHER III - Al Pacino, Andy Garcia (2-14) MON-FRI: 6.00, 9.00 SAT: 3.00, 6.00, 9.00
150 HAVANA - Robert Redford, Lena Olin (2-14) MON-FRI: 6.00, 9.00 SAT 3.00, 6.00, 9.00

NU METRO 1-6 BEDFORDVIEW 616-6828
KINDERGARTEN COP - Arnold Schwarzenegger (PG 2-8) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE ROOKIE - Clint Eastwood, Charlie Sheen (2-18) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
GHOST - Patrick Swayze, Demi Moore (2-14) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
WILD ORCHID - Mickey Rourke, Jacqueline Bisset (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
HAVANA - Robert Redford, Lena Olin (2-14) DAILY: 9.30, 12.15, 3.00, 6.00, 9.00
THE RUSSIA HOUSE - Sean Connery, Michelle Pfeiffer (2-16) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

NU METRO 1-7 HILLBROW 725-1095
KINDERGARTEN COP - Arnold Schwarzenegger (PG 2-8) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE RUSSIA HOUSE - Sean Connery, Michelle Pfeiffer (2-16) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
THE ROOKIE - Clint Eastwood, Charlie Sheen (2-18) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
LAST EXIT TO BROOKLYN - Stephen Lang, Jennifer Jason Leigh (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
WILD ORCHID - Mickey Rourke, Jacqueline Bisset (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
HAVANA - Robert Redford, Lena Olin (2-14) DAILY: 9.30, 12.15, 3.00, 6.00, 9.00
GOODFELLAS - Robert De Niro, Ray Lotta (2-19) DAILY: 9.30, 12.15, 3.00, 6.00, 9.00

NU METRO RANDBURG 787-0340
KINDERGARTEN COP - Arnold Schwarzenegger (PG 2-8) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

7 ARTS NORWOOD 483-1680
THE MUSIC TEACHER - Extended by Public Demand (A) MON-THUR: 12.30, 2.30, 6.00, 8.00 FRI-SAT: 12.00, 2.00, 4.00, 6.00, 8.00, 10.00

NU WORLD CENTRE 1-8 494-3001 (Formerly Shareworld) Baragwanath Road
ALL ADMISSIONS R4,00
DAILY: 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
KINDERGARTEN COP - Arnold Schwarzenegger (PG 2-8)
THE RUSSIA HOUSE - Sean Connery, Michelle Pfeiffer (2-16)
HAVANA - Robert Redford, Lena Olin (2-14)
THE GODFATHER III - Al Pacino, Andy Garcia (2-14)
THE ROOKIE - Clint Eastwood, Charlie Sheen (2-18)
MEN AT WORK - Charlie Sheen, Emilio Estevez (A)
RED HEAT - Arnold Schwarzenegger (2-18)
IMPULSE - Theresa Russell, Jeff Fahey (2-18)

MEGACITY NU METRO MMABATHO (0140) 2-3553
MON-SAT: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00 SUN: 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.00
GOODFELLAS - Robert De Niro, Ray Lotta (2-19)
MEN AT WORK - Charlie Sheen, Emilio Estevez (A)
HAVANA - Robert Redford, Lena Olin (2-14)
GHOST - Patrick Swayze, Demi Moore (2-14)

CINE MMABATHO SUN HOTEL (0140) 2-1144 EXT. 2830
NOW SHOWING: Andres Dice Clay FORD FAIRLANE Comedy (2-19)



NU METRO THEATRES PRETORIA
Now Showing 22-27 March
BOOK AT COMPUTICKET

NU METRO OSCAR Jeppe Street, Sunnyside 341-7682
KINDERGARTEN COP - Comedy (2-8 PG) Arnold Schwarzenegger DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO SUNNYSIDE Esselen Street 44-9867
The Rookie - Action (2-18) Clint Eastwood, Charlie Sheen DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

NU METRO VILLAGE 1-2 Sunnyside 44-6096
THE RUSSIA HOUSE - A Romantic Spy Thriller (2-16) Sean Connery, Michelle Pfeiffer DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
HAVANA - From the Director of "Out of Africa" Robert Redford, Lena Olin (2-14) DAILY: 9.30, 12.15, 3.00, 6.00, 9.00

NU METRO 1-7 Menlyn Park 47-4568
KINDERGARTEN COP - Comedy (2-8 PG) Arnold Schwarzenegger DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
Sleeping With The Enemy - Thriller (2-18) Julia Roberts, Patrick Bergin DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
HAVANA - From the Director of "Out of Africa" Robert Redford, Lena Olin (2-14) DAILY: 9.30, 12.15, 3.00, 6.00, 9.00
THE RUSSIA HOUSE - A Romantic Spy Thriller (2-16) Sean Connery, Michelle Pfeiffer DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
The Rookie - Action (2-18) Clint Eastwood, Charlie Sheen DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
LOOK WHO'S TALKING TOO - Hilarious Comedy (A) John Travolta, Kirstie Alley DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
AWAKENINGS - Human Drama (2-10) Robert De Niro, Robin Williams DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266
400 The Godfather III - 7 Oscar Nominations (2-14) Al Pacino, Andy Garcia MON-FRI: 6.00, 9.00 SAT: 3.00, 6.00, 9.00
150 HAVANA - From the Director of "Out of Africa" Robert Redford, Lena Olin (2-14) MON-FRI: 6.00, 9.00 SAT: 3.00, 6.00, 9.00

NU METRO NELSPRUIT 1-3 The Promenade (01311) 25767
The Godfather III - 7 Oscar Nominations (2-14) Al Pacino, Andy Garcia DAILY: 10.00, 2.15, 5.30, 8.30
Sleeping With The Enemy - Thriller (2-18) Julia Roberts, Patrick Bergin DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
Men at Work - Action Comedy (A) Charlie Sheen, Emilio Estevez DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00



TOWERFLIEKE
DIÉ WEEK OP M-NET
• MAD MAX III AKSIE 22/3
• GAME OF LOVE DRAMA 23/3
• LAWRENCE OF ARABIA OORLOGSDRAMA 24/3
• ASSAULT OORLOGSDRAMA 25/3
M-NET
BESPREEK NOU JHB (011) 889-2222 & PTA (012) 346-2222


## Kaapstad


NU METRO THEATRES
NOW SHOWING: 22-27 MARCH
BOOK AT COMPUTICKET (EXCEPT MITCHELL'S PLAIN)

NU METRO CLAREMONT 1-6 THE ATRIUM 683-1123
KINDERGARTEN COP - Arnold Schwarzenegger (PG 2-8) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE GODFATHER III - Al Pacino, Andy Garcia (2-14) DAILY: 10.00, 2.15, 5.30, 8.30
THE RUSSIA HOUSE - Sean Connery, Michelle Pfeiffer (2-16) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
GHOST - DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15 (2-14)
WILD ORCHID - DAILY: 7.45, 10.00 (2-19)
THE ROOKIE - Clint Eastwood, Charlie Sheen (2-18) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
THE WITCHES - DAILY: 9.45, 12.15, 2.30 (PG 2-6)
HAVANA - DAILY: 6.00, 9.00 (2-14)

NU METRO SEA POINT 1-4 MAIN ROAD 434-7951
KINDERGARTEN COP - Arnold Schwarzenegger (PG 2-8) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
SLEEPING WITH THE ENEMY - Julia Roberts, Patrick Bergin (2-18) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE RUSSIA HOUSE - Sean Connery, Michelle Pfeiffer (2-16) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
HAVANA - Robert Redford, Lena Olin (2-14) DAILY: 9.30, 12.15, 3.00, 6.00, 9.00

NU METRO OSCAR ADDERLEY STREET 45-2585
THE RUSSIA HOUSE - Sean Connery, Michelle Pfeiffer (2-16) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

NU METRO RONDEBOSCH MAIN ROAD 685-4569
MEN AT WORK - Charlie Sheen, Emilio Estevez (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO 1-2 MITCHELL'S PLAIN 32-2040
BETTER TOMORROW - All Star Karate Action (A) PLUS ANGEL'S MISSION - All Star Karate Action (A) MON-FRI: 9.30, 2.00, 7.30. SAT: 11.00, 3.30, 8.00
Midnight Show: March 29 into 30 BLACK RAIN + KINDERGARTEN COP
PROBLEM CHILD - John Ritter, Michael Oliver (A) PLUS THE GODFATHER III - Al Pacino, Andy Garcia (2-14) MON-FRI: 9.30, 2.00, 7.30. SAT: 11.00, 3.30, 8.00
Midnight Show: March 29 into 30 HOME ALONE + KING OF KICKBOXERS

NU METRO STUTTAFORDS 1-3 TOWN SQUARE 26-1818
KINDERGARTEN COP - Arnold Schwarzenegger (PG 2-8) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE WITCHES - DAILY. 9.45, 12.15, 2.30, 5.15 (PG 2-6)
THE ROOKIE - DAILY: 7.45, 10.15 (2-18)
HAVANA - Robert Redford, Lena Olin (2-14) DAILY: 9.30, 12.15, 3.00, 6.00, 9.00

NU METRO FISH HOEK 1-3 TOWN SQUARE 82-2404
KINDERGARTEN COP - Arnold Schwarzenegger (PG 2-8) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
LOOK WHO'S TALKING TOO - John Travolta, Kirstie Alley (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE RUSSIA HOUSE - Sean Connery, Michelle Pfeiffer (2-16) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

NU METRO BRACKENFELL 1-4 CHECKERS CENTRE 981-8100
KINDERGARTEN COP - Arnold Schwarzenegger (PG 2-8) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE ROOKIE - Clint Eastwood, Charlie Sheen (2-18) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
THE RUSSIA HOUSE - Sean Connery, Michelle Pfeiffer (2-16) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
THE WITCHES - Anjelica Huston, Mai Zetterling (PG 2-6) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

STARNET 1-7 N1 CITY GOODWOOD 595-1820
HAVANA - Robert Redford, Lena Olin (2-14) DAILY: 9.30, 12.15, 3.00, 6.00, 9.00
THE WITCHES - Anjelica Huston, Mai Zetterling (PG 2-6) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
KINDERGARTEN COP - Arnold Schwarzenegger (PG 2-8) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE RUSSIA HOUSE - Sean Connery, Michelle Pfeiffer (2-16) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
AWAKENINGS - Robert De Niro, Robin Williams (2-10) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
WILD ORCHID - Mickey Rourke, Jacqueline Bisset No persons 2-19 (Proof of age may be required) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE ROOKIE - Clint Eastwood, Charlie Sheen (2-18) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15


# Teater

**JOHANNESBURG**

Alexanderteater, Stiemenstraat 36, Braamfontein. (011) 720-7009: Truk-Ballet dansseisoen. Vandag en môre om 3vm en 8nm.
Alhambrateater, OTHER PEOPLE'S MONEY. Open Woensdag 3 April.
Windybrow, (011) 720 7994\5: Kundera se JACQUES AND HIS MASTER. Om 8nm.
Markteater, Breestraat, Newtown. (011) 832-1641:
Markteater: SHADOWLANDS, 'n ware liefdesverhaal. Maandag tot Vrydag om 8nm en Saterdag om 5.45nm en 9nm.
Upstairs: UBU, 'n toneelstuk oor magsug. Maandag tot Vrydag om 8.15nm. Saterdae om 6.15nm en 9.15nm.
Laager: BROEDERSTROOM DIARIES, van die Jokoman. Laaste dae. Daagliks om 8.15nm.
Leonard Rayne-teater: JO'BURG FOLLIES II. Daagliks om 8nm.
André Huguenet-teater, Kapteijnstraat 14, Hillbrow. (011) 402-6174: SIZWE BANSI IS DEAD, begin 2 April.
Ziggies teater-restaurant, Ascot Hotel, Grant Avenue, Norwood. (011) 483-1211: TOTAL ECLIPSE. Vertonings Dinsdag tot Sondag om 9nm.
Village Manor-teater, Maudestraat, Sandown: LET'S DO IT, die musiek van Cole Porter. Met Natalie Gamsu, Michael Da Pinna. Dinsdag tot Saterdag om 8nm.

**PRETORIA**

Staatsteater, Kerkstraat. (012) 322-1665:
Opera: SEVEN BRIDES FOR SEVEN BROTHERS, open Maandag.
Drama: KRINGE IN 'N BOS, regie deur Louis van Niekerk.
Drama: GHETTO, van Joshua Sobol.
Musiek: PIETER DE VILLIERS, Saterdag om 8nm.
Musiek: JAZZ FOR YOU, klassieke jazz. Vandag om 8nm.
Musiek: ASJAS-PASSIE, Dario Fo se satire.

**KAAPSTAD**

Nico Malan, DF Malanstraat, middestad. (021) 21-5470:
WHILE STOCKS LAST, 'n toneelstuk wat die pretensies van mense in die "struggle" bydam. Laaste dae.
DIE SELLA OU STORIE, Pieter Dirk-Uys is terug! Begin Woensdag.
Baxter, Hoofweg, Rondebosch. (021) 685-7880:
MUSIC OF THE NIGHT, 'n Andrew Loyd Webber musiekfees.
GATHERING OF THE BEASTS, 'n groen toneelstuk.
GOLDILOCKS AND THE THREE BEARS, 'n musiekblyspel van die gewilde feëverhaal.

# Kaapstad


SK NOW SHOWING FRIDAY and SATURDAY 22 and 23 MARCH 1991

**MOVIES**

• JOHN TRAVOLTA · KIRSTIE ALLEY •
**LOOK WHO'S TALKING TOO**
Featuring the voices of Bruce Willis, Roseanne Barr and Damon Wayans

## Golden Acre
CITY, TEL. 25-2720
DAILY: 9.30, 11.15 am, 1.00, 2.45, 5.30, 7.45, 10 00 pm
JOHN TRAVOLTA • KIRSTIE ALLEY
**LOOK WHO'S TALKING TOO**
DOUBLE FUN FOR EVERYONE (All)

DAILY: 9.45 am, 12 00, 2.30, 5.30, 7.45, 10 00 pm
• JULIA ROBERTS •
**SLEEPING WITH THE ENEMY** (2-18)
A Sensual, Sizzling, Psycho Drama, Thriller.

DAILY: 9.30, 11.15 am, 1.00 and 2 45 pm ONLY
**DUCKTALES—THE MOVIE**
Full Length Animated Pleasure for All!

DAILY: 5.15, 7.45 and 10.15 pm ONLY
ROBERT DE NIRO • ROBIN WILLIAMS
**AWAKENINGS**
Based on a true story (P.G. 2-10)

## Constantia Rosebank
MAIN ROAD, TEL. 686-6649
DAILY: 9.45 am, 12.15, 2.30, 5 15, 7.45, 10.00 pm
• BRUCE DAVISON •
Golden Globe Award for best supporting actor
**LONG TIME COMPANION**
Funny, Touching and Vital-Uplifting tale (2-18)

DAILY: 9.30 am, 12.15, 3.00, 6.00, 9.00 pm
• GERARD DEPARDIEU •
**CYRANO DE BERGERAC** French with English sub-titles
Highly Acclaimed (All)

DAILY: 9.45 am, 12.15, 2.30, 5.15, 7 45, 10 15 pm
GABRIEL BYRNE • ALBERT FINNEY
**MILLER'S CROSSING**
Extremely Entertaining & Moving (2-16)

## Monte Carlo
FORESHORE, TEL. 25-3052
DAILY: 10.00 am, 1 30, 5 00 and 8.30 pm
• KEVIN COSTNER •
**DANCES WITH WOLVES**
Golden Globe Winner (2-12)

DAILY: 10.00 am, 2.30, 5.30 and 8.30 pm
AL PACINO • ANDY GARCIA
in FRANCIS FORD COPPOLA'S
**THE GODFATHER PART III** (2-14)

## Tyger Valley
Tyger Valley Centre, Bellville Tel. 948-6710
DAILY: 9.30, 11.15 am, 1 00, 2.45, 5.30, 7 45, 10 00 pm
JOHN TRAVOLTA • KIRSTIE ALLEY
**LOOK WHO'S TALKING TOO**
DOUBLE FUN FOR EVERYONE (All)

DAILY: 9.45 am, 1.30, 5.00 and 8.45 pm
• KEVIN COSTNER •
**DANCES WITH WOLVES** Golden Globe Winner
RATED ★★★★ The Cape Times The Argus (2-12)

DAILY: 9.45 am, 12 00, 2 30, 5 30, 7 45, 10.00 pm
• JULIA ROBERTS •
**SLEEPING WITH THE ENEMY** (2-18)
A Sensual, Sizzling, Psycho Drama, Thriller.

DAILY: 9.30, 11 15 am, 1.00 and 2 45 pm ONLY
**DUCKTALES – THE MOVIE**
Full Length Animated Pleasure for All!

NIGHTLY: 5.15, 7.45 and 10.15 pm
ROBERT DE NIRO • ROBIN WILLIAMS
**AWAKENINGS**
Based on a true story (P.G. 2-10)

## Protea Claremont
MAIN ROAD, TEL. 61-7979
DAILY: 9 45 am, 12 00, 2.30, 5.30, 7.45, 10 00 pm
• JULIA ROBERTS •
**SLEEPING WITH THE ENEMY** (2-18)
A Sensual, Sizzling, Psycho Drama, Thriller.

DAILY: 10.00 am, 1 30, 5 00 and 8.30 pm
• KEVIN COSTNER •
**DANCES WITH WOLVES**
Golden Globe Winner (2-12)

DAILY. 9.45 am, 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.15 pm
ROBERT DE NIRO • ROBIN WILLIAMS
**AWAKENINGS**
Based on a true story (P.G. 2-10)
★ SATURDAY at 9.45 am & 12.00 noon
**HOME ALONE** (All)

## Kine Parow
Sanlam Centre, Parow Tel. 92-5126
DAILY. 9 30, 11.15 am, 1 00, 2 45, 5.30, 7 45, 10 00 pm
JOHN TRAVOLTA • KIRSTIE ALLEY
**LOOK WHO'S TALKING TOO**
DOUBLE FUN FOR EVERYONE (All)

DAILY: 9 45 am, 12 00, 2 30, 5 30, 7 45, 10.00 pm
• JULIA ROBERTS •
**SLEEPING WITH THE ENEMY** (2-18)
A Sensual, Sizzling, Psycho Drama, Thriller

## Maynard Mall Wynberg
MAIN ROAD, TEL. 761-0131
DAILY: 9 30, 11.15 am, 1 00, 2 45, 5 30, 7 45, 10 00 pm
JOHN TRAVOLTA • KIRSTIE ALLEY
**LOOK WHO'S TALKING TOO**
DOUBLE FUN FOR EVERYONE (All)

DAILY: 10 00 am, 1.30, 5 00 and 8 30 pm
• KEVIN COSTNER •
**DANCES WITH WOLVES**
Golden Globe Winner (2-12)

DAILY: 9.30, 11 15 am, 1 00 and 2 45 pm ONLY
**DUCKTALES—THE MOVIE**
Full Length Animated Pleasure for All!

DAILY: 5.15 and 7 45 pm ONLY
• LOU FERRIGNO •
**CAGE**
THRILLING ACTION & EXCITEMENT (2-16)

NIGHTLY: at 10 15 pm ONLY
• KEVIN COSTNER •
**DANCES WITH WOLVES** Golden Globe Winner
RATED ★★★★ The Cape Times The Argus (2-12)

DAILY: 9.45 am, 12.00, 2 30, 5 30, 7.45, 10.00 pm
• JULIA ROBERTS •
**SLEEPING WITH THE ENEMY** (2-18)
A Sensual, Sizzling, Psycho Drama, Thriller.

## Stellenbosch
TEL. (02231) 4464
DAILY 9 45 and 11.30 am ONLY
**DUCKTALES – THE MOVIE**
Full Length Animated Pleasure for All!

DAILY: 1.30, 5 00 and 8 30 pm
• KEVIN COSTNER •
**DANCES WITH WOLVES** Golden Globe Winner
RATED ★★★★ The Cape Times The Argus (2-12)

DAILY: 10 00 am, 2.00, 4 30, 6.45, 9 00 pm
• ARNOLD SWARZENEGGER •
**KINDERGARTEN COP**
EXCITING ACTION COMEDY (P.G. 2-8)

DAILY: 10.30 am, 2 00, 4.30, 7.00, 9.15 pm
ROBERT DE NIRO • ROBIN WILLIAMS
**AWAKENINGS**
Based on a true story (P.G. 2-10)

DAILY. 9 40, 11 30 am, 1.20, 3 15, 5 15, 7.15, 9 15 pm
JOHN TRAVOLTA • KIRSTIE ALLEY
**LOOK WHO'S TALKING TOO**
DOUBLE FUN FOR EVERYONE (All)

## Blue Route Tokai
Blue Route Centre, TEL. 75-3030
DAILY. 9 30, 11.15 am, 1 00, 2 45, 5 30, 7 45, 10 00 pm
JOHN TRAVOLTA • KIRSTIE ALLEY
**LOOK WHO'S TALKING TOO**
DOUBLE FUN FOR EVERYONE (All)

DAILY: 9 45 am, 12 00, 2.30, 5 30, 7 45, 10 00 pm
• ARNOLD SWARZENEGGER •
**KINDERGARTEN COP**
EXCITING ACTION COMEDY (P.G. 2-8)

DAILY: 10 00 am, 1 30, 5 00 and 8.30 pm
• KEVIN COSTNER •
**DANCES WITH WOLVES**
Golden Globe Winner (2-12)

DAILY. 9 45 am, 12.00, 2 30, 5 30, 7.45, 10 00 pm
• JULIA ROBERTS •
**SLEEPING WITH THE ENEMY** (2-18)
A Sensual, Sizzling, Psycho Drama, Thriller.

DAILY: 9.45 am, 12.15, 2.45, 5 15, 7.45, 10 15 pm
ROBERT DE NIRO • ROBIN WILLIAMS
**AWAKENINGS**
Based on a true story (P.G. 2-10)

DAILY 9.30, 11 15 am, 1 00 and 2 45 pm ONLY
**DUCKTALES—THE MOVIE**
Full Length Animated Pleasure for All!

DAILY: 5.15 and 7.45 pm ONLY
• ANDREW McCARTHY •
**WEEKEND AT BERNIE'S**
WILD HILARIOUS COMEDY (2-14)

NIGHTLY: at 10.15 pm ONLY
• KEVIN COSTNER •
**DANCES WITH WOLVES**
Golden Globe Winner (2-12)

## Somerset West
TEL. (024) 51 5581
DAILY 9.40, 11 30 am, 1.20, 3 15, 5 15, 7.15, 9 15 pm
JOHN TRAVOLTA • KIRSTIE ALLEY
**LOOK WHO'S TALKING TOO**
DOUBLE FUN FOR EVERYONE (All)

DAILY: 11.00 am, 2 00, 4 30, 6.45, 9.00 pm
• JULIA ROBERTS •
**SLEEPING WITH THE ENEMY** (2-18)
A Sensual, Sizzling, Psycho Drama, Thriller.

**DRIVE-INS** ★
NIGHTLY AT 8.00 pm
★ R12,00 per Car, Combi or L.D.V. for 2 Films ★

## Goodwood-Tel 54-4339
Next to Goodwood Showgrounds
JOHN TRAVOLTA • KIRSTIE ALLEY
**LOOK WHO'S TALKING TOO**
DOUBLE FUN FOR EVERYONE (All)
— PLUS —
SPARKLING COMEDY
**HOME ALONE**
IDEAL HOLIDAY ENTERTAINMENT (All)

## Kenilworth Centre
4 Cinema Complex – TEL. 683-1209
DAILY. 9.45 am, 12 00, 2.30, 5.30, 7.45, 10 00 pm
• JULIA ROBERTS •
**SLEEPING WITH THE ENEMY** (2-18)
A Sensual, Sizzling, Psycho Drama, Thriller.

DAILY: 9.30, 11.15 am, 1 00, 2 45, 5.30, 7.45, 10 00 pm
JOHN TRAVOLTA • KIRSTIE ALLEY
**LOOK WHO'S TALKING TOO**
DOUBLE FUN FOR EVERYONE (All)

DAILY: 9.30 and 11.15 am ONLY
**DUCKTALES—THE MOVIE**
Full Length Animated Pleasure for All!

DAILY: 1 30, 5 00 and 8 30 pm
• KEVIN COSTNER •
**DANCES WITH WOLVES**
Golden Globe Winner (2-12)

DAILY. 9 45 am, 12 00, 2 30, 5 30, 7 45, 10 00 pm
• ARNOLD SWARZENEGGER •
**KINDERGARTEN COP**
EXCITING ACTION COMEDY (P.G. 2-8)

## Seabreeze-Tel 701-3309
Pollsmoor Rd. TOKAI
• JULIA ROBERTS •
**SLEEPING WITH THE ENEMY** (2-18)
A Sensual, Sizzling, Psycho Drama, Thriller.
— PLUS —
• ANDREW McCARTHY •
**WEEKEND AT BERNIE'S**
WILD HILARIOUS COMEDY (2-14)

## Skyvue-Tel 903-5130
Main Road KUILS RIVER
• ARNOLD SWARZENEGGER •
**KINDERGARTEN COP**
EXCITING ACTION COMEDY (P.G. 2-8)
— PLUS —
• PAUL HOGAN •
**ALMOST AN ANGEL** (All)



SK STER-KINEKOR
22 MAART – 28 MAART
VROEË BESPREKINGS BY COMPUTICKET
NAVRAE (011) 331-9991 – ALMAL WELKOM

# ROLPRENTE

LET WEL: ALLE ROLPRENTE VERANDER VRYDAE

PRETORIA COMPUTICKET
NAVRAE (012) 322-7460

## SENTRAAL

### KINE ENTERTAINMENT CENTRE 331-3841/2/3
Maan-Don: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
Vry-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
**LOOK WHO'S TALKING TOO** (A)
MIKEY'S TERUG! MET KIRSTIE ALLEY, JOHN TRAVOLTA EN DIE STEMME VAN BRUCE WILLIS & ROSEANNE BARR!
**KINDERGARTEN COP** (VV2-8)
ARNOLD SCHWARZENEGGER IN DIE PRET ROMANTIESE KOMEDIE DRAMA!
**SLEEPING WITH THE ENEMY** (2-18)
Daagliks: 10.00, 2.30, 5.30, 8.30 nm
**THE GODFATHER III** (2-14)
GENOMINEER VIR 7 OSCAR TOEKENNINGS!
Daagliks: 10.00, 1.30, 5.00, 8.30 nm
**DANCES WITH WOLVES** (2-12)
GENOMINEER VIR 12 OSCAR TOEKENNINGS!
Daagliks: 9.45, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
**REVERSAL OF FORTUNE** (2-18)
Maan-Don: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
Vry-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
**CAGE** (2-16)
**PREDATOR 2** (2-19)
**WEEKEND AT BERNIE'S** (2-14)
**HOME ALONE** (A)
VOLGENDE AANBIEDINGS
30 Mar – KING OF THE KICKBOXERS (2-16)
30 Mar – DUCKTALES – THE MOVIE (A)
ONDERDAK PARKERING BESKIKBAAR BY VOORSTE INGANG NA KINE CENTRE
NA 4 NM MAAN-VRY, SAT. HELE DAG

### CINE CARLTON 1-5 331-2332
Daagliks: 10.00, 2.30, 5.20, 8.00, 10.30 nm
**THE RUSSIA HOUSE** (2-16)
SEAN CONNERY EN MICHELLE PFEIFFER IN DIE ROMANTIESE DRAMA!
Daagliks: 9.45, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
**AWAKENINGS** (VV2-10)
GENOMINEER VIR 3 OSCAR TOEKENNINGS!
Maan-Don: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
Vry-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
**MILLER'S CROSSING** (2-16)
**GHOST** (2-14)
Daagliks: 10.00, 2.30, 5.15, 8.00, 10.30 nm
**GOODFELLAS** (2-19)
VOLGENDE AANBIEDING
30 Mar – DON'T TELL HER IT'S ME (VV2-10)
ONDERDAK PARKERING BESKIKBAAR

### KINE HILLBROW 1-3 725-3134/725-2061
Maan-Don: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
Vry-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
**LOOK WHO'S TALKING TOO** (A)
MIKEY'S TERUG! MET KIRSTIE ALLEY, JOHN TRAVOLTA EN DIE STEMME VAN BRUCE WILLIS & ROSEANNE BARR!
**SLEEPING WITH THE ENEMY** (2-18)
Daagliks: 10.00, 1.30, 5.00, 8.30 nm
**DANCES WITH WOLVES** (2-12)
GENOMINEER VIR 12 OSCAR TOEKENNINGS!

## SUID

### SOUTHGATE MALL 1-7 942-2036/7
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**LOOK WHO'S TALKING TOO** (A)
MIKEY'S TERUG! MET KIRSTIE ALLEY, JOHN TRAVOLTA EN DIE STEMME VAN BRUCE WILLIS & ROSEANNE BARR!
**KINDERGARTEN COP** (VV2-8)
ARNOLD SCHWARZENEGGER IN DIE PRET ROMANTIESE KOMEDIE DRAMA!
**SLEEPING WITH THE ENEMY** (2-18)
**CAGE** (2-16)
**WEEKEND AT BERNIE'S** (2-14)
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
**AWAKENINGS** (VV2-10)
GENOMINEER VIR 3 OSCAR TOEKENNINGS!
Daagliks: 10.00, 1.30, 5.00, 8.30 nm
**DANCES WITH WOLVES** (2-12)
GENOMINEER VIR 12 OSCAR TOEKENNINGS!
VOLGENDE AANBIEDINGS
30 Mar – DUCKTALES – THE MOVIE (A)
30 Mar – KING OF THE KICKBOXERS (2-16)

## NOORD

### SANDTON CITY 1-9 783-4430/1
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**LOOK WHO'S TALKING TOO** (A)
MIKEY'S TERUG! MET KIRSTIE ALLEY, JOHN TRAVOLTA EN DIE STEMME VAN BRUCE WILLIS & ROSEANNE BARR!
**KINDERGARTEN COP** (VV2-8)
ARNOLD SCHWARZENEGGER IN DIE PRET ROMANTIESE KOMEDIE DRAMA!
**SLEEPING WITH THE ENEMY** (2-18)
**POSTCARDS FROM THE EDGE** (2-16)
**WEEKEND AT BERNIE'S** (2-14)
Daagliks: 9.45, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
**AWAKENINGS** (VV2-10)
GENOMINEER VIR 3 OSCAR TOEKENNINGS!
Daagliks: 10.00, 2.30, 5.30, 8.30 nm
**THE GODFATHER III** (2-14)
GENOMINEER VIR 7 OSCAR TOEKENNINGS!
Daagliks: 10.00, 1.30, 5.00, 8.30 nm
**DANCES WITH WOLVES** (2-12)
Sat 23 Maart 10.00 & 12.15
**HOME ALONE** (A)
Daagliks: 9.45, 12.15, 2.30 nm
**REVERSAL OF FORTUNE** (2-13)

### CRESTA RANDBURG 476-3802
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**LOOK WHO'S TALKING TOO** (A)
MIKEY'S TERUG! MET KIRSTIE ALLEY, JOHN TRAVOLTA EN DIE STEMME VAN BRUCE WILLIS & ROSEANNE BARR!
Vrydag 5.30 nm UITVERKOOP
**SLEEPING WITH THE ENEMY** (2-18)
**POSTCARDS FROM THE EDGE** (2-16)

### KINE RANDBURG 1 & 2 787-5446
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**LOOK WHO'S TALKING TOO** (A)
MIKEY'S TERUG! MET KIRSTIE ALLEY, JOHN TRAVOLTA EN DIE STEMME VAN BRUCE WILLIS & ROSEANNE BARR!
Vrydag 5.30 nm UITVERKOOP
**SLEEPING WITH THE ENEMY** (2-18)

### NORTHCLIFF 1 & 2 782-6816
Daagliks: 9.45, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
**AWAKENINGS** (VV2-10)
GENOMINEER VIR 3 OSCAR TOEKENNINGS!
Daagliks: 10.00, 1.30, 5.00, 8.30 nm
**DANCES WITH WOLVES** (2-12)
GENOMINEER VIR 12 OSCAR TOEKENNINGS!

### THE MALL ROSEBANK 880-2866/7
Daagliks: 9.45, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
**AWAKENINGS** (VV2-10)
GENOMINEER VIR 3 OSCAR TOEKENNINGS!
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15
**BLOOD OATH** (2-16)
**POSTCARDS FROM THE EDGE** (2-16)
**REVERSAL OF FORTUNE** (2-13)
**THE NASTY GIRL** (A)
(DUITSE DIALOOG – Engelse byskrifte)
**CHAMBRE A PART (SEPARATE ROOMS)** (2-19)
(FRANSE DIALOOG – Engelse byskrifte)
LAASTE DAE!
Daagliks: 10.00, 2.30, 5.15, 8.00, 10.30 nm
**MOUNTAINS OF THE MOON** (VV2-12)
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
**MILLER'S CROSSING** (2-16)
Daagliks: 9.30, 12.15, 3.00, 5.30, 8.00, 10.30 nm
**CYRANO DE BERGERAC** (A)
Daagliks: 10.00, 2.30, 5.15, 8.00, 10.30 nm
**COME SEE THE PARADISE** (2-16)
LAASTE DAE!

### CONSTANTIA ROSEBANK 788-4300
Daagliks: 10.00, 1.30, 5.00, 8.30 nm
**DANCES WITH WOLVES** (2-12)
Daagliks: 11.00, 2.00, 5.00, 7.30, 10.00 nm
**CYRANO DE BERGERAC** (A)
(FRANSE DIALOOG – Engelse byskrifte)

## OOS

### GOLDEN WALK 1-4 GERMISTON 825-8326
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**LOOK WHO'S TALKING TOO** (A)
MIKEY'S TERUG! MET KIRSTIE ALLEY, JOHN TRAVOLTA EN DIE STEMME VAN BRUCE WILLIS & ROSEANNE BARR!
**SLEEPING WITH THE ENEMY** (2-18)
**CAGE** (2-16)
**GHOST** (2-14)
VOLGENDE AANBIEDING
30 Mar – KING OF THE KICKBOXERS (2-16)

### EASTGATE 1-6 622-3617/8
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.15 nm
**LOOK WHO'S TALKING TOO** (A)
**SLEEPING WITH THE ENEMY** (2-18)
Daagliks: 9.45, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
**AWAKENINGS** (VV2-10)
Middernagvertoning 29 Maart (Goeie Vrydag)
**SILENCE OF THE LAMBS** (2-18)
Donderdag 10 30 nm UITVERKOOP
Sat 23 Maart 10.00 & 12.15
**THE NEVER ENDING STORY 2** (A)
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30 nm
**WEEKEND AT BERNIE'S** (2-14)
Daagliks: 5.30, 8.30 nm
**THE GODFATHER III** (2-14)
Maan-Woens: 10.00, 1.30, 5.00, 8.30 nm
Don: 10.00, 1.30, 5.00, 8.30, 10.00 nm
Vry: 10.00, 1.30, 5.00, 8.30 nm
**DANCES WITH WOLVES** (2-12)
Middernagvertoning 29 Maart (Goeie Vrydag)
**MISERY** (2-16)
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
**POSTCARDS FROM THE EDGE** (2-16)
Sat 23 Maart 10.00 & 12.15
**HOME ALONE** (A)

### KEMPTON PARK 1 & 2 975-5023
Maan-Woens: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45 nm
Don-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**LOOK WHO'S TALKING TOO** (A)
MIKEY'S TERUG! MET KIRSTIE ALLEY, JOHN TRAVOLTA EN DIE STEMME VAN BRUCE WILLIS & ROSEANNE BARR!
**KINDERGARTEN COP** (VV2-8)
ARNOLD SCHWARZENEGGER IN DIE PRET ROMANTIESE KOMEDIE DRAMA!

### CONSTANTIA BENONI 422-3305
Maan-Woens: 12.15, 2.30, 5.30, 7.45 nm
Don: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
Vry: 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**SLEEPING WITH THE ENEMY** (2-18)
Sat 23 Maart 10.00 vm
**CROCODILE DUNDEE 1** (A)

### PALM SPRINGS 1 & 2 56-3223
Maan-Woens: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45 nm
Don-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**LOOK WHO'S TALKING TOO** (A)
MIKEY'S TERUG! MET KIRSTIE ALLEY, JOHN TRAVOLTA EN DIE STEMME VAN BRUCE WILLIS & ROSEANNE BARR!
Daagliks: 10.00, 1.30, 5.00, 8.30 nm
**DANCES WITH WOLVES** (2-12)

## POTCH

### KINE POTCHEFSTROOM 930378
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.15, 7.30, 9.45 nm
**LOOK WHO'S TALKING TOO** (A)
MIKEY'S TERUG! MET KIRSTIE ALLEY, JOHN TRAVOLTA EN DIE STEMME VAN BRUCE WILLIS & ROSEANNE BARR!
**AWAKENINGS** (VV2-10)
**SLEEPING WITH THE ENEMY** (2-18)
Maan-Don: 10.00, 1.30, 5.00, 8.30 nm
Vry-Sat: 10.00, 1.30, 5.00, 8.30, 10.30 nm
**DANCES WITH WOLVES** (2-12)
GENOMINEER VIR 12 OSCAR TOEKENNINGS!
Maan-Don: 9.45, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
Vry-Sat: 9.45, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00 nm
**THE ROOKIE** (2-18)
Sat 23 Maart 10 00 & 12.15
**THE NEVER ENDING STORY 2** (A)

## WES

### WESTGATE 1-6 764-2530
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**LOOK WHO'S TALKING TOO** (A)
MIKEY'S TERUG! MET KIRSTIE ALLEY, JOHN TRAVOLTA EN DIE STEMME VAN BRUCE WILLIS & ROSEANNE BARR!
**KINDERGARTEN COP** (VV2-8)
ARNOLD SCHWARZENEGGER IN DIE PRET ROMANTIESE KOMEDIE DRAMA!
**SLEEPING WITH THE ENEMY** (2-18)
JULIA ROBERTS "PRETTY WOMAN" EN PATRICK BERGIN IN DIE SPANNINGVOLLE RILLER!
Daagliks: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15 nm
**AWAKENINGS** (VV2-10)
GENOMINEER VIR 3 OSCAR TOEKENNINGS!
Daagliks: 10.00, 1.30, 5.00, 8.30 nm
**DANCES WITH WOLVES** (2-12)
Sat 23 Maart 10.00, 12.15, 2.30 nm
**HOME ALONE** (A)
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**WEEKEND AT BERNIE'S** (2-14)
VOLGENDE AANBIEDING
30 Mar – DUCKTALES – THE MOVIE (A)

### KINE FLORA 1 & 2 472-1658
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**LOOK WHO'S TALKING TOO** (A)
MIKEY'S TERUG! MET KIRSTIE ALLEY, JOHN TRAVOLTA EN DIE STEMME VAN BRUCE WILLIS & ROSEANNE BARR!
Daagliks: 10.00, 2.30, 5.20, 8.00, 10.30 nm
**THE RUSSIA HOUSE** (2-16)
SEAN CONNERY EN MICHELLE PFEIFFER IN DIE ROMANTIESE DRAMA!
VEILIGE PARKERING BESKIKBAAR TOT NA LAAT VERTONINGS

### CINE HIGHGATE 1-5 474-2013
Kaartjies: Volwassenes R7,00 Skoliere R4,80
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**LOOK WHO'S TALKING TOO** (A)
MIKEY'S TERUG! MET KIRSTIE ALLEY, JOHN TRAVOLTA EN DIE STEMME VAN BRUCE WILLIS & ROSEANNE BARR!
**KINDERGARTEN COP** (VV2-8)
ARNOLD SCHWARZENEGGER IN DIE PRET ROMANTIESE KOMEDIE DRAMA!
**SLEEPING WITH THE ENEMY** (2-18)
JULIA ROBERTS "PRETTY WOMAN" EN PATRICK BERGIN IN DIE SPANNINGVOLLE RILLER!
**CAGE** (2-16)
Daagliks: 9.45, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
**THE ROOKIE** (2-18)
VOLGENDE AANBIEDING
30 Mar – KING OF THE KICKBOXERS (2-16)

### KINE KRUGERSDORP 665-5330
Maan-Woens: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45 nm
Don-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**KINDERGARTEN COP** (VV2-8)
ARNOLD SCHWARZENEGGER IN DIE PRET ROMANTIESE KOMEDIE DRAMA!
Daagliks: 10.00, 2.30, 5.30, 8.30 nm
**THE GODFATHER III** (2-14)

## VAAL △

### RIVERSQUARE VEREENIGING 016-46928
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**SLEEPING WITH THE ENEMY** (2-18)
Sat 23 Maart 10.00 vm
**SPACE CAMP** (A)
Daagliks: 10.00, 1.30, 5.00, 8.30 nm
**DANCES WITH WOLVES** (2-12)

### KINE VANDERBIJLPARK 016-330072
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**LOOK WHO'S TALKING TOO** (A)
MIKEY'S TERUG! MET KIRSTIE ALLEY, JOHN TRAVOLTA EN DIE STEMME VAN BRUCE WILLIS & ROSEANNE BARR!
**KINDERGARTEN COP** (VV2-8)
ARNOLD SCHWARZENEGGER IN DIE PRET ROMANTIESE KOMEDIE DRAMA!

## PRETORIA

### STERLAND 1-8 341-7568/9
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**LOOK WHO'S TALKING TOO** (A)
MIKEY'S TERUG! MET KIRSTIE ALLEY, JOHN TRAVOLTA EN DIE STEMME VAN BRUCE WILLIS & ROSEANNE BARR!
**SLEEPING WITH THE ENEMY** (2-18)
JULIA ROBERTS "PRETTY WOMAN" EN PATRICK BERGIN IN DIE SPANNINGVOLLE RILLER!
**CAGE** (2-16)
'N SPANNINGVOLLE, AKSIE-BELAAIDE AVONTUUR MET LOU FERRIGNO & REB BROWN!
**MILLER'S CROSSING** (2-16)
'N SPANNINGVOLLE AKSIE DRAMA MET GABRIEL BYRNE EN ALBERT FINNEY!
**WEEKEND AT BERNIE'S** (2-14)
**THE VENUS TRAP** (2-19)
Daagliks: 10.00, 2.15, 5.15, 8.15 nm
**THE GODFATHER III** (2-14)
GENOMINEER VIR 7 OSCAR TOEKENNINGS!
Daagliks: 10.00, 2.00, 5.30, 9.00 nm
**DANCES WITH WOLVES** (2-12)
GENOMINEER VIR 12 OSCAR TOEKENNINGS!
MET KEVIN COSTNER!
Daagliks: 10.00, 2.30, 5.00, 7.45, 10.30 nm
**CYRANO DE BERGERAC** (A)
(FRANSE DIALOOG – Engelse byskrifte)
VOLGENDE AANBIEDINGS
30 Mar – DON'T TELL HER IT'S ME (VV2-10)
30 Mar – KING OF THE KICKBOXERS (2-16)

### SUNNYPARK 1-3 44-4069
Daagliks: 9.45, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
**AWAKENINGS** (VV2-10)
GENOMINEER VIR 3 OSCAR TOEKENNINGS!
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**POSTCARDS FROM THE EDGE** (2-16)
Don 26 Maart 5.30 nm UITVERKOOP
Daagliks: 10.00, 2.00, 5.00, 8.30 nm
**DANCES WITH WOLVES** (2-12)
GENOMINEER VIR 12 OSCAR TOEKENNINGS!

### VERWOERDBURGSTAD 663-2034
Daily: 10.00, 2.00, 5.30, 9.00 nm
**DANCES WITH WOLVES** (2-12)
GENOMINEER VIR 12 OSCAR TOEKENNINGS!
Maan-Don: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45 nm
Vry-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
**LOOK WHO'S TALKING TOO** (A)
MIKEY'S TERUG! MET KIRSTIE ALLEY, JOHN TRAVOLTA EN DIE STEMME VAN BRUCE WILLIS & ROSEANNE BARR!
**KINDERGARTEN COP** (VV2-8)
ARNOLD SCHWARZENEGGER IN DIE PRET ROMANTIESE KOMEDIE DRAMA!
**SLEEPING WITH THE ENEMY** (2-18)
JULIA ROBERTS "PRETTY WOMAN" EN PATRICK BERGIN IN DIE SPANNINGVOLLE RILLER!
VOLGENDE AANBIEDING
30 Mar – DUCKTALES – THE MOVIE (A)

### ICE-RINK 44-5253
GESLUIT TOT VERDERE KENNISGEWING

### Sun City Teaters 014651-21174
WORD TANS VERTOON: OOP 7 DAE PER WEEK
CINE 3
TWEE SPLINTERNUWE VRYSTELLINGS:
SENATOR'S DAUGHTER (Volwasse)
L'AMOUR (Volwasse)

## WITWATERSRAND INRYE 22 MAART – 28 MAART

### TOP STAR (STAD) 412-1843/493-5877
**LOOK WHO'S TALKING TOO** (A)
**HOME ALONE** (A)
MIDDERNAGVERTONINGS
Goeie Vrydag, 29 Maart: KING OF THE KICKBOXERS (2-16)
Paassondag, 31 Maart: DANCES WITH WOLVES (2-12)

### VELSKOEN (RANDBURG) 412-1843/793-2812
KIRSTIE ALLEY – JOHN TRAVOLTA MET DIE STEM VAN BRUCE WILLIS AS MIKEY!
**LOOK WHO'S TALKING TOO** (A)
OH SCHUCKS, HERE COMES UNTAG (VV2-8)
Sat 30: WEEKEND AT BERNIE'S

### ATLAS (BRENTWOOD PARK) 816-1444/973-1017
**WEEKEND AT BERNIE'S** (2-14)
**HOME ALONE** (A)
MIDDERNAGVERTONINGS
Goeie Vrydag, 29 Maart: SLEEPING WITH THE ENEMY (2-18)
Paassondag, 31 Maart: KINDERGARTEN COP (VV2-8)

### SPEEDYS (SOUTH HILLS) 816-1444/613-4129
ARNOLD SCHWARZENEGGER IN DIE PRET ROMANTIESE KOMEDIE!
**KINDERGARTEN COP** (VV2-8)
PROBLEM CHILD (A)
Sat 30: LOOK WHO'S TALKING TOO

### 5-STAR (HONEYDEW) 412-1843/794-1385
MERYL STREEP! SHIRLEY MacLAINE!
**POSTCARDS FROM THE EDGE** (2-16)
THE FABULOUS BAKER BOYS (2-18)
Sat 30: SLEEPING WITH THE ENEMY

### KEMPTON PARK 816-1444/976-4905
SUPER AKSIE-BELAAIDE DUBBEL!
**PREDATOR 2** (2-19)
PLUS MEL GIBSON IN . . .
AIR AMERICA (2-16)
Sat 30: WEEKEND AT BERNIE'S/I LOVE YOU TO DEATH

### GERMISTON 816-1444/902-1607/8
**SLEEPING WITH THE ENEMY** (2-18)
REVERSAL OF FORTUNE (2-13)
MIDDERNAGVERTONINGS
Goeie Vrydag, 29 Maart
KINDERGARTEN COP (A)
Paassondag, 31 Maart
KING OF THE KICKBOXERS (2-16)

### VEREENIGING (01612) 3211
**ROCKY 5** (2-10)
DAYS OF THUNDER (A)
MIDDERNAGVERTONINGS
Goeie Vrydag, 29 Maart
THE ROOKIE (2-18)
Paassondag, 31 Maart
KINDERGARTEN COP (VV2-8)

### STERLIG (ROODEPOORT) 412-1843/764-2468
SUPER PRET-BELAAIDE KOMEDIE DUBBEL!
**WEEKEND AT BERNIE'S** (2-14)
TROOP BEVERLY HILLS (A)
Sat 30: KING OF THE KICKBOXERS

### BRAKPAN 816-1444/915-3907
**THE ROOKIE** (2-18)
MEMPHIS BELLE (2-10)
MIDDERNAGVERTONINGS
Goeie Vrydag, 29 Maart
KING OF THE KICKBOXERS (2-16)
Paassondag, 31 Maart
KINDERGARTEN COP (VV2-8)

### PANORAMA (MONDEOR) 412-1843/682-3411
DIE TREFFER DRAMA!
**THE GODFATHER 3** (2-14)
FRIDAY THE 13TH PART 4 (2-18)
Sat 30: DANCES WITH WOLVES

### MEIRINGSPARK (KLERKSDORP) (018) 91060
**ROCKY 5** (2-10)
DAYS OF THUNDER (A)
MIDDERNAGVERTONINGS
Goeie Vrydag, 29 Maart
DANCES WITH WOLVES (2-12)
Paassondag, 31 Maart
LOOK WHO'S TALKING TOO (A)

### HILLFOX (FLORIDA) 412-1843/679-1212
ARNOLD SCHWARZENEGGER IN DIE PRET ROMANTIESE KOMEDIE!
**KINDERGARTEN COP** (VV2-8)
Plus Paul (Crocodile Dundee) Hogan . . .
ALMOST AN ANGEL (A)
Sat 30: THE NEVER ENDING STORY 2

### SPRINGBOK (SPRINGS) 816-1444/813-4138
SUPER AKSIE-BELAAIDE DUBBEL VERTONING!
**PREDATOR 2** (2-19)
NAVY SEALS (2-12)
Sat 30: WEEKEND AT BERNIE'S

### STADIUM (MALVERN) 816-1444/615-1131
CLINT EASTWOOD EN CHARLIE SHEEN IN DIE AKSIE-BELAAIDE DRAMA!
**THE ROOKIE** (2-18)
PLUS DIE SPANNINGVOLLE AVONTUUR . . .
MEMPHIS BELLE (2-10)

### KINANDER (EVANDER) 24117
DIE SUPER FAMILIE KOMEDIE!
**PROBLEM CHILD** (A)
ALMOST AN ANGEL (A)
Sat 30: ROCKY 5

### KRUGERSDORP 412-1843/953-1959
**DARKMAN** (2-16)
ALMOST AN ANGEL (A)
MIDDERNAGVERTONINGS
Goeie Vrydag, 29 Maart
KING OF THE KICKBOXERS (2-16)
Paassondag, 31 Maart
KINDERGARTEN COP (VV2-8)

### NIGEL 816-1444/739-6616
AKSIE! AKSIE! AKSIE!
**AMERICAN KICKBOXER** (2-10)
DISORGANISED CRIME (2-14)

## PRETORIA INRYE

### LYNNWOOD 87-1633
JULIA ROBERTS "PRETTY WOMAN" EN PATRICK BERGIN IN DIE SPANNINGVOLLE RILLER!
**SLEEPING WITH THE ENEMY** (2-18)
WELCOME HOME (2-16)

### SWARTKOPS 374-4902
**KINDERGARTEN COP** (VV2-8)
PROBLEM CHILD (A)
Middernagvertoning 29 Maart (Goeie Vrydag) en 31 Maart (Paassondag)
KING OF THE KICKBOXERS/CAGE

### WONDERBOOM 57-1108
**LOOK WHO'S TALKING TOO** (A)
OH SCHUCKS, HERE COMES UNTAG (VV2-8)
Laat Laat Vertoning 22 Maart
KINDERGARTEN COP (VV2-8)
Middernagvertoning 31 Maart (Paassondag)
DANCES WITH WOLVES (2-12)

### UITSPAN 7-2515
ANDREW McCARTHY EN JONATHAN SILVERMAN IN DIE LAGWEKKENDE KOMEDIE!
**WEEKEND AT BERNIE'S** (2-14)
THE RUTANGA TAPES (A)

### JAKARANDA 54-9115 9
PATRICK SWAYZE EN DEMI MOORE IN DIE TREFFER KOMEDIE!
**GHOST** (2-14)
ANOTHER 48 HOURS (2-18)

### WITBANK 01351-81064
SUPER AKSIE-BELAAIDE DUBBEL MET CHUCK NORRIS EN JEAN-CLAUDE VAN DAMME!
**DELTA FORCE 2** (2-16)
CYBORG (2-18)

### RUSTENBURG 01421-29358
JEAN-CLAUDE VAN DAMME IN DIE AKSIE-BELAAIDE AVONTUUR RILLER!
**DEATH WARRANT** (2-18)
BAD INFLUENCE (2-19)

# Kleinadvertensies

*Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Peppy of Cathy (011) 836-2151, faks (011) 838-5901, of skryf aan Kleinadvertensies, Posbus 177, Newtown 2113. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.*

## PERSOONLIK

Die Takhare vir Vrede sê in die land van die Ooms is eenbal koning

Die Bleskoppe teen Apartheid sê wie nie waag nie sal nie Winnie

***EK WIL 'N MILJOENER WORD!*** Voor die einde van 1991 wil ek 1 miljoen rand kontant in die bank hê. U kan my help deur enige bedrag geld aan my te stuur. Ek beoog om die volle bedrag, insluitende die kummulatiewe rente, aan te wend om soos 'n koning te lewe. Ek onderneem om in ruil vir u geld u te laat lag soos nog nooit tevore nie - dis my waarborg! Stuur u naam, adres en telefoonnommer saam met u bydrae aan: SFDP-BEMARKING, Posbus 51919, Wierda Park 0149. Veertien dae geld terug gewaarborg indien ek u nie kan laat lag nie.

## VERBLYF

**STYLVOLLE WOONSTELLE**, ten volle toegerus, skoon en gemeubileerd. Sentraal in Pretoria, op busroete en naby hospitaal, ook binne loopafstand van Kerkplein. Ideaal vir sakebesoeke en toeriste. Besprekings: (012) 326-6346 (16h00 - 18h00)

## DIENSTE

**CITY COLLEGE**
7th Floor Charleston House, 161 Commissioner Street (between Delvers and Von Wielligh Street.) Johannesburg 2001
* Computer courses
* Secretarial courses
* English
* Enrolments accepted throughout the year
* Accommodation available
* Free job placement advice given

ENROL NOW
TEL: (011) 29-4116/7
The future is yours through education

*DRESSMAKING & DESIGN*
BE QUALIFIED TO START YOUR OWN BUSINESS
ENQUIRIES
CITY DRESSMAKING & DESIGN SCHOOL
7th Floor Charleston House
161 Commissioner Street (between Von Wielligh and Delvers Street)
Johannesburg 2001.
Tel (011) 29-4116/7

BEDREWE VERWER
Huise, woonstelle, kantore. Uitstekende verwysings. Vir verdere inligting skakel (011) 728-4678 (Vrydae, Saterdae en Sondae) of skakel (011) 787-7734 (Maandae)

TIK- EN VERTAALWERK
Bel Louise by (012) 46-6577

***DIENSPLIG ADVIESDIENS***
Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig, skakel: Durban - (031) 301-5663 Richard (w) Pietermaritzburg - (0331) 944079 Mark (h)
Kaapstad - (021) 689-1194 (5:30nm tot 7:30nm) Grahamstad - (0461) 26067 (h) Rudi of gaan na die Metodistekerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae vanaf 4:30nm tot 7:00nm

**POWA (People Opposing Women Abuse)** is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkwinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Vir verdere inligting skakel (011) 642-4345

VISUAL ART COURSES
Learning to see. Eye training to look at shape, form, colour, dimension translated into drawing, painting, sculpture and crafts. Classes available day and evenings for children and adults. Phone Maggie van Wezel at 614-7297 after 5pm

The Institute For Philosophical Practical and Teaching offers the opportunity to gain perspective on existential crises and problems in living. For more information phone (011) 648-3079

## GEBEURE

THE 40 WATT CLUB
Experience Africa's first Cyberpunk club, the 40 Watt Club (cnr Twist & De Villiers). Sexy technology makes for wicked Cyber music namely, Hartbeat, Industrial, Techno, Underground Acid House and Hip-Hop. The club also plays Indie, Alternative Rock, Post Modern and Cult. Entrance fee is R8 and there's street security. Doors open at approximately 10PM. CYBERPUNK IS FAST DEVELOPING INTO A HUGE MOVEMENT - BE THERE !

ACIEEEEDIII HOUSE PARTY
SAT - 23 MARCH.
WAREHOUSE AT THE MARKET THEATRE
BE THERE OR BE SQUARE.

## MARK

PHAMBILI BOOKS:
Huge selection of Academic Titles
22 Plein Street
Tel: (011) 29-4944
WANTED: Second-hand, Left Wing Books in good condition. Phambili is buying
Open:
Mon-Fri 9h00-17h30
Saturday 9h00-13h00
Sundays 13h00-17h00

***STET STET STET***
**** Bêre jou haelgeweer en lees Stet***
***Die jongste Stet (6:4) het pas verskyn.***
***Stuur 'n tjek of posorder van R6 na: Stet, Posbus 39400, Bramley 2081***

**Kashgar**
**Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880-3566**

**Tarief: R15 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan**


## Vrye Weekblad

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike weeklikse koerant wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. no. 88/04168/06).

Wending Publikasies Beperk en Vrye Weekblad se adres is: Breëstraat 153, Newtown.
Die posadres is Posbus 177, Newtown 2113.
Die telefoonnommer is (011) 836-2151-9 en die faksnommer 838 5901.

### Redaksie
**Redakteur:** Max du Preez
**Senior skrywers:** Jacques Pauw, Ina van der Linde, Hennie Serfontein
**Kopieredakteur:** Johan Bruwer
**Sub-redakteur:** Ryk Hattingh
**Nuusredaksie:** Christelle Terreblanche, Christelle de Jager, Audrey Brown, Pearlie Joubert, Esma Anderson, Irene Louw, Phineus Tshukudu
**Fotoredakteur:** Lise Joubert
**Ontwerp:** Esma Anderson, Andrea Vinassa
**Vrydag-redaksie:** Andrea Vinassa, Laetitia Pople
**Sportredakteur:** Tinus Horn

### Bestuur
**Bestuurskonsultant:** Mark Beare
**Advertensies en bemarking:** Joyce Dube, Louwrins Potgieter
**Redaksionele assistent:** Cathy Fennessy
**Kantoorbestuur:** Joseph Moetaesi, Vernon Zulu, Peppy Maripan

### Buitekantore
**Kaapstad-kantoor:** Christelle Terreblanche. Tel (021) 47-8960 en 47-8819
**Pretoria-kantoor:** Ina van der Linde. Tel (012) 834 879

Vrye Weekblad kos R1,33 plus 17c AVB. Dit kos R75 (AVB ingesluit) om vir 'n jaar lank in te teken, en R40 (AVB ingesluit) vir ses maande. In Namibia, Swaziland, Lesotho en Botswana kos die koerant R1,50 plus verkoopbelasting. Tariewe vir buitelandse intekenare is op navraag by (011) 497-2911 beskikbaar. Probleme met verspreiding moet gerig word aan Cathy Fennessy by (011) 836 2151.




# Vrot beslissings is maar boksers se lot

Laaste sê



TINUS HORN

BOKS en omstredenheid is so onafskeidbaar soos Laurel en Hardy. Brian Mitchell kan bly wees hy het verlede week met 'n gelykop-uitslag weggekom; die kryt het al veel swakker beslissings opgelewer.

En selfs wanneer 'n beslissing ooglopend regverdig is, sal die verloorder altyd kla.

Op dié amateur-beoordelaar (daar is ná die naweek so baie van ons, dat ons dit oorweeg om 'n vakbond te stig) se telkaart was Brian ook die wenner - maar met 'n skrale punt, of hoogstens twee.

Sy eie stelling - dat hy nege van die twaalf rondes gewen het - is effe optimisties, maar 'n mens kan sy teleurstelling verstaan. Hy het die hele bokswêreld verkeerd bewys en hy gaan geen krediet daarvoor kry nie.

'n Amerikaanse bokstydskrif, *The Ring*, het 'n paar maande gelede só oor die junior-liggewig-afdeling geskryf:

"Let's match Azumah Nelson with Jeff Fenech, and Tony Lopez with Jorge Paez. Winner meets winner, and we toss the rest of the division out the window.

"That may be a bit rash, and not particularly fair if you're WBA champ Brian Mitchell. But what the heck, Mitchell has reached the twilight of his reign anyway."

Goed, Brian het rede om ontevrede te voel. Maar soos Lopez na die tyd gesê het, dis boks. Jy het g'n ander keuse as om jou by die beoordelaars se beslissing te berus nie.



Brian Mitchell... hy kan bly wees hy is nie sy titel kwyt nie

Die soort beslissing waarmee 'n bokser veel moeiliker sal saamleef, is die nederlaag wat Sugar Baby Rojas onlangs teen ons eie Welcome Ncita gely het, nadat hy Ncita twaalf rondes lank pap geslaan het.

Beoordelaars is bang om kampioene te laat verloor. 'n Kampioen wat sy titel weens 'n swak beslissing afstaan, sal veel meer geraas maak as 'n onsuksesvolle uitdager, sien.

In die jare sewentig het Pierre Fourie twee keer teen Bob Foster en twee keer teen Victor Galindez om die ligswaargewigtitels van die wêreld geboks.

As ons ons radio-kommentators kon glo, het Fourie die tweede geveg teen Foster en die eerste teen Galindez gewen. Die beoordelaars het anders besluit.

Veral Foster was so 'n groot trekpleister in Amerika dat boksowerhede onder geen omstandighede sou wou sien dat hy sy titel verloor nie.

## Presies ewe goed?

Die rugby-ouens sê om die Curriebeker te deel is soos om jou suster te soen. 'n Gelykopuitslag in die bokskryt is nog minder opwindend.

Die feit dat sulke uitslae enigsins moontlik is, is absurd; na twaalf aksie-belaaide rondes is daar 'n beoordelaar wat twee boksers op hoegenaamd geen manier kan skei nie.

Gelykop-uitslae behoort iets te wees waarmee jy twee boksers straf as albei so vrot boks dat jy voel nie een van hulle verdien 'n oorwinning nie. Mitchell-hulle het beslis nie in dié kategorie geval nie.

Nog 'n bokser wat vandeesweek bitter ontevrede was, was Razor Ruddock, wat met 'n tegniese uitklophou teen Mike Tyson verloor het.

Die skeidsregter, Richard Steele, is glo 'n Don King-man en dus ook 'n Mike Tyson-man, maar in dié geval het hy dalk reg opgetree.

'n Bokser wat al twee keer op die kryt vlooer was en met ses houe na mekaar getref word sonder om met 'n teenaanval te antwoord, loop beslis die gevaar om lelik seer te kry.

Steele was nie vreeslik gewild na sy besluit om die geveg te staak nie, maar as Ruddock breinskade opgedoen het, so Steele dit éérs moes ontgeld.

Natuurlik floreer boks op omstredenheid. Daar word reeds van 'n herontmoeting tussen Tyson en Ruddock gepraat. Vir hul eerste kragmeting het Tyson $ 6 miljoen gekry en Ruddock $ 3 miljoen. Wanneer hulle mekaar weer pak, sal dit vir heelwat meer wees, danksy die bohaai wat Ruddock opgeskop het.

Boks is inderdaad baie soos Laurel en Hardy. Net snaakser.

# Dís mos krieket, Broeders!

SELFS die mees tradisie-vaste krieketpuris moes dit die afgelope week of wat ernstig oorweeg het om hom tot eendagkrieket te bekeer.

Die Benson & Hedges-halfeindstryde het nie deurgaans briljante krieket opgelewer nie, maar vir groter opwinding sal jy baie, baie ver moet soek.

Woensdagaand se wedstryd tussen die Westelike Provinsie en die Oostelike Privinsie was eintlik nog spannender as die vorige week se drama tussen Transvaal en Natal.

Daar was lanklaas 'n wedstryd waarin die skaal so gereeld van die een span na die ander geswaai het.

Eers Kepler Wessels se skitterende kolfwerk wat die OP vir 'n groot telling reggemaak het, toe 'n reeks bouldeurbrake deur Dave Rundle en Adrian Kuiper wat die rooispan tot 'n misrabele 167 beperk.

Toe kom die WP se vrot begin, gevolg deur Kuiper se verwoestende kolfwerk, gevolg deur die bekende WP-ineenstorting, gevolg deur nog 'n Kuiper-aanslag met 'n enkele paaltjie staande en uiteindelik 'n veldwerkblaps wat Kuiper en Meyrick Pringle tot 'n selfmoordlopie uitlok en die wedstryd vir die OP met 'n skamele vier lopies wen.

Intussen was daar ook 'n reënbui wat gedreig het om almal se pret te bederf, 'n verbroude vangkans deur Ross Veenstra wat die wedstryd vroeg vir die OP sou beklink, en briljante boulwerk deur die OP se "vyfde bouler" Karl Bauermeister, wat eintlik vir sy slaanwerk gekies is.

Vanaand is dit weer sulke tyd.

Daar is nie soveel drama in 'n hele Curriebeker-seisoen nie.

**Motorsport-geesdriftiges kry Sondag 'n dubbele dosis top-vermaak wanneer die SAUK die Japanse motorfietsGrand Prix (250 en 500cc) regstreeks wys (07h30), en later ook die Brasiliaanse Formule 1 Grand Prix.**
**Vanmiddag en vanaand word die krieketwedstryd tussen die Oostelike Provinsie en die Westelike Provinsie in Port Elizabeth in die halfeindronde van Benson & Hedges se aandreeks ook regstreeks uitgesaai, en dit geld ook vir die beslissende derde wedstryd, wat more gespeel sal word as die WP vanaand wen.**

## Die week se TV-Sport

**Die week se volledige sportprogramrooster is:**

**SAUK:**

**Vrydag, 22 Maart:**
TSS 16h10 en 21h00: Krieket: B&H halfeindronde: WP teen OP in Port Elizabeth
TV1, 18h30: Gillette World Sport Special.
TV4, 20h35, TSS 21h00: Power Mania

**Saterdag, 23 Maart:**
TSS 13h00: Motorwedrenne vanaf Killarney.
18h00 (streke) en 21h00: Krieket: B&H halfeindronde: WP teen OP in Port Elizabeth (indien derde wedstryd nodig is).
TV1, 12h00-1756: Junior Sport; perdewedrenne vanaf Turffontein; Seiljagvaart (BOC-wedvaart: jongste nuus); Kragbootwedrenne vanaf Barberspan; Gholf: Beleares-toernooi in die Volvo-reeks.

**Sondag, 24 Maart:**
TV1, 07h30: Motorfietswedrenne: Japannese 250cc en 500cc Grand Prix. TSS 12h00: Junior Sport (heruitsending). 23h00: Brasiliaanse Formule 1 Grand Prix.

**Maandag, 25 Maart:**
TV1, 21h00: Krieket-sage: episode 16. Atletiek uit Pretoria.

**Dinsdag, 26 Maart:**
TSS 21h00: Krieket: B&H 10 jaar

**Woensdag, 27 Maart:**
TSS 16h10 en 21h00: Krieket: B&H eindronde: Natal teen OP of WP in Durban of Kaapstad.

**M-NET:**

**Vrydag, 22 Maart:**
18h30: The World of National Panasonic.

**Saterdag, 23 Maart**
15h00: Gholf: Nestle-uitnodigingstoernooi 16h00: Motorsport News 16h30: Pluimbal: Engelse ope. 17h00: Sokker: Engelse eerste liga. 6.45 nm.: Sportsfire. 23h00: tennis: Tennis: Internasionale toernooi vir vroue vanaf Key Biscayne.

**Sondag, 24 Maart:**
13h30: Rugby: Hong Kong-sewes. 14h00: The World of National Panasonic. Laataand: Tennis: Internasionale toernooi vir mans vanaf Key Biscayne.

**Dinsdag, 26 Maart:**
22h00: The Best of English Soccer.

**Woensdag, 27 Maart:**
10 nm.: Sokker, regstreeks: Engeland teen Ierland.



Bl. 31: Vrot beslissings is boksers se lot

# Die Bloues is die sterkste

## ...maar kan hulle die Curriebeker wen?

**SELFS Natallers moet erken dat Noord-Transvaal verlede jaar die beste rugbyspan in die land was. Toe dit die meeste getel het, het hulle egter hul swakste vertoning gelewer. Gaan dit vanjaar weer so wees, of gaan Naas-hulle dié keer hul hoë spelpeil enduit volhou? TINUS HORN weeg die voorste spanne teen mekaar op en waag 'n paar voorspellings**



Wahl Bartmann

'n CURRIEBEKER-STELSEL waarin een glipsie 'n hele jaar se goeie werk ongedaan maak, pas Noord-Transvaal nie.

As die reeks op 'n liga-grondslag sonder 'n eindstryd beslis is, sou die Noorde die seisoen as oorweldigende gunstelinge begin het; soos sake nou staan, kan hulle weer alles oorheers en net voor die wenpaal gly.

Die Bloues is die enigste span in die land wat aan die begin van die seisoen al aan die einde kan begin dink. Hulle het soveel talent en diepte dat 'n mens daarop kan reken dat hulle weer die Curriebeker-eindstryd sal haal.

Op meer as dit moet jy egter nie jou spaargeld verwed nie.

Skort daar iets met die Noorde se vermoë om druk te verwerk? Ongetwyfeld, as die afgelope twee eindstryde 'n maatstaf is.

Hoe vreemd dit ookal mag klink, jare se welslae het 'n groot kwesplek in die Noorde se mondering laat ontstaan: wanneer hulle die dag effens op die agtervoet gedwing word, is dit so ongewoon dat hul hele speelpatroon ontwrig word.

In verlede jaar se Curriebeker-eindstryd was hulle soos 'n halwe span. Toe hulle dieselde Natallers twee weke vroeër liederlik afgeransel het, sou die Piesangboere kon sweer daar was minstens dertig blou truie op die veld.

Natal is 'n span met min tekortkomings en met die Curriebeker in die glaskas by Kingspark sal die spangees outomaties uitstekend wees. Die afrigter, Ian McDonald, kan hom op taktiek en strategie toespits.

Tony Watson, Dick Muir en Jeremy Thomson maak die Natalse agterlyn die sterkste in die land, maar Wahl Bartmann bly die Piesangboere se grootste wapen.

As hy nie voor een van die lekker geldaanbiedinge uit ander oorde swig nie en hy bou voort op verlede jaar se skitterende vorm, is Natal klaar 'n stappie nader aan die eindstryd.

Die Westelike Provinsie het verlede jaar min gedoen waarop hy trots kan wees en spangees was teen die einde van die seisoen glo beroerd.

Maar die Streeptruie het al voorheen uit moeilike situasies teruggeveg en gewen. 'n Mens durf nie 'n span wat Tiaan Strauss, Andrew Paterson, Balie Swart en Kobus Burger insluit, onderskat nie.

Die enigste ander span wat 'n kans staan om die Curriebeker te wen, is Transvaal - mits sy nuwe afrigter, Harry Viljoen, toegelaat word om dinge op sy eie manier te doen, sonder inmenging van baas Louis.

Kuifie van der Merwe het verlede jaar die Rooibontes se slotprobleem opgelos, en die Transvaalse agttal hoef nou vir niemand terug te staan nie.

Agterlangs gaan baie van die Springbok-skrumskakel Garth Wright se vorm afhang. Op sy beste was hy een van die bestes ter wêreld, maar sedert hy voorverlede seisoen harsingskudding opgedoen het, is hy sy selfvertroue kwyt. Verlede jaar was hy 'n toonbeeld van middelmatigheid.

As 'n mens die spanne beoordeel volgens hul potensiaal, eerder as verlede jaar se prestasies, sal 'n ranglys van die land se ses beste spanne min of meer sê lyk:

1) Noord-Transvaal
2) Natal
3) Westelike Provinsie
4) Transvaal
5) Oostelike Provinsie
6) Vrystaat

Benewens Natal sal die Vrystaters seker die meeste oor dié ranglys mor. Maar soos Dinsdagaand se wedstryd teen die OP in Yardley se aandreeks weer gewys het, is die Vrystaatse agttal eenvoudig nie sterk genoeg om die witspan se agterlyn genoeg hardloopkans te gee nie.

Die OP, oor wie 'n mens nie maklik voorspellings waag nie omdat hy nooit doen wat jy verwag nie, kan soos verlede jaar vir 'n skokseg of twee sorg, maar sy wisselvalligheid sal hom soos gewoonlik vroeg al uit die wedloop haal.

## Tien van die beste

SUID-AFRIKA kan binne 'n jaar of twee weer toetsrugby speel en die slegte nuus is dat daar bitter min spelers met internasionale ervaring oor is.

Ons moet gou plaasvervangers in 'n hele paar posisies vind. Agterlangs is daar hope talent, veral onder die senters en losskakels, maar die voorspeler-oes lyk maar skraal.

Hier is tien jong spelers wat vanjaar fyn dopgehou kan word.

**James Small:** Net sowat twee jaar gelede het hy nog vir Warren McCann in 'n wedloop oor 100m geklop. Hy is die soort speler wat Doc Craven 'n "footballer" sou noem; benewens die basiese vaardige - wat hy in oorvloed het - het hy daardie iets iets ekstra wat net die heel grotes beskore is. As hy sy beseringsprobleme kan oorbrug, kan hy ons beste agterspeler word.

**Jannie Claassens:** Verlede jaar se groot vonds. Hy het alles wat 'n senter moet hê: vaart, krag en 'n dodelike systap. Hy is boonop nie bang om sy teenstanders reg van voor in te wag en met mening grond toe te bring nie.

**Riaan Potgieter:** Dié OP-senter het verlede jaar langs Michael du Plessis 'n hele klompie skittervertonings gelewer. Soos Claassens is hy op die verdediging net soveel werd soos op die aanval. In die wedloop om Springbokkleure was hy aan die einde van verlede seisoen 'n kortkop voor die Natallers Dick Muir en Jeremy Thomson.

Drie losskakels gaan om die nommer 10-trui in die Springbokspan meeding wanneer Naas Botha nie meer beskikbaar is nie: Joel Stransky, Henry Honiball en Lance Sherrell.

**Stransky** kan ná Natal se welslae van verlede jaar stellig daarop aanspraak maak dat hy die tweede beste losskakel in die land is. Hy het aan die begin van sy loopbaan in senior geledere by 'n paar geleenthede effens gesukkel onder druk, maar verlede seisoen veel beter gevaar. Hy het egter die beste wedstryd van sy loopbaan op heelagter gespeel en is dalk die man wat Johan Heunis se goeie werk in die laaste vesting kan voortsit.

**Sherrell:** Nadat Transvaal hom te vroeg vir sy senior span gekies het, is hy Kaap toe, waar hy vir 'n jaar of wat net klubrugby gespeel het. Verlede jaar was met mening terug en alle aanduidings is dat hy gereed is om die groot belofte wat hy as onder 20-speler getoon het, gestand te doen. Benewens 'n dodelike linkervoet, breek hy ook goed.

**Honiball:** Die opwindendste van die jong losskakels. Hy slaan gapings wat die ouer garde aan Jannie Barnard herinner. Ongelukkig is hy nes Barnard nie werklik 'n skopper van formaat nie. Dit is al wat kan verhinder dat hy in die toekoms die groen en goud dra.

Voorlangs is daar gelukkig nog 'n paar geharde manne wat oor 'n jaar of wat die kern van 'n Springbok-agttal sal kan vorm. 'n Paar jong spelers wat in Bokke kan ontwikkel is:

**Guy Kebble:** Daar word al lank vir hom 'n blink toekoms voorspel, maar hy het verlede jaar in die Natal-trui vir die eerste keer werklik na 'n potensiële Springbok begin lyk. Hy het sy beste vertoning vir die Curriebeker-eindstryd gebêre, waar hy sy tweestryd met Jan Lock loshande gewen het.

**Kuifie van der Merwe:** Ná die Springbokke se swak vertoning in die lynstane teen 'n internasionale toerspan twee jaar gelede het 'n mens naarstiglik na jong slotte begin soek en Van der Merwe het verlede jaar gewys hy kan dié gaping vul.

Hy is 'n uitstekende lynstaanman wat in sy eerste seisoen nie deur die gestamp en gestoot van meer ervare teenstanders van stryk gebring is nie.

**Stuart Landman:** Hy het die Vrystaat se lynstaan-probleme verlede jaar byna eiehandig opgelos. Met 'n bietjie ervaring sal hy beslis 'n aanspraakmaker op 'n Bok-trui word.

**Andrew Aitken:** Hy het verlede jaar 'n dodelike kombinasie saam met Wahl Bartmann gevorm. Ongelukkig vir hom is Jannie Breedt nog lank nie gereed om van die nommer agt-trui ontslae te raak nie. Hy moet boonop eers by Tiaan Strauss en Pote Fourie verby kom. Dalk is vanjaar die jaar wat hy in die nommer twee-posisie inskuif.